



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA  
UNIVERSITY OF PRETORIA  
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**DIE PASTORALE BEGELEIDING VAN GESINNE**

**WAARIN KINDERMISHANDELING VOORKOM:**

**'N NARRATIEF-GESINSTERAPEUTIESE PERSPEKTIEF**

**DEUR**

**ANTON RUPERT FICK**

**voorgelê ter vervulling van 'n deel van die vereistes vir die graad**

**PHILOSOPHIAE DOCTOR**

**aan die**


**Teologiese Fakulteit (Afdeling B)**

**Universiteit van Pretoria**

**Pretoria**

**Promotor: Professor J C Müller**

**Oktober 1999**





## **Silent no more**

*generations bring down generations*

*filled with broken dreams*

*so-called happy families*

*that are not what they seem*

*we've been silent too long*

*breaking cycles upon cycles*

*that have gone on too long*

*showing the ugly side*

*that was hidden and wrong*

*facing all the fears*

*learning a new way*

*because it can't stay like this*

*it cannot stay this way*

*we've been silent too long*

*and now that we've found each other*

*there is one thing for sure*

*we won't be silent no more*

inspired from a poem by

Margie Thomas (1996)

in Dulwich Centre Journal (4) 1998

## VOORWOORD

Ek wil graag by voltooiing van hierdie studie 'n woord van opregte dank en waardering aan die volgende persone en instansies rig:

- Professor Julian Müller wat vir my 'n leermeester duisend was. As 'n persoon wat self lief vir mense is, kon hy my die kuns van intense betrokkenheid leer. Dankie vir soveel gesprekke, tyd, opofferinge—dit alles het my gemotiveer om dié studie te voltooi.
- Thea Heckroodt by die biblioteek van die Universiteit van Pretoria en Sarie Roderick van die Universiteit van Suid-Afrika, vir onbaatsugtige hulp, leiding en meelewing.
- Baie dankie aan die Universiteit van Pretoria vir finansiële steun om hierdie studie te kon doen.
- Hennah Larkins wat die taalversoring met presiesheid en noukeurigheid gedoen het.
- Nicoline Bouwer en Henk Janse van Rensburg vir die pragtige tikwerk en versorging, altyd met 'n glimlag.
- Die Nederduitse Gereformeerde gemeente Pierre van Ryneveld vir voorbidding, ondersteuning, studieverlof en baie geduld. Ook aan elke selgemeente wil ek dankie sê vir persoonlike belangstelling, bemoediging en voorbidding.
- Kollegas Gert Reinecke, Deon Lewis en Peter van Maarleveld vir gebed, begrip en ondersteuning.
- Adrie, my vrou, baie dankie vir jou liefde, hoë verwagtinge en ondersteuning. Daarsonder sou dit 'n steil pad gewees het.
- Aan my kinders: Andrea, Rupert en Marco—al het julle nie altyd die baie ure in die studeerkamer verstaan nie, het julle gesiggies en vrae my aan die gang gehou—baie dankie.
- My moeder, broers en suster, julle het my so goed gedra en bemoedig—ek is trots op julle.
- Dankie Here vir krag, gesondheid, deursettingsvermoë en talente van U ontvang.



## INHOUDSOPGAWE

### VOORWOORD

### HOOFSTUK 1: ORIËNTASIE

1.1	Navorsingsaanloop	1
1.2	Probleemstelling	3
1.3	Doelstelling	6
1.4	Navorsingsplasing	7
1.5	Navorsingsmetodologie	12
1.6	Navorsingskema	19

### A. DIE BESKRYWENDE BEWEGING

### HOOFSTUK 2: 'N VERKENNING VAN DIE GESIN WAARIN MISHANDELING VOORKOM

2.1	Inleiding	21
2.2	Die begrip kindermishandeling	21
2.2.1	Fisiese kindermishandeling	22
2.2.2	Seksuele kindermishandeling	24
2.2.3	Emosionele kindermishandeling	27
2.2.4	Kinderverwaarlosing	28



2.3	Die kind wat mishandel word	31
2.3.1	Risikofaktore	31
2.3.2	Die uitwerking van kindermishandeling op die kind	35
2.4	Die ouer wat 'n kind mishandel	43
2.4.1	Die kind word as onbelangrik in die samelewing beskou	43
2.4.2	Stres	43
2.4.3	Ondersteuningsstelsel	44
2.4.4	Rolmodelle	45
2.5	Die aard en omvang van kindermishandeling in Suid-Afrika	45
2.5.1	Inleiding	45
2.5.2	Die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing se verslag van 1996	46
2.5.3	Die navorsingsresultaat van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing se verslag van 1996	47
2.5.4	Opmerkings	52
2.6	Samevatting	54
 <b>B. DIE HISTORIESE EN SISTEMATIESE BEWEGING</b>		
 <b>HOOFSTUK 3: DIE VERSMELTING VAN HORIZONNE</b>		
3.1	Inleiding	58
3.2	Die sosio-kulturele agtergrond in die tyd van die Bybel	59
3.2.1	Die man en vrou se posisie in die Bybelse tyd	60
3.2.2	Die posisie van seuns en dogters	62
3.2.3	Primêre waardes	62

3.2.4	Magsposisies en verpligtinge	63
3.2.5	Die huwelik en kinders	64
3.2.6	Samevattende opmerkings	65
3.3	Die moderne wêreld	66
3.4	Die postmoderne wêreld	69
3.5	Teologie en die postmoderne wêreld	72
3.6	'n Christelike antropologiese perspektief	75
3.6.1	'n Verbondsperspektief	75
3.6.2	'n Holistiese perspektief	81
3.6.3	'n Verhoudingsperspektief	82
3.6.4	Samevatting	82
3.7	'n Christelike pneumatologiese perspektief	83
3.8	'n Teologies-etiese beskouing van die gesin, kind en kindermishandeling	85
3.8.1	Die gesin teologies-eties beskou	85
3.8.2	Die kind teologies-eties beskou	97

## D. DIE STRATEGIESE BEWEGING

### HOOFSTUK 4: GESINSTERAPIE EN 'N PASTORALE PERSPEKTIEF

4.1	Inleiding	105
4.2	Die herkoms van gesinsterapie	105



4.3	Eerste orde kubernetika	108
4.4	Tweede orde kubernetika	108
4.5	'n Pastorale perspektief	110
4.5.1	Inleiding	110
4.5.2	Ekosistemiese benadering	111
4.5.3	Ekohermeneutiese pastoraat	113
4.5.4	Die posisie van die pastor	116
4.5.5	Gesinsterapie as pastoraat van narratiewe betrokkenheid	117

## HOOFSTUK 5: DIE NARRATIEWE PARADIGMA EN DIE BESKRYWING VAN TWEE BENADERINGS

5.1	Inleiding	121
5.2	Belangrike boustene van die narratiewe paradigma	122
5.3	Die beskrywing van twee benaderings	137
5.3.1	Müller (1996)	137
	Müller (1998)	147
5.3.2	Freedman & Combs (1996)	151
5.4	Refleksie op die benaderings van Müller en Freedman & Combs	156

## HOOFSTUK 6: DIE VERHALE VAN GESINNE EN DIE NARRATIEWE BENADERING

6.1	Inleiding	160
6.2	Die verhaale van gesinne waar seksuele mishandeling voorkom	163



6.3	Dominante verhale	169
6.4	Eksternalisering	176
6.5	Die verhale van gesinne waar fisiese mishandeling voorkom	182

## HOOFSTUK 7: VERANTWOORDING EN REFLEKSIE

7.1	Terapeutiese optrede en verantwoordelikheid	187
7.2	Navorsingsevaluering en refleksies	192
7.2.1	Dit wat my sal bybly	194

<b>OPSOMMING</b>	196
------------------	-----

<b>SUMMARY</b>	198
----------------	-----

Bylaag A

Bylaag B

Bylaag C

<b>BIBLIOGRAFIE</b>	200
---------------------	-----



## Opsomming

In hierdie proefskrif word die pastorale begeleiding van gesinne waarin kindermishandeling voorkom, nagevors.

Die navorser het toenemend met gesinne waarin kindermishandeling voorkom te doen gekry. Daar bestaan by pastorale werkers (almal wat op een of ander wyse pastorale hulp verleen) onsekerheid en onkunde oor die begeleiding van hierdie gesinne. Daar bestaan ook 'n behoefte aan 'n pastorale benadering, aangesien kindermishandeling nog altyd binne die maatskaplike en psigologiese studievervelde geressorteer het.

Samelewingsprobleme, soos geweld, immorele dade en emosionele probleme gee dikwels tot kindermishandeling aanleiding.

Hierdie studie neem die narratiewe benadering as uitgangspunt en wil aan die hand van enkele gevallestudies, op die bruikbaarheid van die narratiewe benadering reflekteer. Die mens word binne sy lewensverhaal en konteks verstaan, want die praktiese teologie as handelingswetenskap, kies sy uitgangspunt in die ervaringswêreld van mense en die situasie van die kerk in die samelewing.

God het die mens as Sy verteenwoordiger en as kroon van die skepping gemaak. Met die sondeval het daar 'n skeiding in al die mens se verhoudings gekom. In sy genade rig God 'n verbond op waarin Hy homself aan die mens verbind. Die pastorale perspektief maak erns met die verhaal van 'n handelende Verbondsgod wat verlore mense red en in die versoeningswerk van Jesus Christus, Sy oneindige liefde vir die sondaar bewys.

Die Koninkryk van God kry in elke mens gestalte as die mens die waardes van die Koninkryk erken en daarvolgens lewe. Die waardes is liefde, geregtigheid, vrede en hoop. In die gesin waarin kindermishandeling plaasvind, ontbreek hierdie waardes dikwels, want mishandeling is teenstrydig met God se plan vir die gesin en kinders. Deur die simbiotiese werk van die Heilige Gees word die mens in nood op die toekoms gerig, met hoop, nuwe groeipotensiaal en oorwinning.

Die navorsing toon dat 'n gesin wat met sy noodstorie van mishandeling weer oor die toekoms, onder leiding van 'n bekende God begin droom, in die hede weer liefde, vrede, duursaamheid en veiligheid kan vind.

Die benaderings van Müller en Freedman & Combs, asook die benutting van die genogram, stel pastors in staat om, saam met die gesin waarin kindermishandeling voorkom, dominante verhale te dekonstrueer en 'n nuwe realiteit te konstrueer.

## Summary

This dissertation reports on a study of the pastoral counselling of families in which child abuse occurs.

As research progressed, the researcher came into contact with increasing numbers of such families. Many pastoral workers (this includes all those who render pastoral assistance of some kind) are not adequately qualified to work with these families, and their lack of knowledge gives rise to uncertainty. There is also a need for a pastoral approach, since child abuse has always fallen with the specific fields of study of Social Science and Psychology.

This study is based on the narrative approach and reflects on its usefulness by referring to a number of case studies. Since practical theology as an active science chooses as its point of departure the world as experienced by individuals, and the role of the church in society, man is viewed in the context of all his life experiences or his personal history.

God created man as His representative on earth and as the pinnacle of His creation. The Fall resulted in the disintegration of man's relationship with God and with his fellow men. In His mercy God established a covenant, binding himself to mankind. The pastoral perspective is serious about this God of the Covenant who acts to save those that are lost and who, through the redeeming work of Jesus Christ, demonstrates His boundless love for sinners.

The Kingdom of God is reflected in every person who acknowledges the values of the Kingdom and lives according to them. These values are love, justice, peace and hope. In families where children are abused, these values are often absent, since abuse is in conflict with God's plan for the family and for children. Through the symbiotic working of the Holy Spirit, people in need are helped to face the future with hope and a new potential for growth that can ultimately lead to victory.

The research revealed that a family with a history of abuse can, under the guidance of a God that they know, again begin to dream about the future and can once again experience love, peace, stability and security.

The approaches followed by Müller, Freedman & Combs, as well as the use of the genogram, enable pastors to assist members of families where child abuse occurs in deconstructing dominant experiences and constructing new realities.

## Hoofstuk 1: Oriëntasie

### 1.1 Navorsingsaanloop

Elke mens het 'n storie. Dit is die storie van sy hele lewe, van die begin af, deur die hede tot by die dood. Elkeen se storie is uniek soos die mens, om die waarheid te sê, die mens *is* sy storie. In hierdie lewenstorie is daar baie vreugdes en hoogtepunte, maar helaas, ook hartseer en laagtepunte. Van hierdie laagtepunte, sluit hartseer stories van kindermishandeling in.

Die mishandeling, verwaarlosing en selfs doodmaak van kinders het die afgelope aantal jare wêreldwyd drasties toegeneem. Hierdie skrikwekkende toename die afgelope tien jaar, tesame met 'n ekonomiese afswaai, laat gevaarligte vir hulpverleningswetenskappe en vir die toekoms flikker (Wolfe 1987:22). Dit is geen nuus dat kindermishandeling ook in ons land aan die orde van die dag is en geweldig toeneem nie.

Volgens die Sentrale Statistiekdiens is 373 mense in die twee jaar van Julie 1992 tot Junie 1994 van kindermishandeling aangekla. Koerant- en televisieberigte bevestig hierdie toename. Wat 'n mens egter opval, is die toenemende gevalle wat aangeteken word, vanweë 'n groter bewustheid onder die publiek rakende hierdie probleme, asook toenemende ekonomiese krisisse.

Ook in die VSA was die verswakking van die ekonomie 'n bepalende faktor in die toename van kindermishandeling en verwaarlosing (Weaver 1992:208). Die verkragting van kinders het die afgelope vier jaar met 200% toegeneem. Dié skoksyfer kan nog erger wees as in aanmerking geneem word dat dié styging slegs gevalle verteenwoordig wat by die polisie aangemeld is, lui 'n verklaring oor misdaad teen kinders wat in 1996 deur die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) in Pretoria uitgereik is.

Daar is in 1996, 11 167 verkragtings by die kinderbeskermingseenhede aangemeld. Die syfer is 45% hoër as dié van 1995. In 1993 is 3 698 verkragtings aangemeld.

Van Januarie tot Oktober 1996 het voorvalle van sodomie met 29% en dié van aanranding met 35% toegeneem. Tot Oktober 1996 is 29 491 voorvalle van kindermishandeling ondersoek. Dit is bykans 'n 1 000 meer as die vorige jaar. Daar word geraam dat meer as 'n miljoen sake van kindermishandeling teen die jaar 2000 ondersoek sal word as misdade teen kinders teen die huidige koers toeneem.

Die navorser (hierna word in die eerste persoon geskryf om daarmee getrou aan 'n postmoderne epistemologie te wees) het in 1993 as deel van sy M Div-studie (1993), intens bewus geword van kindermishandeling, tydens ondersoeke in gesinne waarin bloedskande voorgekom het. Toenemend leef kinders in huislike omstandighede wat daartoe lei dat die kind nie toereikende volwassenheid bereik nie. So 'n kind word in sy menswaardigheid gewond en in sy persoonsmoontlikhede beperk. (Voortaan sal na hy en hom verwys word wat net sowel as sy en haar vertolk kon word.) Fead (1985:99) vat dit mooi saam: "There is no denying that child abuse is a hot topic. But the problem existed before now and it certainly will continue to exist after it leaves the glare of publicity".

- Kindermishandeling is 'n ou probleem wat deur geslagte heen al baie hartseer en letsels gelaat het en waaroor nog baie geskryf en gepraat sal word. Ek is een van die predikante wat met onkunde en ongemak rakende kindermishandeling, gesinne moes probeer begelei. Ek is verder daarvan oortuig dat die sukkelende en kwynende maatskaplike dienste, nie in die toekoms die groeiende getal gevalle sal kan hanteer nie en dat baie van hierdie begeleiding op pastorale werkers (wat beteken predikante, pastors en terapeute—terme wat voortaan afwisselend gebruik sal word) se skouers sal rus. Ek is nou tien jaar in diens van 'n Nederduitse Gereformeerde Gemeente in Centurion, met meer as 'n duisend vyfhonderd kinders. Die gemiddelde ouderdom van die volwassenes is dertig jaar.

In hierdie jong gemeenskap het daar die afgelope tien jaar verskeie gevalle van kindermishandeling voorgekom. Ek het die nood jaar na jaar gesien en ervaar. Hierdie nood van kinders en natuurlik hulle ouers, het my gedring om verdere navorsing te doen.

Ek het die voorreg van 'n gebalanseerde en liefdevolle gesinslewe gehad. Daar was egter ook kere wat ek, in 'n huis met vyf kinders, om 'n plek en emosionele ondersteuning moes veg. Ek was die jongste van die vyf kinders en my oudste broer byna twaalf jaar ouer as ek.

Ons vader moes lang ure werk om die pot aan die kook te hou en my moeder het nooit buite die huis gewerk nie. Die gevolg hiervan was 'n baie hegte verhouding met my moeder en 'n afstandsverhouding met my vader. My pa, reeds twintig jaar gelede oorlede toe ek twintig jaar oud was, het by my die herinneringe gelaat van iemand wat reguit en streng was en nie maklik emosies gewys het nie.

Ek het behoefte aan 'n pa gehad wat my emosioneel ondersteun en begelei en soos die jare verloop het, het ek toenemend besef dat die skeidslyn tussen liefdevolle versorging en emosionele mishandeling, 'n haarbreedte kan wees ... dit was die aanloop tot hierdie studie.

In elke geloofsgemeenskap leef kinders op die skeidslyne van straf en fisiese mishandeling, liefdevolle versorging en emosionele mishandeling, sorgbehoewendheid en verwaarlosing, onsekere seksualiteit en 'n bloedskandelike verhouding.

## **1.2 Probleemstelling**

Die hele saak van kindermishandeling het deur die jare heen hoofsaaklik binne die maatskaplike en psigologiese studieveld (vergelyk Barnard 1988, Geldenhuys 1986, Klopper 1992) tuisgehoort. Uit die bestudeerde literatuur blyk dit dat daar in die praktiese teologie, nie voldoende bestudering ten opsigte van die bewusmaking en begeleiding van hierdie gesinne gedoen is nie.

Die tema van kindermolestering het heelwat aandag gekry, maar dit is maar een verskynsel van kindermishandeling. Dit was nogal interessant dat wanneer predikante vra waarom ek navorsing doen en ek sê oor kindermishandeling, die antwoord gewoonlik is: "O ja, kindermolestering!"

Dikwels is gesinne waarin kindermishandeling voorkom in geloofsgemeenskap en in heelwat studies wil dit voorkom of kenner op die gebied van mishandeling, enersyds nie juis 'n rol aan die kerk toeken nie (De Jongh Van Arkel 1985:55) en andersyds vanuit 'n modernistiese paradigma hieroor besin.

Hierdie ondersoek word vanuit 'n narratiewe paradigma benader. In die hoofstukke wat volg, sal die begrippe modernisties en narratiewe paradigmas verder belig word.

In Suid-Afrika is die tema van kindermishandeling tans so aktueel en tog is die direkte kerklike en teologiese betrokkenheid minimaal. Kindermishandeling word moeilik openlik bespreek, vanweë die persoonlike en intieme karakter daarvan. Die aard van die gebeure lê op so 'n sensitiewe vlak en dit is verstaanbaar dat mense liever hieroor wil stilbly. Tog is dit jammer dat die kerk (en spesifiek predikante) nie lankal meer betrokke geraak het nie, veral omdat dit reeds algemeen aanvaar word dat die kerk in gemeenskaps- en geestesgesondheid tuishoort. "Verkragting en mishandeling is nie net sosiale of mediese probleme nie, maar in die kern daarvan teologies-godsdienstige probleme" (De Jongh Van Arkel 1985:54).

Daar is dus enersyds onkunde en oningeligtheid en andersyds 'n soeke na moontlike pastorale benaderings vir die begeleiding van gesinne waarin kindermishandeling voorkom.

As kindermishandeling aan die toeneem is, ontstaan die vraag by my in welke mate predikante (en almal wat pastorale hulp verleen), toegerus is om hierdie gesinsprobleem te hanteer en pastoraal te begelei. Weaver (1992:208) bevestig dit as hy sê dat kindermishandeling 'n groot probleem is en dat pastorale werkers nie toegerus is nie.

Juis teen die agtergrond daarvan dat predikante dikwels van eensydigheid en vooroordele beskuldig word, asook 'n eng verwysingsraamwerk of paradigma, is dit noodsaaklik dat pastors van kindermishandeling kennis neem.



Predikante kan maklik van rigiditeit beskuldig word en sonder veel begrip 'n gesin, waarin kindermishandeling voorkom, probeer begelei. Weaver (1992:208) se opmerking is baie treffend:

Even recently published and revised texts respected in the field of crisis intervention and pastoral counselling which are otherwise thorough make no or only cursory reference to child maltreatment.

Die meeste predikante het min of geen formele opleiding of toerusting in die begeleiding van gesinne waarin kindermishandeling voorkom. Die meeste van hierdie gevalle word na maatskaplike en sielkundige professies verwys en tog sê Weaver (1992:208) dat al hoe meer Amerikaners, selfs soveel as vier uit elke tien persone, 'n predikant vir persoonlike en gesinsprobleme opsoek.

In die plaaslike gemeente is dit ook my gewaarwording dat al hoe meer kindermishandeling voorkom en dat mense om begeleiding vra. Dit beklemtoon die feit dat pastorale werkers kennis sal moet neem van die omvattende verskuiwing wat in die teologiese wêreld aan die gang is. "Sosiale vraagstukke en veranderinge het teoloë gedwing om hulle eie denkpatrone en -kategorieë te herevalueer" (De Jongh Van Arkel 1985:58). Daar mag nie 'n kloof wees tussen wat die kerk behoort te doen en wat gedoen word nie.

Daar bestaan ook 'n sterk verband tussen samelewingsprobleme en kindermishandeling, soos byvoorbeeld: erge emosionele probleme, geweld, kriminele oortredings, tienerselfmoorde, weglopery en immorele dade. Dit het tyd geword dat predikante en beraders opgelei en toegerus moet word in die identifisering en voorkoming van kindersmishandeling, asook in die ondersteuning en begeleiding van gesinne waarin dit voorkom.

Op die vraag wat die navorsingsprobleem is, is die antwoord dat pastorale werkers:

- nie *genoegsame kennis van kindermishandeling* het nie; en
- 'n behoefte aan 'n *benadering* het om hierdie gesinne *pastoraal te begelei*.

### 1.3 Doelstelling

Die navorsing beoog om op *twee sake* te konsentreer:

1.3.1 Om vir pastorale werkers *genoegsame kennis* te verskaf. Ten einde hierdie doel te bereik, word 'n verkennende studie van kindermishandeling en die gesin waarin dit voorkom, gedoen. Die uitwerking wat kindermishandeling op die gesin en kind het, word uitgewys.

- Alle begrippe soos *narratief, pastoraal, gesinsterapie* en *kindermishandeling* word omskryf; en
- Die komplekse probleem van kindermishandeling, asook die uitwerking daarvan op die gesin en kind, word onder die loep geneem.

1.3.2 Om aan die hand van die verkenning, twee *narratief-gesinsterapeutiese* gespreksbenaderinge as 'n *kommunikatiewe handeling* te beskryf. 'n Onderzoek word derhalwe ingestel na die moontlike bruikbaarheid van hierdie benaderinge, om die gesin waarin kindermishandeling voorkom, *pastoraal te begelei*.

Om hierdie doel te bereik sal:

- die *pastoraat van narratiewe betrokkenheid*, as uitvloeisel van die *ekohermeneutiese paradigma* beskryf word en aangedui word hoe hierdie *narratief gesinsterapeutiese benadering* gebruik word;
- *gevalllestudies* deurgaans gebruik word om die teorie verder te beskryf.

#### 1.4 Navorsingsplasing

Die navorsing word binne die praktiese teologiese raamwerk en spesifiek binne die pastoraat gedoen. Die uitgangspunt in hierdie studie is dat die praktiese teologie 'n selfstandige teologiese handelingswetenskap is, "dus als het vakgebied binne die teologie waar het handelen van de pastor wordt geanalyseerd naar zijn verschillende theoretische en praktische aspecten, en wel in hun onderlinge wisselwerking en samenhang, in de context van de moderne samenleving" (Menken-Bekius 1998:14).

Om die praktiese teologie as handelingswetenskap te beskryf, beteken om die handeling van mense in konkrete situasies ernstig op te neem. Alle geloofshandeling in die kerk en in die breër samelewing word bestudeer (Pieterse 1993:1–4; Van der Ven 1993:34–39).

Schleiermacher het, volgens Louw (1993:70), met sy teologiese bydrae die weg vir die moderne praktiese teologie gebaan. Na die negentiende eeu was die natuurwetenskap die oorheersende paradigma. Dit het beteken dat kennis objektief deur empiriese waarneming verkry word (Pieterse 1993:56). Verskeie teorieë sou mettertyd van hierdie paradigma wegbeweeg en die bydraes van Gadamer, Ricoeur en Habermas is sprekende voorbeelde hiervan.

- Gadamer (1982) spreek in sy boek "Wahrheit und Methode" onder andere kritiek uit teenoor die metodes van kennisversameling. Met die hermeneutiese bydrae van Gadamer word 'n tree weg van die positivistiese wetenskapsbenadering gegee.
- Volgens Ricoeur (1991) is tekste outonoom en die bestudering van hierdie tekste vra na objektiwiteit. Hy stel volgens Pieterse (1993:86) 'n kritiese hermeneutiek en 'n hermeneutiese metodologie aan die orde. Met die handelingsteorie van Ricoeur word ruimte vir *begrip en verklaring*, binne 'n hermeneutiese raamwerk geskep.

- Habermas (1972, 1982) se handelingsteorie lê die klem op die noue verbondenheid tussen waardes en die wetenskap. Die wetenskap verloor so sy betekenis en het niks vir die mens te sê nie. Pienaar (1996:15) vat dit mooi saam:

Terwyl Gadamer 'n ontologie van verstaan geskep het, het Ricoeur gewys dat verstaan en verklaar mekaar voortdurend oproep en vanuit Habermas se handelingsteorieë het dit duidelik geword dat hermeneuse onvermydelik 'n emansipatoriese belang het wat weer om 'n nuwe verstaan en verklaar vra.

Met die opkoms van die kommunikatiewe handelingsteorie en die metodologiese model van Zeffass, is die vakgebied dus in 'n nuwe koers gestuur. Verder het 'n doelgerigte narratiewe perspektief die hele kommunikasieproses binne die totale ekosisteem nog verder verstaanbaar gemaak en verfyn. Op die wyse word van " 'n inklusiewe denkraamwerk" gepraat, wat verskillende teorieë akkommodeer en ons so van wetenskaplike eksklusiwiteit vrywaar (Müller 1996:4).

Die mens kan op baie maniere verstaan word—antropologies, psigologies en sosiologies, maar ek wil in hierdie studie mense binne hul lewensverhaal en konteks verstaan. Soos Kellerman (1993:57) sê: "vanuit die hoek van dinge wat met hom gebeur en sy lewe beïnvloed" en Louw (1998:3) sê: "Pastorale teologie is nadenke oor die betekenis en sin van die menslike situasie en konteks coram Deo."

Een van die grootste pluspunte is die openheid van die *interdissiplinêre benadering*. Die praktiese teologie het sy eie benadering, objek en metodologie, maar as handelingswetenskap is die praktiese teologie met die beskrywing en verklaring van die sosiale en menslike werklikheid besig (Heitink 1993:146) en is daarop gerig om die werklikheid te beïnvloed en te verander. Die praktiese teologie as handelingswetenskap word onteenseglik aan die sosiologie as "handels"-vennoot gekoppel (Louw 1996:24; Heitink 1993:13).

Van der Ven (1993:385) sê dat die kerk binne moderne lewensprosesse op kwaliteitsorg en diensverlening ingestel moet wees.

Die praktiese teologie kies sy uitgangspunt in die ervaringswêreld van mense en die situasie van die kerk in die samelewing (Louw 1996:31). Louw (1996:35) skryf heelwat oor die woord pluraliteit. Hy sê die praktiese teologie moet hom op differensiasie en verskeidenheid rig. Die kerk moet met openheid en variasie rekening hou en sal 'n verskeidenheid van gestaltes moet aanneem en met verskillende modelle moet werk. "n Hermeneutiese aanpak het noodwendig 'n verskeidenheid interpretasiemodelle tot gevolg".

Pieterse (1991:1) sê die volgende oor dieselfde saak:

...die praktiese teologie is daardie deel van die teologie wat krities nadink oor die handeling van mense wat daarop gerig is dat God en Sy Woord by mense uitkom en in mense se lewens gestalte kry. Die praktiese teologie het as objek die geloofshandeling van mense.

Dingemans (1996:68) verwoord die praktiese teologie so:

... het gaat in de praktische theologie om ' transformatie' en 'verbetering' van de huidige praktijk – en zoms zelfs om 'intervensie' – op grond van de analyse van de situatie, de achterliggende motieven en de theologische visie van de geloofsgemeenschap. Het doel van alle praktisch theologisch onderzoek – en dus ook de maatschappelijke en kerkelijke relevantie – is gelegen in het formulering van aanbevelingen voor een betere praktijk.

Müller (1996:5) omskryf die praktiese teologie soos volg:

Die Praktiese Teologie is die sistematies-gestruktureerde, voortgaande hermeneutiese proses, waardeur gepoog word om menslike handeling, wat verband hou met die verhale van die Christen-geloofsgemeenskap, teologies te verhelder en vernuwe.

Daar bestaan dus 'n wisselwerking tussen teorie (dink) en praktyk (handel). Die een is nie bo of belangriker as die ander nie. Die teorie moet voortdurend aan die praktyk getoets word en die praktyk moet vanuit die teorie onder kritiek kom (Heitink 1993:146). Dit laat by my die vraag wat die onderskeid tussen praktyk en praxis is.

Ek sluit by Browning (1991:34) en Müller (1996:1) aan as hulle die tweedeling van teorie en praktyk asook die onderskeid tussen meta-, basis- en praktykteorieë vermy en die prakties-teologies wetenskaplike proses ten opsigte van *praktiese wysheid* definieer.

'n Geïntegreerde, sirkulêre model van heen en weer beweeg tussen praktyk en teorie, in Müller se woorde (1996:1), skemer ook by Heitink (1993:151) en Zeffass (1974) deur. Die vertrekpunt is 'n prakties-teologiese wysheid, wat na 'n waardegeoriënteerde diskoers verwys en wat uit die sirkulêre wisselwerking tussen praktykervaring en kennis van bestaande teorieë bestaan (Müller 1996:1,2). Dis 'n teologiese integrasie van 'n praktyk-teorie-praktyk benadering (Heitink 1993:151).

Die praktiese teologie wil die *praxis* as vertrekpunt neem, met voortdurende wisselwerking tussen teks en konteks, teorie en praxis in 'n sirkulêre proses. Die praktiese teologie maak die wisselwerking tussen evangelie en mense verstaanbaar (Pieterse 1991:8).

Die praktiese teologie moet die werklikheid waarin die gemeente van die Here bestaan, deeglik ondersoek en vanuit 'n *ekosistemiese perspektief* en die geloofspraktyk as invalshoek verstaan.

Dis 'n *holistiese* blik op die geheel, waarin die totale omgang, verhoudinge, reaksies en optrede in woord en daad tussen mense binne 'n bepaalde konteks verstaan word. In 'n holistiese benadering hou alles met alles verband en dit wat klein is, kry sin en waarde, omdat dit 'n rol in die geheel vervul en dit wat groot is, nie sonder die kleine kan bestaan nie. Dis 'n vervlegte web waarin alles deel van alles is en interafhanklik funksioneer. Daar kan nie eensydig net op die individu of die groep of gesin gefokus word, sonder om die holistiese perspektief te verreken nie.

Müller (1996:4) gebruik die begrip *narratiewe* as beskrywing van die studieveld om die begrip kommunikatiewe handeling te verstaan. Alhoewel die praktiese teologie die Christelike kommunikatiewe praxis vanuit 'n empiriese benadering bestudeer, is dit 'n teologiese vak met 'n eie teologiese identiteit. Ek sluit graag by Pieterse (1991:8) aan as hy sê dat dit moontlik is om 'n praktiese teologie te bedryf waarin teorie en praktyk, Woord en werklikheid in 'n bipolêre spanningseenheid op mekaar betrek kan word:

Die praktiese teologie bestudeer die handeling eerste, met die Woord as kenbron en norm, maar dit funksioneer op 'n indirekte wyse sodat teologiese insigte uitgebrei en verryk word deur ander sekulêre menswetenskappe, binne 'n bepaalde konteks, met die oog op verandering van die gegewe situasie.

Die studie word in 'n onderafdeling van die vakgebied praktiese teologie, naamlik die *pastoraat* gedoen. Ek sluit hierin by Tieleman (1993:13–15) aan wanneer hy van die verskuiwing vanaf 'n kerugmatiese na 'n deelnemende en van 'n terapeutiese na 'n hermeneutiese pastoraat praat. Die woord *hermeneutiek* beteken: *sê, uitlê, vertaal, aankondig*, in die sin van interpreteer (Heitink 1993:175). Die hermeneutiese pastoraat wil die mens se lewensverhaal rekonstrueer en reeds hier is daar 'n noue verband tussen die hermeneutiese en narratiewe benaderings (Müller 1996:15).

Müller gaan verder as hy nie net van 'n hermeneutiese pastoraat wil praat nie, maar van 'n ekohermeneutiese pastoraat. "Wat in die pastorale proses moet gebeur, is dat 'n situasie van egte *soeke na sin* gefasiliteer word " (Müller 1996:14). In die mens se soeke na sin is daar volgens Louw (1998:2) drie basiese eksistensiële probleme wat uit 'n geloofsperspektief moet aandag kry:

- die mens se angs; dit sluit die mens se vrees vir verwerping, isolasie en angs vir die dood in ;
- die mens se skuld en skuldgevoelens ;
- die mens se ervaring van sinloosheid en wanhoop wat dikwels tot vertwyfeling aanleiding gee.

Die lewe het sin wanneer dit in 'n groter geheel ervaar word. Op hierdie wyse kom daar 'n "geheelervaring", 'n opname van die pastor in die "betekenisgeheel" (Müller 1996:14). Ekohermeneutiek het dus met die wydste moontlike begrip en interpretasie van 'n verhaal te doen.

Die ekohermeneutiese paradigma plaas die pastoraat binne 'n sosiaal-konstruksionistiese raamwerk (om dit hier van konstruktivisme te onderskei). Die klem val op die verstaan van die geheel en die ontdekking van die betekenis van hierdie geheel binne 'n bepaalde konteks. "Die pastor en die persone in terapie word medekonstrueerders van 'n gedeelde realiteit" (Müller 1996:16). Almal soek na die waarheid en so word die ervaringswêreld van die persone in terapie ontgin.

### **1.5 Navorsingsmetodologie**

In 1.4 is reeds na die metode van Browning (1991) en Müller (1996) verwys om hierdie studie op *prakties-teologiese wysheid* te baseer. Die tweedeling van teorie en praktyk word hierdeur vermy, en die onderskeid tussen meta-, basis- en praktykteorieë word onder die loep geneem. 'n Heen en weer beweging tussen teorie en praktyk binne 'n sirkulêre model word dus gevolg.



Browning (1991) se model definieer die prakties-teologiese proses ten opsigte van *practical wisdom* (phronesis). "Theology can be practical if we bring practical concerns to it from the beginning" (Browning 1991:5). Hier sluit hy by Aristoteles en Gadamer aan.

*Phronesis* word van *theoria* of basisteorie onderskei ("What is the case? What is the nature of things?" Browning 1991:10) en van *techné* of praktykteorie ("What are the most effective means to a given end?" Browning 1991:10). Praktiese denke is ryk, kompleks en multidimensioneel. Die vraag wat 'n navorser vra, is nie slegs: "Wat het jy geleer?" nie, maar ook: "Hoe het jou belangstelling en sosiale konteks jou vrae beïnvloed?" (Browning 1991:22).

Volgens Browning is pronesis nie die toepassing van abstrakte beginsels op konkrete situasies nie, maar 'n wisselwerking tussen praktyk-ervaringe en kennis van bestaande teorieë. Sy benadering tot die wetenskaplike proses in die praktiese teologie, is 'n heen en weer beweging tussen teorie en praktyk. Ook Heitink (1993:15) en Zeffass (1974) sluit hierby aan.

Die pastor staan nie voor God, die Woord en die praktiese situasie soos skoon leiklip wat net gevul moet word en in 'n praktiese situasie ingedruk moet word nie. "We come to the theological task with questions shaped by the secular and religious practices in which we are implicated—some uncomfortably" (Browning 1991:5). Hy gaan verder en sê dat teorie nie van praktyk onderskei kan word nie. "All our practices, even our religious practices, have theories behind and within them" (Browning 1991:5).

Hier wil ek graag by Müller aansluit wat sê dat daar nie net van *praktiese wysheid* gepraat moet word nie, maar van *prakties-teologiese wysheid*, omdat dit vir hom oor 'n teologiese integrasie van teorie en praktyk gaan (Müller 1996:2). Ek is van mening dat Browning (1991:7) dit ook so sien: "I will be claiming that Christian theology should be seen as practical through and through and at its very heart".

Hierdie studie sou graag wil wegbeweeg van 'n dualistiese benadering waarin teorie eers fyn geformuleer en dan in die praktyk toegepas word. Die uitgangspunt bly prakties-teologiese wysheid wat in 'n sirkulêre praktyk-teorie-praktyk beweging uitmond. Met so 'n benadering vind die praktiese teologie sy plek as volwaardige vennoot in die geesteswetenskappe (Müller 1996:3). "I argue that theology as a whole is fundamental practical theology and that it has within it four submovements of descriptive theology, historical theology, systematic theology and strategic practical theology" (Browning 1991:8).

Ek volg in hierdie proefskrif *Browning se model van vier bewegings*. Dit is dus 'n beweging van praktyk na teorie en terug na die praktyk, want dis die natuurlike menslike denke. "Theory is always embedded in practice" (Browning 1991:9).

Die vier bewegings volgens Browning (1991:8), hanteer ek soos volg in die studie:

- Die eerste beweging: *Beskrywend*

Hoofstuk twee vorm die dik beskrywende deel. "...it attempts to analyze the horizon of cultural and religious meanings that surround our religious and secular practices" (Browning 1991:47). Hierdie breë beskrywing sluit onder andere my persoonlike betrokkenheid en motivering in. Dit word al in die navorsingsaanloop aangeraak. Daar word met eie vooroordele en voorverstaan rekening gehou.

Onderhoude en gevallestudies word reeds van die begin van die studie af geïntegreer. Daar sal wel verdere gevallestudies in hoofstuk 6 gereflekteer word en die empiriese materiaal is beskrywend van aard.

Verder sal ook godsdienstig-kulturele betekenis rondom kindermishandeling ter sprake kom. Die term *beweging* is so wyd as moontlik geïnterpreteer, ten einde by die sielkunde, maatskaplike werk en nie wetenskaplike beriggewing uit koerante en tydskrifte aan te sluit. Ek het baie byval gevind by Browning se "...thick description of situations" (1991:94).

Daar is in hierdie volle deskriptiewe taak plek vir ander dissiplines ook. So kom hy daarmee weg dat net sekulêre dissiplines soos byvoorbeeld die psigologie, sosiologie en antropologie gebruik word om situasies te beskryf.

Die teologie het nie 'n plek in hierdie beskrywing nie. "Theology, some people think, comes in only at the point of the answer to the problems situations pose" (Browning 1991:77). Die werk van die teologie was, histories gesien, om die plaaslike gemeente te bestudeer, maar om gemeentes te verstaan, was die werk van die sosiale wetenskappe! Ons het nie die rol van die teologie in die beskrywing verstaan nie, omdat daar nie 'n hermeneutiese begrip van die beskrywende taak was nie. "They saw the social sciences as more or less objective and value-neutral disciplines" (Browning 1991:78). Die hermeneutiese karakter van die menslike wetenskappe is buite rekening gelaat. "Hermeneutic perspectives are now having a significant impact on the human sciences" (Browning 1991:80).

Teoloë en kerke het al meer die menslike wetenskappe betree en gebruik en daarom is dit uiters noodsaaklik dat die praktiese teologie 'n sterk en positiewe verhouding met die moderne menslike wetenskappe sal hê. Browning (1991:81) verwys na Gadamer en ook Ricoeur, om die gevaar van metodiek in menslike wetenskappe uit te wys. Navorsers het hulle van die objek van studie en van die kulturele en religieuse tradisies wat hulle gevorm het, gedistansieer. Vooroordele word op hierdie wyse ook geëlimineer.

- Die tweede en derde beweging: *Histories en sistematies*

Ek voeg die tweede en derde bewegings saam in hoofstuk drie

Onder die historiese beweging vra Browning (1991:49): "Watter betekenis het die normatiewe teks wat al deel van ons huidige geskiedenis is, vir ons praxis, wanneer dit so eerlik moontlik gekonfronteer word?" Die historiese beweging hanteer al die vrae wat uit die breë beskrywing van die beskrywende beweging na vore kom.

Die sistematiese beweging is die *versmelting van twee horisonne*, naamlik die huidige praktyk en die Christelike tradisie. "This fusion between the present and the past is much different from a simple application of the past to the present" (Browning 1991:51). Die sentrale temas wat uit die historiese beweging na vore kom, word in ooreenstemming met die Christelike tradisie gebring, wat 'n kritiese dialoog tot gevolg het.

- Die vierde beweging: *Strategiese beweging*

In hierdie beweging kom die begeleidingsmodel wat die strategie rig, ter sprake. Ek het die pastoraat van narratiewe betrokkenheid van Müller (1996) gekies. Hoofstukke vier tot sewe gee volledig hieraan aandag, en is met toepaslike gevallestudies geïntegreer. Die strategiese beweging is nie meer die toepassing in die praktyk nie, maar die besig wees met vrae uit die praktyk. Die toepassing is reeds van die begin af teenwoordig. "Questions animate thinking. Questions are formed by the problems of life that impede our actions" (Browning 1991:55).

Browning (1991:55) gaan voort en sê dat daar basies vier vrae is wat in die strategiese beweging gevra word.

- Hoe verstaan ons hierdie konkrete situasie waarin ons moet handel?
- Wat moet ons *praxis* in hierdie situasie wees?
- Hoe verdedig ons die norms van ons *praxis* in hierdie situasie krities?
- Watter wyses, strategieë en retorieke moet ons in hierdie situasie gebruik?

Vir die ondersoek soos verder uiteengesit, is daar 'n paragraaf wat vir my tot nadenke gestem het. "The human sciences collapses into hermeneutics, explanation into interpretation, theory into narrative. All becomes understanding, interpretation, narrative" (Browning 1991:83). Die narratiewe is noodsaaklik om ons te help om van die verlede na die hede te kom. "Narrative theory has had an increasingly powerful impact on recent moral philosophy" (Browning 1991:101). Om 'n religieuse horison te hê, moet beskrywing nie van ander menslike wetenskappe geskei word nie.

Die praktiese teologie gebruik die teorie-praxis-verhouding as metode en werkswyse om 'n greep op die veld te kry (Pieterse 1993:35). Teorie en praxis is interafhanklik van mekaar en beïnvloed mekaar voortdurend (Heitink 1993:174) en is verder onlosmaaklik aan mekaar verbonde sonder om in 'n *bipolêre spanningsverhouding* geskei te word (Pieterse 1993:35).

In hierdie studie word daar *intradissiplinêr* gewerk, soos deur Van der Ven (1994:9) beskryf word. Dit beteken eenvoudig dat metodes uit ander wetenskappe binne die eie vakgebied gebruik word. Van der Ven (1994:7) stel dit so :

What does intradisciplinarity mean? In the general epistemological sense, it refers to the borrowing of concepts, methods and techniques of science by another and the integration of these elements into the other science.

Volgens Pieterse (1991:35) is *intradissiplinêr* wanneer elke vakgebied sy eie empiriese ondersoeke met eie teorieë onderneem en konsepte, metodes en tegnieke van ander vakwetenskappe oorneem en in 'n eie aanpak integreer.

Wanneer daar in die teologiese besinning oor kindermishandeling van sosiaal wetenskaplike metodes gebruik gemaak word, staan die evangelie van Jesus Christus nog steeds sentraal. Binne die raamwerk van die praktiese teologie as handelingswetenskap, word paradigmas en metodologieë aan ander wetenskapsvelde, soos die menswetenskappe ontleen, en dan spesifiek die sosiale wetenskappe (Heitink 1993:106).

In hierdie studie word ook van konsepte, tegnieke en metodes gebruik gemaak wat met die teologiese navorsing geïntegreer word, om sodoende nuwe strategieë te ontwikkel en tot nuwe insigte te kom. Müller (1996:2) praat van *prakties-teologiese wysheid*, omdat dit om 'n teologiese integrasie van teorie en praktyk gaan. Deur van ander dissiplines gebruik te maak, word die *teologiese navorsing verbreed en verdiep, deur ander insigte, metodes en tegnieke*.

Hier sluit ek graag verder by Van der Ven (1994:9) aan as hy sê dat die praktiese teologie poog om die moderne mens teen die agtergrond van vandag se Christendom te bestudeer. Van der Ven (1994:10) sê verder:

Practical theology has to interpret the multidimensional modernization and the multidimensional secularization process as a stimulus, as a challenge, as a invitation to advance the aculturation process of the christian religion in the modern world.

Hierdie is 'n *empiriese ondersoek* binne 'n *ekohermeneutiese raamwerk*, waarbinne verandering 'n *narratiewe* saak is. Verandering vind plaas waar narratiewe betrokkenheid ervaar word (Müller 1996:102). Deur die vertel van verhale, die herinterpretasie en rekonstruksie van die kernverhaal, vind verandering plaas. Dit alles geskied binne die holistiese blik op die werklikheid en word in 'n ruimte van pastorale betrokkenheid gefasiliteer. Dis 'n grondige herskryf van die lewensverhaal tot in sy kern. Die Skrif bly die kernbron en norm, maar funksioneer op 'n indirekte wyse. Die teologiese insigte word deur ander sekulêre menswetenskappe, met inagneming van die konteks, uitgebrei en verryk.

Hierdie beskrywende studie beoog om vanuit 'n praktykteorie en 'n basisteorie tot 'n *verstelde praktykteorie* oor kindermishandeling te kom. Hoewel daar heelwat literatuur oor kindermishandeling voorkom, is 'n *pastoraal, narratief-gesinsterapeutiese benadering* om gesinne waarin kindermishandeling voorkom, te begelei, nog nie beskryf nie.

In hierdie studie word daar van *kwalitatiewe metodes* gebruik gemaak, wat beteken dat die veld minder gestruktureerd benader word, teenoor die meer geformaliseerde en geïnventariseerde benadering van kwantitatiewe metodes (Mouton en Marais 1988:164). Daar word gepoog om met so min as moontlik vrae na die studieveld te kom. Kwalitatiewe metodes vra na prosesse en na ervarings van individue in hul onderskeie kontekste en hoe hulle daaraan betekenis gee (Denzin & Lincoln 1994:4).

Ek kies 'n kwalitatiewe metode, omdat die doelstellings van die navorsing, die mate van geldigheid wat die navorsing beoog, die hoeveelheid kennis wat reeds oor die beoogde studieveld beskikbaar is, asook my persoonlike voorkeur, my daartoe lei (Mouton en Marais 1988:161–174).

In die praktiese teologie is die *induktiewe en deduktiewe denke* baie bruikbare gereedskap (Pieterse 1993:35). Die studie is *induktief*, omdat ek deel word van die situasie of proses en dit derhalwe van binne af beskryf word. By 'n induktiewe benadering is 'n kwalitatiewe navorsingstrategie meer gepas (Mouton en Marais 1988:70).

Verder word *onderhoudsgesprekke* wat oop, half- of gestruktureerd kan wees, met gesinne binne die pastoraal narratiewe benadering gebruik.

Die navorsing kan beskryf word as 'n *verkennende en 'n beskrywende* studie met benutting van *gevallestudies*, alhoewel daar ook ander gevalle gebruik word, waarin daar na interne geldigheid gestreef word (Mouton en Marais 1988:51). Vir die verkenning, waarneming en beskrywing word 'n *literatuurstudie*, asook *gevallestudies* en *persoonlike gesprekke met kundiges* onderneem. *Koerante, tydskrifte* en *artikels* sal ook gebruik word.

## **1.6 Navorsingskema**

Oriëntasie: Hoofstuk 1

In hoofstuk 1 is 'n inleidende oriëntering gegee.

### **A. Die beskrywende beweging: Hoofstuk 2**

In hoofstuk 2 val die fokus op 'n verkenning van die gesin waarin kindermishandeling voorkom, saam met die bekendstelling van die gevalle waarmee ek gewerk het. Eerstens word daar in die besonder op die kind wat mishandel word, gefokus. Die uitwerking en gevolge wat mishandeling op die kind het, word onder die soeklig geplaas. Tweedens word daar op

die ouers gefokus en word die tipiese kenmerke en funksionering van die ouers beskryf, asook die uitwerking en gevolge van mishandeling op hulle. Die aard en omvang van kindermishandeling in Suid-Afrika word ook belig, met spesifieke verwysing na die RGN-verslag van 1996 en die hoofstuk word met samevattende opmerkings afgesluit.

### **B. Die historiese en sistematiese beweging: Hoofstuk 3**

In hoofstuk 3 kom die sosio-kulturele agtergrond van die kind en die gesin in die tyd van die Bybel, aan die orde. Dan kom die moderne en postmoderne wêreld onder die soeklig. Vervolgens word 'n Christelike antropologie en pneumatologiese beskouing gegee. Teologies-etiese beskouinge van die gesin, kind en van kindermishandeling geniet verdere aandag.

### **C. Die strategiese beweging: Hoofstuk 4 tot 7**

In hoofstuk 4 word gesinsterapie en 'n pastorale perspektief beskryf. Die ekosistemiese en ekohermeneutiese paradigmas, asook die posisie van die pastor word beskryf.

In hoofstuk 5 word die narratiewe paradigma en die beskrywing van twee benaderings, te wete Müller en Freedman & Combs, weergegee.

In hoofstuk 6 word verdere verhale van gesinne waarin kindermishandeling voorkom, asook die benutting van die narratiewe benadering, weergegee.

In hoofstuk 7 word 'n samevattende verantwoording en refleksie wat uit die ondersoek voortvloei, aangebied.



## **A. DIE BESKRYWENDE BEWEGING**

### **Hoofstuk 2: 'n Verkenning van die gesin waarin mishandeling voorkom**

#### **2.1 Inleiding**

In hierdie hoofstuk word 'n verkennende literatuurstudie oor die mishandelde kind en die ouer wat by mishandeling betrokke is, gedoen. Daar word ook op die gesin waarin kindermishandeling voorkom gefokus. Die aard en omvang van kindermishandeling in Suid-Afrika, na aanleiding van die Raad vir Geesteswetenskaplike navorsing (RGN) se verslag van 1996, word in oënskou geneem en die hoofstuk word met samevattende opmerkings afgesluit.

#### **2.2 Die begrip kindermishandeling**

Die leser het met die navorsingsaanloop intens bewus geword van die geweldige toename in kindermishandeling. Nie net in Suid-Afrika nie, maar regoor die wêreld, is daar 'n groter bewustheid van kindermishandeling. Met die moderne tegnologie en die koms van die internet, kan 'n mens verwag dat kinders toenemend mishandel en misbruik sal word, tot voordeel van volwassenes.

Kindermishandeling kom onder alle bevolkingsgroepe en nasionaliteite voor. Die opvoedkundige kwalifikasies, intellektuele vermoëns, inkomste of geslag van die volwassene maak geen verskil nie. Die grootste groep mishandelde kinders is tussen die ouderdom van ses en tien jaar, hoewel mishandelde kinders wat jonger as twee jaar is, ook al aangemeld is. Die meeste kinders word deur hulle eie pa's, of deur die ma's en stiefouers mishandel.

614 26 2265  
11455 2413

Kindermishandeling is 'n oorkoepelende begrip vir vier vorme van mishandeling. Die vier vorme wat ek graag wil bespreek, in aansluiting by Weaver (1992) en Pretorius (1990:238) is:

- Fisiese mishandeling
- Seksuele mishandeling
- Emosionele mishandeling en
- Verwaarlosing

### 2.2.1 Fisiese kindermishandeling

Enige persoon wat 'n kind onder sy toesig beseer, maak hom aan fisiese kindermishandeling skuldig. Die fisiese mishandeling van kinders, word volgens Finkelhor (1990:25–26), Fead (1985:2), Carl (1987:16–17), Winship (1989:14–15), Amdi (1990:33) en Pretorius (1990:238) aan die volgende simptome geëien:

- Kneusmerke as gevolg van slaan, byt, knyp, skud en klap;
- Blou geslaande oë;
- Rooi-pers gekleurde ore;
- Merke op die liggaam wat deur voorwerpe soos 'n mes, tou, gordelgespe of riem veroorsaak is;
- Vinger-en-duim kneusmerke aan die gesig en liggaam, wat deur 'n ferm greep of 'n geskud gelaat is;
- Hoofbeserings en in die uiterste gevalle, 'n gebreekte skedel;
- Enige frakture aan 'n jong kind waarvoor daar geen ongeluksverduideliking is nie;
- Brandmerke, sere en littekens wat deur sigaretstompies veroorsaak is;
- Beserings wat nie behandel word nie;
- Swak algemene gesondheid;
- Pyn as die kind opgetel word of as die kind 'n sekere ledemaat nie gebruik nie;
- Vrees en ang wat openbaar word wanneer 'n spesifieke ouer naby is;
- Fisieke kontak met 'n ouer wat vermy word;
- Uiterste gedragsoptredes by kinders, soos byvoorbeeld 'n kind wat uitermate huil of dalk glad nie huil nie, hoewel die situasie dit vereis;

- Buitengewoon passiewe en teruggetrokke of buitengewoon aggressiewe en vernielsugtige optrede;
- Buitengewoon beskermende en vertroostende optrede teenoor 'n ouer;
- Regressiewe gedrag, byvoorbeeld duimsuig, bed natmaak, huilerigheid of 'n opgekrulde posisie in 'n hoekie;
- Swak konsentrasievermoë;
- Voortdurende moegheid en vaakheid by die skool;
- Onvanpaste kleredrag, byvoorbeeld 'n langbroek en -moue in somertyd om moontlike beserings weg te steek.

Ouers wat hulle kinders fisies mishandel, dink dat die gebruik van krag en fisiese straf 'n effektiewe manier is om 'n kind te beheer. Die ou gesegde van "spaar die roede en bederf die kind" kan maklik fisiese kindermishandeling as eindresultaat hê wanneer kinders beserings soos gebreke bene en hoofbeserings opdoen, vanweë mishandeling. In die praktyk het ek al met al die vorme van mishandeling kennis gemaak en opnuut besef hoe ingewikkeld en ineengestremel die tema van kindermishandeling is.

Ek gee kortliks die agtergrond van gesin A (sien ook die genogram as bylaag A). Karel en Tessa het vier kinders, Pierre (17), Janine (15), Anel (13) en Mouna (10). Karel se ouers is geskei toe hy een jaar oud was. Hy het sy pa op tienjarige ouderdom aan die dood afgestaan en die gemis aan 'n vaderfiguur intens beleef.

Tessa het haar pa op vroeë ouderdom verloor en haar ma is in 1998 op die ouderdom van tagtig oorlede. Die afsterwe van haar moeder het haar baie ontstel en skuldig laat voel, omdat Tessa en haar familie op daardie stadium in die buiteland was. Die gevoel dat daar nie afskeid geneem is nie, vererger die skuldgevoelens.

Karel het intussen 'n hartaanval gehad en ervaar dat hy in al sy krisisse alleen is. Sy vrou kry hom nie jammer nie en ondersteun hom nie.

Dit laat hom nie soos 'n man voel nie en woede en magteloosheid neem die oorhand. Hy wil die kinders reg tug, sodat hulle iewers in die lewe kan kom. Tessa kies dan telkens die kinders se kant.

Tessa gaan hom teë en neem hom kwalik, want hy mishandel sy kinders deur hulle te slaan en op hulle te vloek. Karel hou in elk geval nie van haar familie nie en dit maak dat sy bitsig en giftig teenoor Karel reageer.

Tessa skakel my een aand om te sê dat Karel nou net die kinders met die gordel te lyf gegaan het. Sy het besluit om eers net weg te ry en skakel om te hoor of die polisie nie moet uitkom nie, want dit grens volgens haar, aan fisiese mishandeling. Karel het haar ook al verskeie kere geslaan en dit kan nie meer so aangaan nie.

### 2.2.2 Seksuele kindermishandeling

Statistiek oor die getal kinders wat seksueel mishandel word, is onakkuraat. Die rede hiervoor is dat so baie gevalle van seksuele mishandeling nooit aangemeld word nie en kinders dikwels gedreig word as hulle sou praat.

Die pa's is meestal die oortreders en meisies tussen die ouderdom van sewe en twaalf jaar, is die mishandeltes. Die volgende simptome by kinders kan 'n aanduiding van seksuele mishandeling wees. (Kyk Carl 1987:50–51; Pretorius 1990:238):

- Gedurige pyn en ongemak in die laer buik, bekken, geslagsdele en anale areas;
- 'n Seer mond sonder 'n duidelike rede daarvoor;
- 'n Terugneiging na infantiele gedrag soos duimsuig en bednatmakery, veral by groter kinders;
- Pyn wanneer die kind urineer of herhaaldelike urinêre infeksies, asook veneriese siektes;
- Abnormale eetgewoontes soos anorexia of bulimia;
- Skielike gedragsveranderinge soos antisosiale gedrag, isolasie en 'n onwilligheid om in die teenwoordigheid van 'n sekere volwassene te wees;

- Gereelde masturbasie of 'n behepthed met seksuele aangeleenthede;
- Seksuele gedrag of kennis van seksualiteit wat te gevorderd vir die kind se ouderdom is.
- Nagmerries, swak slaappatrone en 'n vrees om alleen te wees;
- Depressie, selfmoordneigings, 'n swak selfbeeld, alkohol- en dwelmmisbruik, asook oormatig uitlokkende gedrag;
- Swak vordering op skool en die neiging van van die huis af weg te loop;
- Uitermatige geïrriteerdheid en buierigheid.

Al hierdie simptome, afsonderlik of in kombinasie, kan 'n aanduiding van seksuele misbruik van die kind wees.

Die term wat gewoonlik gebruik word om na seksuele mishandeling binne 'n gesinsisteem, te verwys, staan as bloedskande bekend. Dit is onder andere wanneer daar 'n pa-dogter-, 'n ma-seun- of broer-susterverhouding ontstaan. Seksuele mishandeling kom onder alle sosio-ekonomiese vlakke van die samelewing voor. By alle kulture, volke en rasse word seksuele mishandeling aangemeld en seuns, sowel as dogters, in byna alle ouderdomsgroepe, word seksueel mishandel (Olivier 1990:8).

Carl (1989:15) verdeel seksuele mishandeling in twee groepe:

- Oortredings sonder fisieke aanraking: Hieronder ressorteer verbode seksuele stimulering met die doel om die kind te prikkel, obscene telefoonoproepe, ontbloting, afloerdery en volwasse seksuele gemeenskap voor 'n kind.
- Oortredings waar die kind fisies aangeraak word: Hieronder ressorteer verskeie vorms van aanraking en liefkosings. Orale, genitale of anale stimulasie en penetrasie is ook deel van seksuele mishandeling. Die uiterste vorms van seksuele mishandeling is gewoonlik verkragting en fisiese beserings, wat selfs tot die dood van 'n kind kan lei.

In die meeste gevalle van molestering, is die oortreder aan die kind bekend en vind die oortreding binne gesinsverband plaas met persone waarmee die kind 'n vertrouensverhouding het.

Die agtergrond van gesin B word kortliks geskets. (Kyk ook die genogram as bylaag B).

Fanus (30) en Katrien (30) (fiktiewe name) woon op 'n perseel met drie huise. In die een huis woon Fanus se ouers en die ander huis word verhuur. Fanus en Katrien het drie dogters, Nella (13), Lena (11) en Anne (6).

Fanus kom uit 'n gesin van twee broers. Sy boetie is altyd voorgetrek, liefde is nooit gewys nie en alkohol was prominent. In die gesin was hy die saggearde een. Katrien kom uit 'n gesin van twee susters, waar haar sussie altyd die mooier en beter een was. Na haar pa se dood, toe Katrien twee jaar was, het haar ma in 'n saamwoonverhouding met 'n man gelewe. Dié man het homself geskiet toe Katrien 12 jaar oud was. Sy onthou nog goed hoe sy as kind 'n dubbelbed met haar ouers gedeel het en ook hulle intieme lewe aanskou het. Haar sussie het ook saam met 'n man gewoon en dié man het homself ook geskiet.

Katrien en Fanus was saam op skool en het uitgegaan en albei het standerd agt voltooi. Hulle is toe op sewentienjarige ouderdom getroud en Katrien reeds swanger was. Katrien het die swangerskap as ontvlugting uit haar ouerhuis beskou, omdat haar ma 'n immorele lewe van drank en onsedelikheid gevoer het. In albei se gesinne van herkoms, is die verhaal van drank, leuens, voortrekkery, finansiële probleme en 'n gebrek aan liefde, oorheersend.

### 2.2.3 Emosionele kindermishandeling

Emosionele kindermishandeling kan op sigself of in kombinasie met die ander soorte mishandeling voorkom. Navorsing toon dat meer as die helfte kinders wat emosioneel mishandel is, ook ander vorme van mishandeling ervaar het. Emosionele kindermishandeling is die moeilikste om na te vors, op te merk of teen op te tree (Finkelhor 1990:31). Emosionele mishandeling vind plaas:

- Wanneer 'n kind verwerping op so 'n manier ervaar, dat dit vir hom voel asof sy ouers nie meer vir hom lief is nie, nie van hom hou nie en hom nie ondersteun nie;
- As 'n kind voel dat sy in alles tekort skiet en as die ouer haar as dom, lomp en nutteloos bestempel en geen positiewe verwagtinge van haar koester nie;
- Wanneer die ouer die kind afdreig, verwens en verkleineer en selfs met die dood dreig. Hier sou van oormatige dissipline as 'n vorm van ongeneëtheid gepraat kon word;
- Wanneer 'n kind deur opsluiting in 'n kamer of 'n kas vir lang tye geïsoleer en van sy maats en van fisiese kontak weerhou word;
- Wanneer daar buitensporige hoë akademiese en sporteise aan die kind gestel word;

Volgens Roscoe et al (1983:396) kan simptome van emosionele mishandeling ook in die volgende gedragsafwykinge voorkom:

- 'n lae selfbeeld en 'n minderwaardigheidsgevoel;
- 'n apatiese lewenshouding en min selfvertroue;
- uitermatige passiewe of aggressiewe gedrag;
- vernielsugtigheid, wreedheid en diefstal;
- bednatmakery, wantroue en depressie;
- gebrekkige spraak- en fisiese ontwikkeling.

Emosionele mishandeling vind dus plaas wanneer 'n kind aanhoudend beskuldig, verkleineer, verwerp of uitgeskel word en sodoende nie sy volle potensiaal verwerklik nie.

Kinders met leerprobleme word nie noodwendig emosioneel mishandel nie, maar wanneer 'n kind voortdurend gedomineer en gekritiseer word, sonder emosionele ondersteuning, kan spraak- en leerprobleme ontwikkel. Emosionele mishandeling manifesteer eers in later jare in die kind se gedrag by wyse van ontoereikende sosialisering en weglouery (Klopper 1992:143).

Ek verwys graag na gesinne A en B as voorbeelde van gesinne waarin daar ook sprake van emosionele kindermishandeling voorkom (Kyk bylaag A en B vir die genogramme).

#### 2.2.4 Kinderverwaarlosing

Verwaarlosing is die weerhouding van noodsaaklike voedsel, kleding, behuising, skolastiese opvoeding en stimulasie. Enige vorm van onvoldoende sorg en toesig wat daartoe kan lei dat 'n kind se lewe in gevaar gestel word, is verwaarlosing. Dit alles verhoed dat die kind goed ontwikkel en op pad na volwassenheid groei (O'Brien 1980:9 en Cook & Bowles 1980:1). Dit kom daarop neer dat ouers nie daarin slaag om hulle opvoedingstaak en verantwoordelikheid jeens die kind na te kom nie. Waar daar 'n gebrekkige gesinsverbondenheid en onstabieliteit is, kom verwaarlosing geredelik voor (Klopper 1992:58).

Verwaarlosing kan stremmend op die normale groeiproses van die kind inwerk. Die kind se fisiese, emosionele, intellektuele en sosiale behoeftes word nie gevoed nie (Barnard 1988:26). Dit gaan dus in kinderverwaarlosing daar om dat die kind nie voldoende voedsel, klere, mediese sorg, opleiding en toesig ontvang nie en dat 'n tekort aan hierdie dringende behoeftes 'n kind op pad na volwassenheid strem.



Roscoe (1983:395–396), Barnard (1988:351–354) en Klopper (1992:120–125) sluit hierby aan en onderskei die volgende vorme van kinderverwaarlosing:

- Fisiese verwaarlosing: onvoldoende voedsame kos; 'n ongebalanseerde dieet;
- Mediese verwaarlosing: onvoldoende mediese versorging, immunisering en medisyne vir gebreksiektes;
- Behuisingverwaarlosing: onhigiëniese toestande, oorbewoning, gebrek aan behuising of voortdurende verhuising;
- Verwaarlosing wat klerasie en toesig betref: Kroniese vuil en stukkende klere en liggaamlike onversorgdheid, gebrek aan of onbevoegde toesig;
- Sosiale verwaarlosing: gedeeltelike of totale isolasie van die gesin, voortdurende kritiek en rusies met bure, familie en vriende;
- Opvoedkundige verwaarlosing: gedeeltelike of die totale afwesigheid van intellektuele stimulasie, kroniese probleme en 'n gebrek aan begeleiding.

Volgens Daro (1988:27–29) kan die verskillende vorme van kindermishandeling soos volg voorgestel word:

PHYSICAL ABUSE/ASSAULT CLASSIFICATIONS:	SEXUAL MALTREATMENT CLASSIFICATIONS:
Physical abuse Major physical injury Minor physical injury Physical injury, severity unknown "Flashpoint" "Spare the rod" "You asked for it" "Who needs it" Uncontrolled battering Controlled abuse	Sexual abuse Sexual exploitation Sexual abuse without consent Sexual abuse with consent Incidental sexual contact Idiological sexual contact Psychotic intrusion Rustic environment True endogamous incest
PHYSICAL NEGLECT CLASSIFICATIONS:	EMOTIONAL MALTREATMENT CLASSIFICATIONS:
Physical neglect Deprivation of necessities Educational neglect/deprivation Medical care neglect Intentional drugging Abandonment/lack of supervision Failure to provide Fostering delinquency	Emotional maltreatment Emotional/psychological abuse Emotional/psychological neglect Emotional assault Acts of rejection Acts of coldness Acts of inappropriate control Acts of extreme inconsistency

## **2.3 Die kind wat mishandel word**

### **2.3.1 Risikofaktore**

Volgens Weaver (1992:211–213) is risikofaktore wat tot kindermishandeling aanleiding kan gee, die volgende:

- **Kind as besitting**

Wanneer 'n kind as 'n besitting van die ouers beskou word, sal die kind hardhandig hanteer word, soos enige ander objek in iemand se besit wat die eienaar nie tevrede stel nie. By heelwat ouers is daar, op grond van sekere Bybeltekste, 'n persepsie dat die kind hulle besitting is. Van die gewildste tekste is Deuteronomium 21:18–21, Spreuke 19:18, 22:15, 23:13–14, 2 Konings 2:23–24, Genesis 19:32–36. Die pastor sal hierdie tipe Skrifmisbruik moet verreken en God as die liefdevolle Vader van al sy kinders moet beklemtoon (Jesaja 49:15 en Matteus 18:1–6).

- **'n Lae selfbeeld en 'n gevoel van nutteloosheid**

Die ouer wat sy kind mishandel, het 'n lae selfbeeld, voel ontoereikend en onseker en ervaar 'n gevoel van hopeloosheid. "These caretakers, often feel uncomfortable with problem behaviors in children" (Weaver 1992:211). Hulle verwag perfektheid van hulself en van hul kinders. Normale menslike foute en tekortkominge word aan nutteloosheid gelyk gestel. Hierdie gevoelens word maklik van geslag tot geslag oorgedra.

- **Sosiale isolasie**

Sosiale isolasie is 'n groot risikofaktor vir kindermishandeling.

The family that becomes walled off from outside support systems such as their extended family, neighbours, friends, social organization and their faith community, appear to be less likely to cope with the stress of family life more apt to maltreat their children (Weaver 1992:211).

Gesinne waarin kindermishandeling voorkom, verkies om hul eie probleme te probeer oplos en isoleer hul van ander. Hierdie isolasie neem toe namate die mishandeling vererger. Dis juis op hierdie punt waar predikante die voorreg het om in mense se huise en lewensomstandighede in te beweeg. Ten minste word predikante in mense se huise toegelaat en word besoeke as iets gewoons ervaar. "Clergy visit many families in their home to which no other professional will have access" (Weaver 1992:211). Dis uiters noodsaaklik dat predikante dus voorbereid en op die uitkyk sal wees vir risikofaktore wat op enige vorm van kindermishandeling dui.

- **'n Geskiedenis van kindermishandeling**

Omtrent een derde van die ouers wat kinders mishandel, is self as kind mishandel, het die mishandeling van 'n kind gesien en beleef of was as kind teenwoordig toe geweld tussen ouers plaasgevind het. "We cannot underestimate the trauma to a child who views the abuse of a family member or suffers the abuse directly" (Weaver 1992:211). Ouers wat hulself in so 'n situasie as kind bevind het, behoort ter wille van hulle kinders alle moontlike hulp en begeleiding te ondergaan.

- **Ouer-kind rolle**

Waar daar in die rolle van ouer en kind 'n verwarring of onsekerheid was, is die kans soveel groter dat seksuele misbruik sal voorkom. In tagtig persent of meer van die gevalle, was dit juis ouers, stiefouers en ander familieledede wat by seksuele misbruik betrokke was.

In die meeste gevalle was mans die oortreders. "The most common form of sexual abuse reported to authorities is father-daughter incest" (Weaver 1992:212). Die volwassene hou die seksuele oortreding as normale en aanvaarbare gedrag voor. "Sexual abuse is most often a pattern of behavior over a period of months or years, not an isolated event" (Weaver 1992:212).

- **Drankmisbruik**

Heelwat ouers wat kinders mishandel, misbruik alkohol en/of dwelms. Hierdie middele maak mense impulsief en aggressiewe gedrag kom na vore.

- **Enkelouergesinne**

Enkelouergesinne wat geïsoleerd leef, is 'n groot risiko om stres op te bou wat in sommige gevalle tot mishandeling kan oorgaan. In die meeste gevalle is die vrou die hoof van die gesin en dikwels is sy baie jonk. Dikwels is daar ook finansiële druk wat die moontlikheid van mishandeling net versnel. "The stresses of poverty and the extra demands of being mother and father to their children pace them at a greater risk of abusing or neglecting their children" (Weaver 1992:212).

In die Suid-Afrikaanse konteks kan 'n mens jou net indink hoeveel anderskleuriges juis in hierdie omstandighede leef en watter geweldige risiko dit vir mishandeling inhou.

- **Stres**

Daar is al genoeg bewyse verskaf om aan te toon dat wanneer 'n gesin onder geweldige stres of spanning leef, die risiko vir mishandeling drasties toeneem.

Verskeie faktore kan tot hierdie stres aanleiding gee, soos byvoorbeeld finansiële krisis, werkloosheid, egskeiding of vervreemding, huweliksongelukkigheid, ernstige siekte, die dood van 'n gesinslid, ernstige geestesiektes, 'n kroniese siek kind of voortdurende verhuising.

- **Aanpassing**

As enige van die voorafgaande faktore, veral die stresfaktor, voorkom en 'n mens voeg onvoldoende aanpassingsvaardighede, plus 'n beperkte of onvoldoende ondersteuningsstelsel om die stres te hanteer daarby, sal een of ander vorm van mishandeling mettertyd manifesteer. Ouers wat kinders mishandel, is nie slegte mense nie. Dis normale mense wat worstel. Soms worstel hulle met hulle eie geskiedenis, of hulle het te min vaardighede. Soms kan hulle nie sekere stressituasies hanteer nie en dra hulle dan hulle frustrasies op 'n dekonstruktiewe wyse aan hulle kinders oor. "Clergy and congregation giving a family support to cope with a crisis will be enough to prevent many potentially abusive situations" (Weaver 1992:213).

- **Verwagtinge**

Elke kind het normale behoeftes en ideale. Onrealistiese, onaanvaarbare en rigiede verwagtinge van kinders, maak ouers onbevoeg om die basiese eise van ouerskap te hanteer. Weaver sê: "One woman, who was asked why she threw her small baby across the room in anger when the baby would not stop crying, said: 'His crying meant I was a bad mother. I didn't know how to take care of him. He didn't love me. He wanted a new mother'" (Weaver 1992:213).

### 2.3.2 Die uitwerking van kindermishandeling op die kind

Die uitwerking van kindermishandeling is astronomies. Benewens onmiddellike fisieke gevolge soos ernstige liggaamlike beserings, geslagsiektes, swangerskappe en selfs die dood, is daar ook geestelike skade wat die kind se menswaardigheid aantast en wat soms ongesiens verbygaan. 'n Mishandelde kind wil so gou as moontlik uit die mishandelingsituasie ontvlug. Die gevolge kring ook verder as net gesinsongelukkigheid en gedragsprobleme uit. Gevolge van kindermishandeling wat dikwels voorkom, is die volgende:

- Leer- en konsentrasieprobleme, asook 'n onvermoë om in sinvolle interpersoonlike verhoudinge te staan (Knight 1990:202);
- Skuldgevoelens en gevoelens van haat en vergelding, omdat die kind glo dat hy die oorsaak van sy situasie is;
- Woedebuie, frustrasie en leuens;
- Depressie wat dikwels tot in volwassenheid voortduur en wat selfs in selfmoord kan eindig;
- Somatiese versteuringe soos angs, vrees, nagmerries en slaaplopery;
- 'n Swak selfbeeld en probleme met interpersoonlike verhoudinge, wantroue, onsekerheid en agterdog;
- Probleme met seksuele aanpassing, interpersoonlike en opvoedkundige probleme;

Ramsay (1998:217) sê in 'n treffende artikel oor seksuele kindermishandeling, dat die lyding as gevolg van hierdie soort mishandeling radikaal is. "Radical suffering such as child sexual abuse describes the painful reality of suffering that is not only undeserved and unanticipated but arises from intentional violation and harm at the hands of another" (Ramsay 1998:218).

Hierdie mishandeling beroof iemand van haar menswaardigheid, eer en vryheid. Hiermee saam gaan gevoelens van vrees, hulpeloosheid, beheerverlies, angs, dood en 'n gebrek aan vertroue.

Een vertrekpunt wat Ramsay (1998:219) volg, is die veronderstelling dat die wêreld wat God geskep het, die moontlikheid vir natuurlike rampe of die mishandeling van die menslike vryheid inhou—anders as wat God dit vir ons bedoel het.

Ramsay (1998:220) gaan verder en beskryf die effektiewe gebruik van Psalm 23 in die berading van mishandelde kinders. Seksueel mishandelde is almal deur die misbruik van vertroue verwoes. Die vertrouenswaardige God met Sy versterkende liefde (compassion), is die sentrale tema van Psalm 23. Die metafoor van die Herder bevestig dit. "The tenderness of God's loving power is a familiar dimension of this image of shepherd. The tenderness of compassion helps to restore the relational bridge ruptured by betrayal, violation, and domination" (Ramsay 1998:221).

So dikwels ervaar persone in 'n mishandelingsituasie, 'n verwringing van mag, vertroue en liefde. Niemand word vertrou nie, hul Godsbeeld is aan skerwe, 'n liefdevolle Vader is afwesig. Om jou vader en moeder te eer, druis teen alle billikheid in! Vergifnis is net 'n teorie! Die slagoffer van kindermishandeling internaliseer al die gebeure en gevolge. Op hierdie manier is die fokus op hulself gerig en in die latere lewe manifesteer dit in ouer-kindverhoudings wat tot verwaarlosing en moontlike verdere misbruik kan lei.



Volgens Briere (1989, 1992) en Finkelhor (1984) is die volgende tipiese simptome wat die mishandelde kind openbaar:

- angstigheid;
- 'n kroniese persepsie van gevaar;
- depressie;
- vrees;
- skuldgevoelens;
- ontkenning, vermyding;
- swak selfbeeld;
- terugflitse van gebeure;
- geheueverlies van sekere kinderjare;
- hulpeloosheid;
- hopeloosheid;
- werklikheidsverlies;
- selfhaat;
- probleme om intiem te verkeer;
- vertrouensprobleme;
- seksuele probleme en verwarring;
- skaamte;
- dwelmmisbruik;
- selfmoordpogings/gedagtes;
- 'n onbevredigende verhoudingslewe

Briere (1989) verdeel die gevolge van seksuele kindermishandeling in vier kategorieë: *posttraumatiese stres*, *kognitiewe effekte*, *emosionele effekte*, *interpersoonlike effekte*.

- **Posttraumatiese stres**

Dis seker die mees langtermyngevolg van seksuele misbruik. Die kind is getraumatiseer en ervaar vrees, hulpeloosheid, angs, fisiese ongemak en pyn. Kinders leef in voortdurende vrees.

Die kind word deur die magmisbruik van 'n ander persoon, geforseer om nuwe betekenis aan die wêreld rondom haar te gee. Hierdie betekenis word met vrees en hulpeloosheid gevul.

- **Kognitiewe gevolge**

Die wêreld wat die kind leer ken het voor die misbruik, verander dramaties. 'n Nuwe persepsie van *vertroue*, *veiligheid* en *liefde* word gevorm. Die oortreder oortuig die kind dat die kind vir die gebeure verantwoordelik is en dat die oortreder nie 'n ander keuse het as om aangetrokke te voel of om die kind te straf nie.

Die kind het daarvoor "gevra" en "verdien" dit nou. Dit laat by die kind die ervaring dat daar "iets verkeerd is met my." Dit is uiters moeilik om die persepsie van "ek het gekry wat ek verdien het" te dekonstrueer. Briere (1989:12) sê die volgende:

This perspective invests the victim in believing that 'I got what I deserved' as opposed to the potentially more frightening notion that violence is random (unjust) and that one cannot do things to avoid being victimized. Thus, in addition to its negative effects, self-blame may serve as a defense against feelings of total powerlessness.

Binne hierdie konteks is dit te begrype dat 'n kind probleme met vertroue in mense ontwikkel. Die kind weet nie meer wat vertroue is nie, omdat die persoon wat sy vertrou het, haar misbruik het. Die kind glo dat enige persoon hom of haar op een of ander stadium gaan seermaak of teleurstel.

- **Emosionele gevolge**

Die bekendste emosionele gevolge van seksuele kindermishandeling is angstigheid en depressie (Briere 189:15). Die kind ervaar geen krag en moed om dit wat besig is om te gebeur, te beheer nie. Hierdie pynlike gebeure maak haar angstig oor wat nog in die toekoms mag gebeur. Depressie oorval die kind, omdat die kind verantwoordelik voel vir wat gebeur het. Die kind wil haarself straf en selfs doodmaak.

- **Interpersoonlike gevolge**

Slagoffers van misbruik is verward en onseker oor intieme verhoudings, spesifiek seksuele en romantiese verhoudings. Omdat kindermishandeling in die konteks van 'n verhouding plaasvind, kom verwarring en misplaasde verwagtinge ten opsigte van verhoudinge voor (Briere 1989:18).

Die slagoffer is so op hom- of haarself ingestel en die gevoel dat hy of sy net seksuele waarde het, is dominerend, veral in hulle verhoudingslewe. Om uit hierdie onsekere, deurmekaar persepsies van verhoudinge te ontsnap, wend die slagoffer haar dikwels tot dwelms of alkohol.

Die liefde, geborgenheid en veiligheid wat enige kind toekom, ontbreek in gesinne waarin kinders mishandel word en so 'n gesinsisteem beantwoord nie aan sy bestaansdoel nie. In so 'n gesin kom opvoeding, kommunikasie, begeleiding tot volwassenheid, identiteitsvorming en sosialisering nie tot sy reg nie. Die patroon word dikwels na die volgende geslag oorgedra, waar hierdie ouers weer sukkel om betekenisvolle verhoudinge met hul kinders aan te knoop. 'n Onbevredigende seksuele verhouding vloei hieruit voort.

Volgens Le Roux (1992:5) is die ek-jy-verhouding een van die mees fundamentele verhoudinge in die bestaan van 'n kind. Hierdie verhouding tussen ouers en kinders kan as die belewing van gevoelsmatige kommunikasie en koestering van die kind, beskryf word.

Anders gestel: 'n kind kan nie sonder egte liefde, warmte, waarlike koestering en sorg in 'n sinvolle ek-jy-verhouding staan nie. Die teenpool hiervan sou 'n onpersoonlike en saaklike verhouding wees, sonder 'n beleving van liefde, veiligheid, goedkeuring en agting.

Dit is interessant dat in gesinne waar ooraanhanklikheid van mekaar voorkom, dit negatiewe en destruktiewe interaksie tot gevolg het. Wanneer een van die ouers te veel stres beleef, word dit op 'n onaanvaarbare wyse aan hul kinders oorgedra en kan dit tot kindermishandeling aanleiding gee.

Pretorius (1990:237) beklemtoon dit dat geen ouer ooit erken dat hulle 'n kind mishandel of verwaarloos nie. Dit bly 'n vorm van ouergedrag wat verkieslik verberg word.

Vervolgens word dit wat kindermishandeling aan kinders doen, kortliks bespreek. Weaver (1992:213–216) som dit so op:

- Mishandelde kinders leef gewoonlik in vrees vir volwassenes. Die ouers het dikwels nie die nodige vaardighede om hul kinders te begelei en te beheer nie en is ongeorganiseerd. Dreigemente, rigiede, streng dissipline en geweld is die maniere om hulself te laat geld. Mishandelde kinders is voortdurend op hulle hoede, want hulle verwag die ergste in 'n onvoorspelbare omgewing. Enige fisies toenadering word met agterdog bejeën.
- Mishandelde kinders verskil opsigtelik fisies en emosioneel van hulle maats. Hulle speel dikwels die rol van die swartskaaap ("scapegoat"), want iemand moet die skuld vir die gesinsprobleme en ongelukkigheid kry. 'n Mishandelde kind het die ervaring en gevoel dat hy/sy ongewens en net 'n objek is.
- Onverklaarbare beserings wat dikwels as somer niks afgemaak word nie, is 'n belangrike aanduiding van fisiese mishandeling. Die meeste beserings kom agter van die nek tot die knieë voor.

Kneusplekke, bloeding, oop wonde, brandwonde en beenbreuke, is eie aan fisiese mishandeling.

- Seksueel mishandelde kinders het gewoonlik beserings rondom die genetalieë en anale dele en ervaar erge pyn wanneer hulle loop of sit. Hierdie kinders se kennis en ervaring van die seksuele, is baie meer as hulle maats s'n. Hulle gedrag dra een of ander seksuele boodskap. Met hulle poppe en hulle maats speel hulle seksuele speletjies en selfs bisarre seksuele gedrag beskou hulle as normaal.
- Antisosiale gedrag en weglopery is ook duidelike tekens van mishandeling. Daar is 'n verband tussen kindermishandeling, geweld tuis, weglopery en asosiale gedrag in die adolessente jare.
- Gedraguiterstes kan op mishandeling dui. Sommige kinders raak passief en onttrek hulle; ander raak weer hiperaktief en aggressief. "They may be acting out their hostility of imitating the behavior they see at home" (Weaver 1992:215). Hierdie kinders kan maklik ander kinders afknou en 'n bakleiery ontlok. Enige skielike gedragsverandering is 'n aanduiding van moontlike mishandeling.
- 'n Verwaarloosde kind wat 'n gebrek aan persoonlike higiëne openbaar, moet die vermoede laat ontstaan dat daar onvoldoende versorging is. Weaver (1992:215) benadruk dit so: "Most cases of child maltreatment involve neglect". Kinders leef soms in haglike toestande en is selfs ondervoed.
- Enige gebrek aan voedsel, drank, kleding en huisvesting, is aanwysers dat verwaarloosing plaasvind. Armoede en verwaarloosing toon jaarliks 'n toename in vergelyking met ander vorme van mishandeling.
- Skoolprobleme, soos leer- en konsentrasieprobleme, is dikwels simptome van verwaarloosing of mishandeling. Dieselfde geld vir stökkiesdraai, laatkommery, voortdurende moegheid en slaperigheid in die klas.

- Sommige kinders kom weer baie vroeg skool toe en bly lank na skool, omdat hulle te bang is om huis toe te gaan. Verder soek hulle die aandag en liefde van onderwysers of ander volwassenes, omdat hulle dit nie tuis kry nie.
- Verwaarlosing is dikwels aan gebrekkige ouertoesig te wyte. Wanneer 'n kind voortdurend van trappe afval en giftige stowwe inkry, deur 'n ouer sussie/boetie opgepas word of selfs alleen by die huis gelaat word, is die toesig ontoereikend. Dit kan wees dat die ouers in sulke gevalle baie uithuisig is, of by die huis onder die invloed van drank en dwelms is. Verwaarlosing kan ook voorkom indien dringende mediese en tandheelkundige behoeftes nie aandag kry nie. Weaver stel dit baie sterk: "Children who do receive medical treatment for venereal disease and other sexually transmitted diseases may well have been sexually abused" (Weaver 1992:16).
- As 'n kind skielik na 'n soort babagedrag terugkeer, moet die vraag gevra word of mishandeling nie ter sprake is nie. Voorbeelde hiervan is klere natmaak, duimsuig, voortdurende gehuil of buitengewoon skaam en passiewe gedrag.
- Die toesnou van allerlei lelike woorde, betitelings en verkleinerings is 'n ander vorm van mishandeling. 'n Geskree, dreigemente, beskuldigings, sarkasme en voortdurende gesinsrusies, het kinders met 'n lae selfbeeld tot gevolg. Emosionele mishandeling het net soveel skade tot gevolg as fisiese aanrandings en seksuele misbruik. Ongelukkig kan emosionele mishandeling moeilik in 'n geregshof bewys word en gaan dit ongemerk voort.
- Ouers wat hulle kinders mishandel, het gewoonlik onrealistiese verwagtinge van hul kinders, wat tot 'n rol-ommekeer lei. Hierdie ouers verwag dat hul kinders as 'n bron van liefde en ondersteuning sal dien, asook dat hulle 'n vriend, berader, dienskneg, vertroetelaar en besluitnemer sal wees. Hulle verwag van hul kinders om volwassenes te wees. Sou die kind daarin slaag om die ouer se behoeftes te vervul, sal so 'n kind fisiese mishandeling vryspring. Die kind verstaan nie sy eie behoeftes nie en ware kindwees gaan eenvoudig verlore.

As die kind egter nie aan die ouer se behoeftes voldoen nie, word die kind die objek van ouerlike frustasies en geweld.

## **2.4 Die ouer wat 'n kind mishandel**

### 2.4.1 Die kind word as onbelangrik in die samelewing beskou

In die oë van die mishandelende ouer, is die kind onbelangrik in die samelewing. Swak woon- en omgewingsomstandighede kan daartoe lei dat kinders mishandel en verwaarloos word (Cook & Bowles 1981:3). Samelewingsfaktore soos swak sosio-ekonomiese toestande en geweld, dra daartoe by dat ouers hulle kinders mishandel.

Pretorius (1990:235) is van mening dat wanneer disharmonie en konflik in die gesin ontstaan, die gesinskommunikasie verval en konflik dan daartoe aanleiding kan gee dat gesinslede mekaar aanrand. Hiperaktiewe kinders, uitbarstings en dissiplinêre probleme kan ook kindermishandeling by die ouer ontlok.

### 2.4.2 Stres

Oormatige stres veroorsaak dat ouers hul kinders mishandel. Verskeie faktore kan hierdie stres veroorsaak: beroepsprobleme, finansiële druk, 'n gestremde of moeilike kind, skielike veranderinge of verhuising en groot gesinne (Wolfe 1988:52). Enige gebeure wat 'n skielike of kroniese wanbalans in die gesin veroorsaak, gee aanleiding tot stres. Finkelhor (1990:28) stel dit so: "Stress, whether acute or chronic, is a critical determinant of the quality of child care."

Ouers slaag dikwels nie daarin om onder stres die nodige selfbeheersing toe te pas nie en as die gesinsverhoudinge daarby nog gebrekkig is wat gevoelskommunikasie betref, sal kindermishandeling waarskynlik manifesteer.

### 2.4.3 Ondersteuningsstelsiem

Vir enige kind is sy primêre ondersteuningsstelsiem sy ouerhuis. As daar ongunstige gesinsfaktore voorkom, kan dit tot kindermishandeling aanleiding gee. Pretorius (1990:235–236) het die volgende gesinsfaktore uitgewys:

- Die ouers is dikwels self as kinders mishandel;
- Dit was 'n gedwonge huwelik of premature geboorte;
- Die egpaar is jonk getroud en ervaar 'n mate van sosiale isolasie;
- Daar het heelwat huwelikstwis en geweld voorgekom;
- 'n Ongewenste swangerskap, veral by lae inkomstegroepe, het voorgekom;
- Die ouers het 'n kroniese siek of koliekkind wat aanhoudend huil. Die ouers mag dink dat die baba hulle verwerp;

Finkelhor (1990:26) sê dat kinders wat blootstelling aan fisiese en emosionele geweld beleef het, 'n ontoereikende siening ten opsigte van die ouer-kindverhouding het. Sulke ouers sal terugkeer na patrone van ouerskap wat hulle in hul kinderjare geleer het.

Die toenemende egskeidingsyfer, met die moeder as hoof van die enkelouergesin en die latere hertrouwe met 'n stiefouer, skep 'n gunstige teëlaarde vir moontlike kindermishandeling (Dercksen 1989:9).



#### 2.4.4 Rolmodelle

Elke kind in 'n bepaalde gesinsisteam sien en beleef hul ouers as die ideale rolmodel. Wanneer 'n ouer 'n kind mishandel, leer die kind hierdie ouerlike styl aan. As ouer sit hy later dieselfde lewenspatroon in die volgende geslag voort. Ouers wat ongelukkig, onvergenoegd en onseker in hul optrede voorkom, modelleer versteurde verhoudings en soek dikwels die bevrediging van hulle eie emosionele behoeftes by die kind (Klopper 1992:77).

### **2.5 Die aard en omvang van kindermishandeling in Suid-Afrika**

#### 2.5.1 Inleiding

Dit is noodsaaklik om die totale prentjie van kindermishandeling in Suid-Afrika te skets. In die verlede is nêrens ooit enige studie onderneem om die aard en omvang van kindermishandeling in Suid-Afrika te bepaal nie.

Sonder 'n volledige prentjie sal die dringende en noodsaaklike aandag wat aan hierdie probleem geskenk moet word, nie ingesien word nie.

Die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (hierna die RGN genoem), het in 1996 in die tydskrif "In Focus Forum" (Volume 4, No 3, November 1996), net op kindermishandeling gefokus. Die verslag is saamgestel deur E Schurink (Seniornavorser by die RGN se Sentrum vir Welsynsbeleid), superintendent Anneke Pienaar (Hoof van die Kinderbeskermingseenheid van die Suid-Afrikaanse Polisie—hierna KBE) en professor T Zabow (Departement Psigiatrie van die Universiteit van Kaapstad). In hierdie hoofstuk word daar na hierdie verslag as Forum 1996 verwys.

Die navorsingsprojek berig oor die skokstatistiek van 4 604 gevalle van misdade teen kinders wat by die Kinderbeskermingseenhede van die Suid-Afrikaanse Polisie diens gerapporteer is. Hierdie gevalle dek 25% van alle gerapporteerde misdade teen kinders tussen 1 Julie 1994 en 30 Junie 1995. Juis omdat so baie misdade nie eens gerapporteer word nie, is hierdie gevalle maar die punt van die ysberg (Forum 1996:4).

Die verslag word vervolgens bespreek en die belangrikste inligting en tendense word uitgewys.

### 2.5.2 Die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing se verslag van 1996

Die eerste nasionale studie oor misdade teen kinders in Suid-Afrika, is van 1 Julie 1994 tot 30 Junie 1995 onderneem. Hierdie studie het die vermoede dat kindermishandeling 'n wesenlike maatskaplike probleem is, bevestig. Gepaardgaande daarmee is goed opgeleide personeel, wat kindermishandeling kan hanteer, baie beperk. "Allegations of child abuse and neglect are not easy to investigate and inexperienced social workers, if not adequately trained and supervised, can add to the trauma of the child as well as the family" (Forum 1996:7).

Enige mishandelde kind wat nie voldoende gehelp word nie, groei as 'n wanaangepaste volwassene op. Hulle ervaar "...mental problems, abuse substances, batter their own children and end up requiring expensive services from the state and private welfare organisations" (Forum 1996:7).

Verskeie organisasies sukkel finansiëel om die mas op te kom. As al die genoemde aspekte in gedagte gehou word, word 'n somber prentjie van die snelgroeiendste misdaad in Suid-Afrika geskets:

Die wyse waarop 'n kinderslagoffer behandel word, sal bepaal in watter mate hy of sy die trauma van wat hy of sy ervaar het, te bowe kan kom en dit sal ook sy of haar verdere ontwikkeling tot volwassenheid bepaal (Forum 1996:4).

Die mishandelde kind is dikwels deel van 'n disfunksionele familiestruktuur en vasgelegde gedragpatrone in so 'n familiestruktuur, word baie moeilik deur terapie verander. Dwelm- of drankmisbruik vererger die situasie en is byna sonder uitsondering 'n faktor (Forum 1996:5).

Die KBE is van mening dat as kindermishandeling teen die huidige koers van 29% per jaar bly groei, 1 478 110 gevalle van kindermishandeling teen die jaar 2000 hanteer sal moet word. Die groeiende getal kindermishandelings het die Suid-Afrikaanse Polisie diens (hierna SAPD), in 1986 gedwing om 'n Kinderbeskermingseenheid op die been te bring. Tans is daar 33 van hierdie eenhede in die groot sentra landwyd. Vir die doel van die Kinderbeskermingseenhede se aktiwiteite, word 'n persoon jonger as agttien jaar as 'n kind beskou [Kinderwet 1983 en Artikel 200 van die konstitusie van die RSA 1993].

Die doel van hierdie eenheid is proaktiewe en reaktiewe polisie-optrede teen kindermishandeling. Verder word 'n sensitiewe diens aan die kinderslagoffer beskikbaar gestel.

Sedert die ontstaan van hierdie eenheid, is reeds sowat 140 000 gevalle van kindermishandeling aangemeld. In 1995 is daar 28 484 gevalle gerapporteer (1996:8). Van 1993 tot 1994 het verkragting vanaf 4 736 tot 7 559 gevalle toegeneem ('n 60% toename). Aanranding het vanaf 2 364 tot 3 246 (37%) toegeneem; kinderverwaarlosing en verwerping het van 1 969 tot 2 694 toegeneem (37%), gevalle van poging tot moord het van 175 tot 213 gevalle gestyg (22%) en by ernstige aanrandings was die toename van 1 339 tot 1 905 (42%).

### 2.5.3 Die navorsingsresultaat van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing se verslag van 1996

Die navorsing het uit 4 606 gevalle van misdaad teen kinders wat aan die Kinderbeskermingseenhede landswyd gerapporteer is, bestaan.

- **Seksuele oortredings**

Die meeste misdade teen kinders was seksueel van aard. Die meerderheid kinders (62%), het slagoffers van 'n seksuele misdaad geword.

Hiervan was verkragting die meeste (36,3%), onsedelike aanranding (14,9%), sodomie (3%), ander seksuele oortredings (2,9%) en bloedskande (0,7%).

- **Ander oortredings**

Ander gevalle van kindermishandeling, is ernstige aanranding (11,1%), gewone aanranding (14,0%), verwaarlosing (3,0%), ontvoering (2,5%), moord (0,3%) en poging tot moord (0,6%).

In 4% van die gevalle het meer as een soort mishandeling of 'n kombinasie van misdaad voorgekom.

- **Die meeste kinders het die oortreder geken**

Die mite dat kinders deur gesiglose vreemdelinge mishandel word, word deur die navorsing ontmasker. In 83,5% van die gevalle was die oortreder aan die kind bekend. In 21,4% van die gevalle was die oortreder 'n kennis of bekende; in 10,3% gevalle was dit 'n ander familielid, in 9,2% gevalle 'n vriend van die familie en in 6,3% gevalle die bure. In 17,1% van die gevalle was die vader of die stiefvader die oortreder en in 5,1% gevalle was die moeder vir die daad verantwoordelik.

- **Die meeste oortredings vind oor naweke plaas**

Die meeste van die oortredings (49,9%) is van Vrydae tot Maandae begaan. Die oortreders het die kinders op 'n vriendelike manier verlei om aan hul wense te voldoen (21,1%). Byna die helfte van die slagoffers het ook nie weerstand gebied nie (48,5%). In 22,7% van die gevalle het die kind fisiese weerstand gebied of met die oortreder geargumenteer. Slegs 7,0% van die kinders het daarin geslaag om uit die situasie te ontsnap.

- **Ander getuies is dikwels by die oortreding teenwoordig**

Uit die studie blyk dit dat in die meeste gevalle daar een slagoffer en een oortreder op 'n keer is (96,3% van die gevalle). Tog was daar in byna die helfte van die gevalle (48,3%) ook ander persone tydens die misdaad teenwoordig. In 25,5% van die gevalle het die daad in die teenwoordigheid van ander kinders plaasgevind. Dit was broers en/of susters, vriende en speelmaats. Die sielkundige skade aan hierdie kinderslagoffers, is nie net tot die slagoffertjie alleen beperk nie, maar affekteer ook die kinders wat tydens die daad teenwoordig was.

- **Kinders is dikwels onveilig in hul eie huise**

Die studie het dit onomwonde uitgewys dat 35,3% van die kinderslagoffers in hulle eie huise kontak met die oortreder gehad het. Die meeste ander voorvalle het in die oortreder se huis plaasgevind (23,7%), 9,1% in 'n openbare area en 17,2% in of buite 'n dorp of stad.

- **Die afwesigheid van ernstige beserings**

Fisiese mishandeling van kinders het in meer as 'n derde van die gevalle voorgekom (34,5%). Van hierdie gevalle het slegs 9,4% slagoffers ernstige beserings gehad en slegs 0,6% het kritieke beserings gehad of gesterf. Meer as 57,8% het geen beserings gehad nie en 27,6% het ligte beserings gehad. Die gevaar hiervan is dat die misdade ongesiens verbygaan, soos in die geval van seksuele oortredings, waar kinders geen sigbare beserings vertoon het nie.

- **Die voorwerpe wat gebruik is**

In die meeste gevalle is geen wapen of instrument teen 'n kind gebruik nie. Die voorwerpe wat wel gebruik is, was stomp voorwerpe soos 'n stuk hout of pyp (7,4%) of skerp voorwerpe soos 'n mes of 'n byl (8,7%).

Dit het in gevalle van ernstige aanranding en moord voorgekom. Hande en vuiste is heelwat gebruik (12%), maar kinders is dikwels teen objekte gestamp en ergerlik geskud. Heelwat minder kinders as wat normaalweg vermoed word, is met 'n warm voorwerp, soos 'n sigaretstompie, gebrand (0,3%).

- **Seksuele oortredings word eers later gerapporteer**

Die meeste oortreders (66,8%) het die kind net so op die misdaadtoneel gelos. Die meeste van die gevalle is binne 24 uur by die SAP gerapporteer (59,3%) en ander 'n dag of twee later (12,5%). Seksuele oortredings is eers na 'n lang tyd gerapporteer.

- **Wie die meeste mishandel word**

Die meeste slagoffers van mishandeling is vroulik (75,4%), wit kinders (19,26%), swart kinders (44,3%), bruin kinders (35,1%) en Indiër- kinders (1,2%). Die ouderdom van die meeste mishandelde kinders is tussen 13 en 15 jaar (29,5%). Na die ouderdom van 15 jaar, is daar 'n beduidende afname in mishandeling. Kinders tussen die ouderdom van 10 tot 12 jaar, was die tweede grootste groep (19,9%).

- **Die oortreders se identiteit**

Mans was in die meeste gevalle die oortreders (88,9%). Swart mans was in 44,7% gevalle die oortreders. In 34,1% gevalle was bruin mans, in 19,8% gevalle was wit mans en in 0,9% gevalle was Indiër- mans die oortreders.

In byna 'n vyfde van die gevalle was die oortreders onder die ouderdom van negentien jaar (18,5%) en 28,6% van die gevalle was onder die ouderdom van een en twintig. Heelwat misdaad teen kinders word deur ander jongmense gepleeg. Die ouderdomme van die oortreders is tot die ouderdom veertig versprei, waarna die persentasie oortreders afneem.

Heelwat van die oortreders was nooit getroud nie (53,5%), terwyl 24,0% getroud was en 6,8% van die gevalle geskei of 'n wewenaar was.

'n Groot groep oortreders (39,9%) was werkloos en 17,9% was as werkers in diens. Slegs 6,3% van die oortreders was in die hoë inkomstegroep, terwyl 9,8% in die middelklas-inkomstegroep voorgekom het.

In 25,7% van die gevalle was die opvoedkundige vlak van die oortreder tussen graad 8 en graad 10; 10,6% gevalle was tussen graad 11 en 12 en slegs 4,9% van die oortreders het 'n naskoolse kwalifikasie gehad.

- **Die meeste oortreders het 'n kriminele rekord gehad**

In byna twee derdes van die gevalle (62,9%) het die oortreders 'n kriminele rekord gehad. Van hierdie veroordelings was die meeste op grond van aanranding (13,1%), dan verkragting (8,5%), onsedelike aanranding (5,0%) en ander seksuele oortredings (1,8%). Die feit dat twee derdes (63,2%) van hierdie oortreders nooit vervolgt of vir hul oortredings gevonnissen is nie, is kommerwekkend. In 12,0% van die gevalle kon die oortreder nie opgespoor word nie, 37,4% van die gevalle is deur die hof opgeskort en 21,5% van die aanmeldings is deur die slagoffers teruggetrek. Slegs 'n vyfde van die gevalle (20,4%) het óf 'n boete, 'n opgeskorte vonnis óf gevangenisstraf gekry.

- **Daar was geen berading of ondersteuning vir die slagoffers nie**

In die meeste gevalle is geen berading of ondersteuning aan die slagoffers voorsien nie. In 44,4% van die gevalle was daar geen hulp nie en in 41,8% van die gevalle het 'n maatskaplike werker die slagoffers bygestaan. In 13,9% van die gevalle is ondersteuningsdienste deur psigiaters, pastors, onderwysers en dokters verleen.

#### 2.5.4 Opmerkings

Die voorlopige bevindinge wat beskryf is, bevestig die omvang van die probleem van kindermishandeling en dui daarop dat baie navorsing oor die bestuur, behandeling en hantering van hierdie probleem by al die onderskeie instansies dringend nodig is.

Dit is treffend dat van die twintig voorstelle wat op grond van die studie aangebied word, die tekort aan fondse, toerusting van werkers en bewusmaking van die gemeenskap, asook onvoldoende fasiliteite, die duidelikste temas was.

Die ontwikkeling van 'n omvattende en intensiewe terapieprogram vir die oortreders van kindermishandeling, is noodsaaklik. Die gebrek aan só 'n program, bevestig die vermoede dat hierdie veld nog braak lê. Die kinders van enige land is vir seker sy grootste bate en belegging. Spesiale aandag aan kinders, help hulle om hul volle potensiaal te ontwikkel en gesonde volwassenheid te bereik.

Suid-Afrika het onlangs 'n konstitusie goedgekeur waarin die regte van kinders uiteengesit is. Die regering het by die ondertekening van die "Convention on the Rights of the Child" ('n dokument van die Verenigde Nasies), onderneem om die volgende uit te leef:



To protect all children from any form of discrimination and to take positive action to promote their rights; to provide the child with adequate care when parents, or others charged with that responsibility fail to do so; to protect the child from all forms of maltreatment by parents or others responsible for the care of the child and to establish appropriate social programmes for the prevention of abuse and for the treatment of victims; to provide special protection to a child deprived of the family environment and to ensure that appropriate alternative family care or institutional placement is available in such cases; to make the principles and provisions of the Convention widely known among adults and children in the community; and to establish a committee for the Rights of Children composed of ten experts of national standing who will consider the reports that the state has to submit two years after ratification and every five years thereafter. (Convention on the Rights of the Child, Forum 1996:14.)

Strydig met hierdie verbintenis van die Verenigde Nasies, is die koue statistiek van misdade teen kinders in Suid-Afrika. Hierdie statistiek word in die onderstaande tabel weergegee (Forum 1996:18):

**STATISTIEK : AANTAL GEVALLE  
 JANUARIE 1993 TOT JUNIE 1996**

MISDADE TEEN KINDERS ONDER 18 JAAR	1993 JANUARIE TOT DESEMBER	1994 JANUARIE TOT DESEMBER	1995 JANUARIE TOT DESEMBER	1996 JANUARIE TOT DESEMBER
Verkragting	4736	7559	10037	7363
Sodomie	431	491	660	480
Bloedskande	146	156	221	125
Onsedelike aanranding	3439	3904	4044	2449
Art 23/1957 Seksuele oortredings	1034	1094	1121	632
Poging tot moord	175	213	244	139
Ernstige aanranding (GBH)	1339	1905	2272	2058
Gewone aanranding	2364	3246	3768	2589
Onwettige verwydering	522	743	805	720
Ontvoering	654	906	978	574
Art 74/ 1983 Kindersorg	1969	2694	3499	2197
Ander gevalle: openbare onsedelikheid	385	753	833	479
<b>Totaal</b>	<b>17194</b>	<b>23664</b>	<b>28482</b>	<b>19805</b>

**2.6 Samevatting**

In die voorafgaande hoofstuk is oorsigtelik op die uitwerking wat kindermishandeling tot gevolg het, gefokus.

- Samelewingsfaktore speel 'n besliste rol, veral in gemeenskappe uit laer en swak sosio-ekonomiese omstandighede.

- Die moderne samelewing met sy tegnologiese ontwikkelings, bring groot konflik en aggressie in gesinne na vore.
- Stres kan 'n beslissende rol speel, veral as skielike veranderinge in die finansies, beroepe of sosio-ekonomiese toestande nie toereikend hanteer word nie.
- Ouers met 'n geskiedenis van mishandeling, isolasie, 'n vroeë huwelik en ongewenste swangerskappe, kan kindermishandeling laat manifesteer.
- Kinders wat kronies siek, gestrem of hiperaktief is en wat gedragsprobleme openbaar, kan die bose kringloop aan die gang sit.

Enige vorm van kindermishandeling verbreek die intieme ouer-kind-verhouding wat seker die belangrikste voorwaarde vir opvoeding is.

Die belangrikheid van die gesin kan nie genoeg beklemtoon word nie. Alhoewel dit die kleinste sisteem in die samelewing is, bepaal die lewenskwaliteit van gesinne die lewenskwaliteit van 'n gemeenskap (Klopper 1992:199). Die teendeel is egter net so waar. As kindermishandeling in gesinne teen die huidige tempo voortduur, word die hart van 'n gemeenskap verskeur. Die volgende geslagte sal dan ook die prys vir wanfunksionerende gesinne betaal. Van die belangrikste pilare in enige verhouding, is respek. Respek vir mekaar en respek vir God, word in kindermishandeling misken.

Elke individu wie se basiese behoeftes as mens nie bevredig word nie, word eenvoudig in sy volle potensiaalontwikkeling gestrem. Waar die gesin dié veilige hawe vir liefde, koestering en beskerming moes wees, is dit in die snelveranderde omstandighede en tegnologiese ontwikkeling, dikwels tot 'n plek van onveiligheid, swak kommunikasie en mishandeling omvorm. Die bose kringloop van mishandelde kind tot mishandelende ouer in die volgende geslag, word so gevoed en versterk.

Die daarstelling van 'n verslag oor kindermishandeling in Suid-Afrika, kon nie langer uitgestel word nie. Hierdie verslag van die RGN, het duidelike lig op die probleem van misdade teen kinders, gewerp.

Die skokfeite bevestig my vermoede dat die tyd nou, meer as ooit, ryp is om indringend op hierdie probleem te fokus en alle moontlike rolspelers (dan ook pastorale werkers) voldoende in te lig en toe te rus in die begeleiding van gesinne waarin hierdie misdaad voorkom.

Die tyd is verby dat enkele maatskaplike werkers hierdie gespesialiseerde probleem alleen moet hanteer. Pastorale werkers kan, myns insiens, 'n onskatbare bydrae lewer, mits die nodige toerusting verskaf word. Die probleem van kindermishandeling, het al so toegeneem dat niemand meer uitgelaat kan word in die daarstelling van 'n program vir die voorkoming daarvan nie. As kindermishandeling die snelgroeiendste vertakking van die misdaadbedryf in Suid-Afrika geword het en daar nie genoeg fondse of opgeleide personeel is nie, kan pastorale werkers voortaan 'n groot rol in die begeleiding van die slagoffers, asook die oortreders van hierdie misdaad speel.

In die verslag word twee sake wat die noodsaaklike rol van pastorale werkers bevestig, aangeraak. Die een saak is vertroue en die ander is die feit dat kinders die toekoms van 'n land en 'n kosbare belegging is.

- **Vertroue**

Die verslag meld dat daar vandag heelwat oor vertroue gepraat word (Forum 1996:4). 'n Mens moet egter ander se vertroue waardig wees.

Die verslag het juis iets van die onwaardigheid van baie Suid-Afrikaners aan die lig gebring (Forum 1996:5). "As 'n mens sy of haar eie kind, of die kind van 'n familielid of vriende, mishandel, verbeur so 'n persoon die vertroue van die grootste gawe wat ons Skepper aan ons toevertrou, dié van ons kinders" (Forum 1996:5). Vertroue en 'n gesindheidsverandering sal 'n groot rol in die proses van morele opheffing moet speel. Dit is hartseer om te sien dat die meeste gevalle van kindermishandeling in die intieme familie- en gesinslewe afspeel—'n plek wat juis geborgenheid, veiligheid en liefde moes verseker.

- **Kinders is 'n belegging en het regte**

Suid-Afrika het sedert 1994 toenemend 'n menseregtekultuur begin vestig. Die regte van die kind is die fondasie waarop 'n demokratiese samelewing gebou word. Kinders is 'n land se belangrikste bron en hulle vereis spesiale aandag en begeleiding, ten einde hul volle potensiaal te ontwikkel. Gesinne moet opgebou en begelei word om disintegrasie en disfunksionele gesinsituasies te voorkom en sodoende dié tuiste te word wat God bedoel het dit moet wees.

Gesien in die lig daarvan dat die genesing van mishandeling 'n moeilike en langsame proses is, sal die klem ook op voorkoming moet val. Gesinslede ly dikwels aan akute posttraumatiese stres, wat langtermyngevolge, soos angs en ernstige aanpassings- en emosionele probleme, kan hê—probleme wat nie oornag verdwyn nie (Forum 1996:22).

## B. DIE HISTORIESE EN SISTEMATIESE BEWEGING

### Hoofstuk 3: Die versmelting van horisonne

#### 3.1 Inleiding

In die voorafgaande hoofstukke was die beskrywende beweging onder die soeklig. 'n Breë beskrywing van kindermishandeling is gegee en daar word nou na die volgende beweging oorgegaan. In hierdie hoofstuk voeg ek die twee bewegings van Browning (1991), naamlik die historiese en sistemiese beweging in een beweging. Die versmelting van twee horisonne, naamlik dié van die huidige praktyk en dié van die Christelike tradisie, vind in hierdie beweging plaas. Ek het dit nodig geag om die fokus eers op die Christelike tradisie te laat val en dan op die moderne en postmoderne wêreld. In 'n sekere sin is dit nog steeds deel van 'n breër beskrywing en vloei die een beweging oor in die ander.

Erickson (1998:13) beskryf in sy boek, "Postmodernizing the faith", die vinnige veranderinge wat in die wêreld aan die gang is en beklemtoon dit dat postmodernisme 'n realiteit en deel van die lewe is. Erickson beweer dat postmodernisme meer aan ons bekend is as wat ons dalk dink. Hy gebruik die mooi voorbeeld van 'n ouderling wat die voorstel van die kerkraad om 'n nuwe kroonkandelaar (*chandelier*) aan te koop, bevraagteken. Die ouderling het drie redes genoem: eerstens kan hulle dit nie bekostig nie, tweedens kan niemand dit spel nie en derdens is 'n nuwe lig nou broodnodig!

Elke storie het 'n eie uniekheid ten opstige van waar dit afspeel, sy Sitz im Leben, sy Umwelt, omstandigheid en situasie. Hier sou van die ruimte-element—wat gebeur waar?—gepraat kon word. Kellerman (1996:516–519) gaan verder en beklemtoon ook die verrekening van die tyd-element: Wat gebeur wanneer? en die karakter-element: wat gebeur met iemand of deur wie? asook die plot: element: wat gebeur met watter doel of gevolg?

Die ingewikkelde en pluriforme samstelling van die gesin (as gevolg van individue as rolspelers in die verhaal, elk met eie waardes en beskouinge, die invloede daarvan op mekaar en die resultaat daarvan) kan die beste op 'n narratiewe wyse bepaal word.

Terapie bied die geleentheid om op dominante verhale te fokus deur alternatiewe verhale te vertel en so kan die gespreksgenoot haar verhaal hervertel. Gesinne waarin kindermishandeling voorkom, se dominante verhaal moet uitgedaag word sodat die gesin se verhaal hervertel kan word. Die postmodernisme vestig die aandag daarop dat daar 'n verskeidenheid van verhale vertel word en dat die gespreksgenoot se verhaal, die pastor se verhaal en God se Verhaal in die pastorale proses verreken word.

Die betekenis, asook die invloed van die postmodernisme op die vorming van dominante verhale, kan nie ontken word nie. 'n Blik op die modernisme en postmodernisme, alhoewel dit nie volledig onder die loep kom nie, sal tot 'n beter begrip van die huidige praxis en eie posisionering bydra. In 'n postmoderne era vra mense minder dogmatiese, en meer etiese en funksionele vrae. Hoe behoort ek op te tree en wat beteken my geloof binne menseverhoudings?

Vervolgens word daar in die hoofstuk ook op perspektiewe van 'n Christelike antropologie en pneumatologie, asook teologies-etiese beskouings van die gesin en kindermishandeling, gefokus.

### **3.2 Die sosio-kulturele agtergrond in die tyd van die Bybel**

Betekenis is baie meer as wat die meeste mense dink. Betekenis lê nie net in die woorde afsonderlik nie, maar ook in die kennis van die omstandighede en kulturele gebruike van die taalgebruiker (Malina, Joubert & van der Watt 1995:2). As die omstandighede van 'n betrokke taalgebruiker nie in ag geneem word nie, kan die verstaan en presiese bedoeling van daardie taalgebruiker heeltemal misverstaan word. Gestel 'n persoon in Suid-Amerika ontvang 'n Afrikaanse oggendblad en lees die volgende opskrif: "Die Blou Bulle het die Piesangboere opgevreet", mag hy dadelik dink dat Suid-Afrika 'n gewelddadige en eienaardige land is.

Die rugby entoesias in die Pretoria omgewing sal egter met 'n glimlag rondloop!

Dikwels lees mense die Bybel asof dit uitsluitlik vir die Afrikaanssprekende in Suid-Afrika geskryf is. Vir die oorspronklike lesers, het 'n ander wêreld van taal en kultuur asook ander gebruike en gewoontes bestaan. "As ons dit vergeet, ontstaan daar baie probleme met die verklaring van die Bybel" (Malina, Joubert & Van der Watt 1995:2). Die Bybel gee nie klinkklare antwoorde oor kindermishandeling nie, maar as die posisie van die gesin en die kind in die Bybelse tyd verstaan word, kan dit meehelp om die dominante storie wat so gevorm is, vir die gesin van vandag te bepaal.

Browning (1991:47) beklemtoon die noodsaaklike analisering van die religieuse en sosio-kulturele betekenis wat 'n betrokke religieuse en sekulêre wêreld omring. Wanneer daar vanuit 'n Bybelse perspektief na die gesin waarin kindermishandeling voorkom, gekyk word, is dit belangrik om eers na die gesin en die kind in die Bybelse tyd, asook in die vroeë kerk te gaan kyk, as deel van die historiese en sistematiese beweging.

Vir die doel van hierdie studie word die inligting van die Bybel en die vroeë kerk in 'n breër raamwerk geplaas, om sodoende die versoeking om verse in isolasie te lees, te vermy. Daarmee word erkenning gegee aan die feit dat die genoemde wêrelde, van vandag se konteks verskil... "and we cannot take a complete blueprint for the church's treatment of children out of the pages of the New Testament" (Strange 1996:111).

### 3.2.1 Die vrou en man se posisie in die Bybelse tyd

In die Ou Testament het die vrou 'n ondergeskikte posisie teenoor die man beklee. Mans was van nature die vroue se meerdere. Malina, Joubert & Van der Watt (1995:6) sê dat 'n populêre opvatting in daardie tyd was om die sondeval aan die vrou toe te dig. Daarom word vrouens as meer ydel, materialisties en listig beskou. Vrouens se monde (om nie onsinnighede te praat nie), bene (om nie te verlei nie), en hare (om mans se gesag uit te daag), moes altyd toe wees.



Die vrou moes so min as moontlik in die openbaar verskyn. As hulle dit buite die huis gewaag het, moes hul hoofde en gesigte bedek wees. Haar plig in die huis was kosmaak, kinders versorg en algemene huishouding. Sy moes ook haar skoondogters (wat in die Joodse wêreld by die skoonfamilie ingetrek het), touwys maak in die reëls en gebruike van die familie (Malina, Joubert & Van der Watt 1995:8).

In die Grieks-Romeinse wêreld was die man steeds die hoof. Die man heers en het mag, terwyl vrouens nie hul gelyke is nie. Aan die man is die opdrag tot voortplanting gegee en hulle moes namens hulle families, alle godsdienstige take verrig (Malina, Joubert & Van der Watt 1995:7). Die vader het lewenslange mag oor sy gesin gehad, al het die kinders getrou en die huis verlaat. In alles moes die vader se toestemming gevra word, van grond koop tot testament opstel. Van die vader is verwag om in die behoeftes van sy familie te voorsien. Hy moes sorg dra dat almal kos en klere het en hy het ook sy familie, waar nodig, verteenwoordig. Hy moes ook help met die opvoeding.

Die Romeinse vader het ook die reg gehad om na 'n kind se geboorte te besluit of hy die kind as sy eie wil aanvaar, al dan nie. Sou hy besluit om nie die kind te aanvaar nie, word die baba op een van die ashope buite die dorp of stad gegooi (Malina, Joubert & Van der Watt 1995:7). Die pa het ook die reg gehad om sy kinders as slawe te verkoop en selfs te laat doodmaak as hulle ongehoorsaam was (Strange 1996:2). 'n Kind was absolute gehoorsaamheid en eerbiedigheid aan die pa verskuldig.

Die ou gesegde in die Afrikaner kultuur—dat 'n kind gesien en nie gehoor moet word nie—se oorsprong kom eintlik uit die Bybelse wêreld. Dit is as oneervol beskou as 'n mindere van 'n meerdere verskil en hom teëgaan. Kinders is van kleins af geleer om respek vir ouer mense te hê. Dit is reeds duidelik dat die patriargale gesinsisteem as 'n voorbeeld vir Christene gegeld het. Die pa het al die mag in 'n bevoorregte posisie en die vrou en kind beklee 'n onbenullige posisie sonder mag.

### 3.2.2 Die posisie van seuns en dogters

Seuns is belangriker as dogters geag. Seuns moes by hulle vaders leer hoe om hul families se eer in die openbaar te handhaaf. Die grootste deug van enige dogter was dat sy seksueel rein moes wees. Die meisie wat haar maagdelikheid behou het, kon verwag om met 'n goeie man te trou (Malina, Joubert & Van der Watt 1995:8). Die moeders se verantwoordelikheid was om hul dogters uit die openbare oog te hou, sodat hulle nie in onnodige versoekings beland nie. Dogters was as weerkaatsers van hulle gesin se eer en waardes beskou.

Die beskouing dat 'n dogter se plek saam met die ma, binne-in die huis was, was sterk gevestig. Seuns kon weer saam met die vaders algaande meer in die openbaar rondbeweeg. Na 'n jongman se troue het hy saam met sy vrou in sy ouerhuis aangebly. Van seuns is verwag om hul ouers tot op hulle oudag te versorg (Malina, Joubert & Van der Watt 1995:8).

### 3.2.3 Primêre waardes

Volgens Malina, Joubert & Van der Watt (1995:9) is daar 'n verband tussen die basiese opvattinge van mense en die wyse waarop hulle leef. Die basiese opvattinge of waardes oor tyd, besittings, geld, seksualiteit, kinders en godsdiens sal 'n wesenlike uitwerking op die toekomstige lewenswyse van die kinders hê. Persone in die eerste eeu was byvoorbeeld nie begaan oor ekonomiese aangeleenthede nie. Mense het gewerk om hul oorgeërfde status te behou en hulle gesinne goed te versorg.

Die vernaamste waardes was *eer* en *skaamte*. "Eer het te make gehad met 'n persoon se waarde as mens en die erkenning daarvan deur ander" (Malina, Joubert & Van der Watt 1995:9). Skaamte het te make gehad met die persoon se openbare reputasie. Hierdie twee waardes, eer en skaamte, het die samelewing in die eerste eeu deursuur. As 'n persoon se eie waarde deur ander erken en gerespekteer is, is sy goeie naam in stand gehou. Veral die groep waaraan so 'n persoon behoort het, se erkenning was belangrik.

Die individu het die groep se norme geken en ook straf verwag as dit oortree sou word. Die groepsgedagte was in daardie tyd oorheersend. Mense het aan hulleself en ander ten opsigte van 'n groep gedink.

Binne die sterk patriargaal georiënteerde eerste eeuse wêreld, is eer aan die manlike geslag gekoppel. Mans het meer eer as vrouens gehad. Indien 'n man boonop ook uit 'n eervolle familie gebore is (soos byvoorbeeld die stam Benjamin, volgens Fillipense 3:5), het dit beteken dat hy reeds 'n eervolle persoon was. As iemand oneervolle ouers gehad het, was so 'n persoon byvoorbaat oneervol (Deuteronomium 23:2–4).

'n Persoon kon ook eer bekom deur byvoorbeeld 'n persoon met dieselfde sosiale status, se goeie naam in die openbaar uit te daag. Dit het dikwels by wyse van beledigings, strikvrage en debatte geskied, byvoorbeeld Matteus 22 waar Jesus deur die Fariseërs uitgedaag is (Malina, Joubert & Van der Watt 1995:10).

#### 3.2.4 Magsposisies en verpligtinge

Een van die belangrikste verhoudings in die antieke wêreld was die van 'n persoon in 'n magsposisie en diegene wat vir hulle gewerk het. Die persone in 'n magsposisie het gewoonlik beheer oor die noodsaaklike lewensmiddele gehad en het ook eervolle posisies in die samelewing ingeneem (Malina, Joubert & Van der Watt 1995:16). Omdat die meeste mense arm was, was hulle van mense in magsposisies of weldoeners afhanklik. Kinders was eintlik in dieselfde posisie teenoor hulle ouers, veral omdat die vader die een was wat vir die brood op die tafel gesorg het.

Verpligtinge en lojaliteit is reeds by geboorte aanwesig. Die feit dat die ouers deur geboorte die lewe vir die kind gegee het en haar verder versorg, plaas 'n verpligting op die kind. Die kind bly vir haar ouers verantwoordelik tot by hulle dood. Sy moes as kind, hulle fisies versorg en respekteer, hulle goeie naam instandhou en hulle eer deur haar gedrag (Malina, Joubert & Van der Watt 1995:31). Gehoorsaamheid binne die gesin was 'n wyse waarop die gesag van meerderes erken is. Op verskeie plekke in die Nuwe Testament (onder andere Efesiërs 6:1–4; Kolossense 3:20), word die belangrikheid van gehoorsaamheid beklemtoon.

Strange (1996:73) beklemtoon die opdragte van hierdie twee teksgedeeltes soos volg: "The content of these instructions reinforces the normal social position of children, enjoining obedience and respect for parents... They were a common form of ethical instruction." Eer, skaamte, lojaliteit en gehoorsaamheid het die kind in die Bybelse tyd in 'n magtelose posisie geplaas, omdat die kind verantwoordelikheid vir sy ouers tot by hulle dood aanvaar.

Die huisreëls van die Efesiërs en Kolosense briewe, toon aan dat daar 'n beweging weg van 'n outokratiese instelling is, na 'n ruimte waarbinne alle gesinslede saam in 'n gemeenskaplike verhouding met Christus groei.

### 3.2.5 Die huwelik en kinders

In die Joodse wêreld was die trou-ouderdom van meisies ongeveer dertien jaar en die van seuns sewentien jaar. Die ouers het gewoonlik lank voor die tyd besluit met wie hul kinders eendag sal trou en die kinders het hul vaders se gesag en goeie oordeel hierin eerbiedig. Huwelike is hoofsaaklik ter wille van voortplanting en nie ter wille van liefde aangegaan nie (Malina, Joubert & Van der Watt 1995:68).

Die Nuwe Testament beklemtoon die harmonieuse verhouding tussen man en vrou. Daar kom 'n aanpassing in die rol van man en vrou in die huwelik (Efesiërs 5:21). Jesus deurbreek 'n stereotipe opvatting van die vrou se sosiale status, deur met vroue in die openbaar te praat, hulle te onderrig en hulle deel van 'n groep te maak (Lukas 8:1–3 en 10:3–42). Kinders kry ook 'n meer prominente rol in die Nuwe Testament. Ouers was baie trots op hulle kinders en daar is graag oor hulle goeie eienskappe en dade gepraat. Kinders is as die draers en instandhouders van hulle familie se goeie naam beskou. Kinders was die verlengstukke van hulle ouers, daarom is daar geglo dat kinders net soos hulle ouers optree. Goeie ouers het derhalwe goeie kinders en slegte ouers, slegte kinders (Malina, Joubert & Van der Watt 1995:74).

In die eerste eeu is mense se algemene optrede, wat jy sê en doen, as 'n verlengstuk van jou persoonlikheid beskou (Malina, Joubert & van der Watt 1995:93). Die mens se optrede het bevestig watter tipe mens jy was.

Volgens Jesus is 'n mens se dade 'n venster van wat in jou binneste aan die gang is. Dis die vrugte van 'n boom wat die bewys lewer of die boom goed of sleg is (Matteus 7:1–20). Die mens se emosies, wil en denke moes op God ingestel wees, sodat die dade wat uit so 'n lewe voortspruit, 'n refleksie sou wees van wat in die mens se binneste leef (Matteus 6:19–21).

### 3.2.6 Samevattende opmerkings.

- Van kinders is verwag om gehoorsaam, selfbeheersd, met respek en eerbied, teenoor hulle ouers op te tree.
- Van vaders is verwag om hulle kinders te erken en te aanvaar en as hoof van die gesin, hulle te versorg en te beskerm.
- Van moeders is verwag om kinders op te voed en die huishouding instand te hou. Albei ouers het godsdienstige verantwoordelikhede gehad. "Finally, all family members, parents and children, were to love, respect, support, and be loyal to each other if those duties did not conflict with an obvious duty to God" (Tehan 1987:173).
- In die konteks van die wêreld van die Nuwe Testament was 'n algemene belangstelling in die kind nie te vinde nie. Die hegte gesinne van daardie tyd, was die kind se belangrikste leefwêreld. Binne hierdie leefwêreld was die respek vir 'n kind, asook die woorde van Jesus oor kinders belangrik (Strange 1996:112).
- In die geskiedenis van die Christendom is die belangrikheid en die respek vir die kind dikwels misken. Strange (1996:112) draai geen doekies om as hy die volgende daaroor sê nie:

"The abuse of children has been as widespread in so-called Christian societies as in others, and it would be naive to claim that the dominance of Christianity in Western culture has necessarily meant that children have been universally well cared for."

- In vandag se tye sal dissipels van Jesus Christus, die aard en betekenis van Jesus se woorde en optrede oor kinders, duidelik moet laat spreek. Jesus het na kinders in die algemeen verwys en aan hulle 'n besondere plek toegeken... "children simply as children, wherever they are and in whatever need they find themselves" (Strange 1996:113). Die teistering van kinders moet voortdurend beveg word. Eers moes die doodmaak van kinders in die Romeinse tyd, toe kinderslawerny in die Victoriaanse tyd en nou die toenemende mishandeling van kinders beveg word. "The Christian's commitment to this continuous task of vigilance in the care of children springs ultimately from obedience to the example of Christ himself" (Strange 1996:113).
- Die sterk hiërargiese gesinstruktuur van die Bybelse tyd, waar die vader as die patriarg en die moeder in 'n ondergeskikte posisie gefunksioneer het, vra na nuwe insig. Binne so 'n struktuur was die kinders in nog 'n laer posisie. Hierdie verhoudinge moet in Christus getransformeer word, in die mate dat die ouers nog steeds ouers is en kinders, kinders. Die teksgedeeltes in Efesiërs 4:14–21 en Kolossense 3:18–4:1, is 'n beweging na 'n vennootskap van wedersydse verantwoordelikheid teenoor mekaar en 'n saamgroei in Christus. In 'n samelewing van toenemende enkel-ouerskap en saamgestelde gesinne is 'n vennootskap van wedersydse respek, liefde en verantwoordelikheid, onvervangbaar.

### **3.3 Die moderne wêreld**

Die sosio-kulturele wêreld in die Bybelse tyd het 'n dominante verhaal ten opsigte van die rol en die posisie van vaders, moeders en kinders tot stand gebring. Na my mening is mag en wanbalans in verhoudings kenmerkend van hierdie dominante verhaal. Magsposisies en wanbalans in verhoudings is onder andere 'n teëlaarde vir kindermishandeling. Ek glo dat hierdie dominante verhaal gedekonstrueer moet word in die lig van wat Christus kom voorleef het en die posisie wat Hy aan kinders gegee het. Die moderne en postmoderne wêreld het 'n invloed op die dominante verhaal uitgeoefen en ek wil vervolgens die lig op hierdie wêreld laat val.

Die *moderne wêreld* het 'n aanvang geneem met omwentelings in die wetenskap wat vanaf die vyftiende tot die begin van die agtiende eeu plaasgevind het. Die moderne wêreld verwys na die Westerse wêreld soos wat dit na die Middeleeue en vanaf die tydperk van die Verligting tot vandag toe ontwikkel het (Erickson 1998:15). Rossouw (1995:3) gaan voort om vyf eienskappe van die moderne wêreld te gee en soos hy tereg opmerk, kan 'n mens eers die postmoderne wêreld verstaan as die moderne wêreld verstaan word.

Die *eerste eienskap* van die moderne wêreld is die *vertroue* van die mens in sy *verstandelike oordeelsvermoë*. So 'n mens word deur getuienis wat vir die menslike verstand aanvaarbaar is, gelei en hierdie getuienis is een van eie waarneming, feite en logiese argumente.

Like premoderns, modern persons were looking for all-inclusive explanations of events and of reality, but believed that this could be done without recourse to anything supernatural (Erickson 1998:16).

Dit is duidelik dat die wetenskap 'n baie belangrike rol in die moderne wêreld speel. "Die wetenskap is die instrument waarmee die mens kennis bekom wat aan hierdie standaard voldoen" (Rossouw 1995:4). Dit verklaar terselfdertyd waarom die kerk sy gesagsposisie, wat hy voor die moderne era gehad het, verloor het. Geloof en kerklike gesag was nog nooit in die redelike oordeelsvermoë van die mens gegrond nie, maar in Goddelike openbaring. Die moderne mens aanvaar die Goddelike openbaring nie meer as die kardinale basis vir besluite oor sy leefwêreld nie.

Die *tweede eienskap* van die moderne wêreld is in die *dinamiese, steeds veranderende karakter* daarvan geleë. Die moderne mens is daarop ingestel om hulle leefwêreld te verander ten einde dit te verbeter. "Dit wat in die pad van verandering en verbetering staan, word voortdurend uitgedaag en onder druk geplaas" (Rossouw 1995:4).

Die wêreld hoef nie net so aanvaar te word nie, dit kan verbeter word. Hiertoe het die moderne wetenskap en tegnologie inderdaad bygedra om die wêreld te help verbeter. Die moderne mens is eintlik net van een saak seker en dit is dat daar in die toekoms verandering sal wees. Die wetenskap word hoog geag en is een van die belangrikste middele waardeur probleme opgelos word.

Die *derde eienskap* van die moderne wêreld is die *individualisme* daarvan. Die individu het die belangrikste bousteen in die moderne wêreld geword. Die individu kry nou regte, individuele stemreg en vrye keuses om te doen wat hy wil. "Truth being objective, individuals can discover it by their own efforts"(Erickson 1998:17).

Die *vierde eienskap* van die moderne wêreld hang ten nouste saam met *integrasie*, met ander woorde, die neiging om alles vanuit 'n sentrale punt te beheer. Dis die strewe van die moderne mens om sy wêreld effektief en gekontroleerd te bestuur.

Die *laaste eienskap* van die moderne wêreld, is toenemende *spesialisasie*. Die kennisontploffing maak dit al hoe moeiliker vir een persoon om oor al die kennis van 'n onderwerp te beskik. Vakspesialiste, wat baie van 'n klein, afgebakende gebied sou weet, het vinnig na vore gekom.

Alhoewel daar ander eienskappe aan die modernisme toegedig word, volstaan ek vir die doel van hierdie studie by bogenoemde. Opsommerderwys kan die modernisme as die geloof in die rasonele van die heelal beskou word en fokus dit op die potensiaal van die mens om die waarheid te ken en te verstaan, wat dan enige vorm van die bonatuurlike uitskakel. Die werklikheid word beperk tot dit wat ervaar kan word en kennis word beperk tot dit wat deur die rede en ervaring geken kan word. Dit sluit weer enige vorm van intuïsie uit. "What is not logical is not considered real" (Erickson 1998:18).



### 3.4 Die postmoderne wêreld

Mense reageer gewoonlik op twee maniere op die moderne wêreld. Daar is die premoderniste—mense wat iets van die era wat die moderne voorafgegaan het, wil herwin. Dié groep is in die minderheid, omdat min mense kans sien om sonder die voordele en luukshede van die moderne wêreld klaar te kom. Dit is veral sekere “fundamentalisties godsdienstige groepe” (Rossouw 1995:8), wat die rug op die moderne wêreld wil draai. Daar is ook heelwat mense wat die dinamiese wetenskap en tegnologie van die moderne wêreld aanvaar, maar na sekere aspekte uit die voor moderne tydperk hunker, soos byvoorbeeld sterk gemeenskapsbande of 'n groot mate van konsensus oor etiese waardes, wat tipies van die premodernisme is. Promoderniste is mense wat opgewonde oor die moderne wêreld is. Premoderniste wil iets van die ouer bedeling, wat voor die moderne wêreld bestaan het, herstel.

*Postmodernisme* is die tweede reaksie op die moderne wêreld en wil sê dat daar iets kort. Erickson (1998:85) beskryf hierdie reaksie soos volg: “The immediate impulse for the dismantling of the modern mind was a theory of literary criticism known as deconstruction, which arose as a response to structuralism.” Hulle wil nie terugkeer na die ouer bedeling nie, maar wil na 'n postmoderne era beweeg. Die postmoderniste wil baie van die moderne era behou, maar wil wegbeweeg van sekere vorme van dominasie en vervreemding wat eie aan die moderne wêreld is. Sekere denkwyses wat tipies van die moderne is, moet vervang word met denkwyses wat verdere skade aan die mens en wêreld sal beperk (Rossouw 1995:9). 'n Mens sou kon sê dat die postmoderne era, die moderne wil beoordeel en vasstel wat in die moderne era van waarde is.

Sekere kwelpunte en probleme word vanuit 'n ander perspektief belig en daar word opnuut daaroor besin. Die postmodernisme is op probleme en tekortkominge gegrond wat oor jare heen in moderne samelewings opgemerk is. Van hierdie probleme is besoedeling, verkeersdrukte, stres en 'n gejaag na niks.

Postmodernisme kan ook beskou word as 'n wydlopende lewensgevoel, wat die bestaan van meestersvertellings of dominante verhale (wat ewig vasstaan en waar is) ontken. Orde en sekerheid is nie te vind nie en morele konsensus, die waarheid en die beste manier van leef, is nie haalbaar nie. Daar is nie een korrekte interpretasie van 'n teks nie, omdat die betekenis van dinge (wat deur taal gedra word) oop en onderhandelbaar is. "One insight that postmodernism has correctly seen is that all our knowledge is held from a particular perspective, or to put it differently, is based on our own presuppositions" (Erickson 1998:154).

Dis so goed as om te sê dat 'n ander persoon verkeerd is, net omdat sy siening van joune verskil. Dit is om in te beweeg in 'n ander persoon se perspektief en om vanuit sy voorveronderstellings te dink.

It means that we will have to listen to the deconstructionist, rather than just talking, which tend to be an occupational disease of both clergypersons and sometimes of lay Christians. We will need to look through our deconstructionist's eyes long enough to understand why for him or her the view makes good sense (Erickson 1998:155).

Dit is belangrik om genoeg tyd te neem om te luister, opreg en eerlik te wees as ons eie interpretasie verkeerd was of as ons interpretasie om verstelling vra. Erickson (1998:155) stel dit so:

In initiating conversation with a deconstructionist, we may need to modify the way in which we do the leading or present the message. This may mean that a more narrative presentation, not in the hermeneutical or heuristic but in the communicational sense of narrative, will have to be the beginning of the conversation.

Die grootste gevaar van die postmoderne era lê dalk juis in die mentaliteit van “anything goes.” Die postmodernisme glo dat die moderne samelewing nie vooruitgang en bevryding deur die wetenskap bring nie. Allerlei soorte diversiteit soos ras, kultuur, godsdiens en morele beskouinge tas die homogeniteit van die moderne wêreld ernstig aan. Hierdie diversiteit word nog verder aangewakker deur die satelliet-televisie wat mense deel van gebeurtenisse wêreldwyd maak (Lötter 1995:15). Die postmoderne wêreld wil ‘n openheid teenoor dit wat anders is, vestig. Elke dag word ‘n mens deur die andersheid van mense gekonfronteer: mense van ander kulture, godsdienstige, morele oortuiging en seksuele oriëntasie. In Suid-Afrika is die voorbeelde legio.

Een manier van omgang is om alles af te wys, stil te maak en te ontken. Daar kan egter ook ‘n houding van openheid teenoor mense wat anders is, ingeneem word (Lötter 1995:15). Die postmoderne wêreld sluit by laasgenoemde aan en wil nie alle verskille verwyder of mense dwing om presies dieselfde te dink en te leef nie. Daar word geglo dat diversiteit ‘n samelewing kan verryk en ‘n verdraagsaamheid kan kweek. “Postmoderne denkers wil ‘n openheid vestig vir die waarde van dit wat ander kulture oplewer ” (Lötter 1995:16).

Erickson (1998:18–19) noem ‘n aantal basiese motiewe van die postmodernisme:

- Die objektiviteit van kennis word ontken. Kennis is nie ‘n neutrale manier van ontdek nie.
- Kennis is onseker en vooruitgang word verwerp. Die geskiedenis van die twintigste eeu bevestig dit. “Knowledge is personal and relational, historically and culturally conditioned, and therefore always incomplete” (Erickson 1998:88).
- Die waarheid word deur en vir die gemeenskap verfyn en alle kennis vind binne ‘n gemeenskap plaas.”The specific truths we accept, as well as the very conception of truth that we hold are conditioned by the group to which we belong” (Erickson 1998:88). Die waarheid is vir ‘n spesifieke gemeenskap waarheid.

- “Truth is not known simply through reason, but through other channels, such as intuition” (Erickson 1998:19). Die waarheid is sosiaal eerder as individueel. “The method of arriving at the truth is not simply through rational investigation, but includes such affective factors as emotions and intuition” (Erickson 1998:88).

Opsommerderwys sou dit beteken dat postmodernisme alle logiese positivisme, behaviorisme en ander kunsmatige wetenskaplike benaderings tot die realiteit verwerp. Dekonstruksie as ‘n vorm van die postmodernisme, verwerp die idee van enige soort objektiwiteit en rasionaliteit.” It maintains that all theories are simply worked out to justify and empower those who hold them, rather than being based on facts” (Erickson 1998:19). Alle kennis en gesprekvoering word vanuit ‘n bepaalde perspektief gedoen en elke perspektief is ewe waar en belangrik. Die postmoderne era wil die dominante verhale van patriargale gesinsisteme dekonstrueer, asook die posisie van vrou en kind in nuwe perspektief plaas.

The meaning of a statement is not to be found objectively in the meaning intended by the speaker or writer, but is the meaning that the hearer or reader finds in it.”What it means to me” is its meaning, even if that is quite different than what it says to you (Erickson 1998:19).

### **3.5 Teologie en die postmoderne wêreld**

Rossouw (1995:27) is reg as hy sê dat die twee begrippe, teologie en postmodernisme oënskynlik niks met mekaar te doen het nie. Teologie het met die verstaan en uitleg van goddelike openbarings en postmodernisme met die wêreld van vandag te make. ‘n Onderskeid is nie nodig nie, want die teologie fokus juis op " die betekenis van goddelike openbarings vir die tyd waarin ons leef " (Rossouw 1995:27). Elke keer wanneer daar groot veranderings in die wêreld gekom het, het dit tot veranderings in die teologie gelei.

Die modernisme het 'n verandering in die teologie gebring. Hiervolgens moes alle teenstydighede in die teologiese kennissistiem uitgeskakel word. Elke uitspraak moes feitlik korrek en logies samehangend wees. Dit het alles beïnvloed, onder andere die prediking en veral die pastoraat, waar die klem op “reg weet” geval het (Rossouw 1995:28).

Die postmodernisme het 'n groot vraagteken agter dit alles kom plaas. Mense is dikwels so oorlaai met teologiese feite en logika, maar verstaan nie wat dit beteken om prakties as gelowiges te leef nie. Mense is op soek na verhale wat hulle kan wys hoe om reg te leef (Rossouw 1995:28). Mense wil in 'n postmoderne era graag weet wat dit beteken om in die praktiese omstandighede van elke dag 'n gelowige te wees. Verder wil die mens uit die kennis, feite en logikagreep van die modernisme ontvlug. Mense wil 'n emosionele beleving en uitlewing, gedra deur simbole en rituele, ervaar.

Die gelowige kan maklik verlore en onseker binne die skeptiese uitkyk van die postmodernisme en die verwerping van objektiewe waarheid voel. Tog glo die gelowige in een samebindende storie wat mense van alle tye insluit. Hierdie storie is die Bybelse narratief van 'n handelende God wat verlore mense red—meer nog: in die inkarnasie van Jesus Christus, bewys God sy oneindige liefde vir die sondaar. Erickson (1998: 90–91) haal Grenz aan as hy sê: “Because we believe that in Jesus Christ the Word became flesh, the story of God's action in Jesus Christ is the criterion by which all interpretations of reality are to be measured.” Dit is die blye boodskap vir alle mense en vervul die verlanse en aspirasies van alle mense. Dit is die boodskap van hoop vir gesinne wat in die maalkolk van mishandeling vasgevang is —God se liefde en vergifnis vir mense met pyn en seer.

Die gevallenheid van die mens moet ons voortdurend daaraan herinner dat die sonde ons menslike verstand verduister. 'n Postmoderne teologie voel ongemaklik met die intellektuele outonomie van die individu, omdat dit die model van die modernisme was. God het ons nooit in isolasie gered nie, maar wel binne 'n gemeenskap (Erickson 1998:94).

Grenz (1996:168) sê: "Individuals come to knowledge only by way of a cognitive framework mediated by the community in which they participate." Hy gaan verder as hy sê dat dit wil voorkom of die gemeenskap die kognitiewe raamwerk vir kennis daar stel.

Verder word die mens se identiteit deur die vertel van sy lewens storie (wat altyd in die gemeenskap se verhaal ingebed is) gevorm. "The community mediates to its members a transcendent story that includes traditions of virtue, common good and ultimate meaning" (Grenz 1996:168).

Samevattend praat Grenz (1996:166ev) graag van 'n postmoderne teologie wat die volgende kontoere vertoon: dis postindividualisties, postrasioneel, postdualisties en postintellektueel van aard.

Die moderne wêreld, gekenmerk deur vordering, vooruitgang en dinamika, het 'n groot groep mense as't ware uit die hoofstroom van die lewe gestoot. Met die geweldige vooruitgang op wetenskaplike en tegnologiese gebied, het heelwat vroue, arm mense, gestremdes en enkelouers en kinders die slagoffers van 'n moderne wêreld geword. Die postmodernisme wil juis by hierdie groep mense aansluit en hul stemme laat hoor. Die kind in 'n mishandelende gesinsisteem het sterk op die voorgrond getree en vra opnuut om gehoor te word. Dit het in die teologie neerslag gevind. Dink maar aan die bevrydingsteologie, die feministiese teologie en omgewingsbewustheid. In 'n postmoderne paradigma het die wêreld klein geword, 'n "global village" (Rossouw 1995:31). Nasionale probleme word aan die hele wêreld bekend gemaak en die isolasie tussen volkere, lande en kulture het vir interaksie plek gemaak. Die wêreld wat tot 'n globale dorp gekrimp het, het die teologie gedwing om met ander oë na mense, godsdienste en die pastoraat te kyk.

Van die begin van die Westerse kultuur af, is die mag van die woord in mense se lewens besef. In die postmoderne era is opnuut besef dat taal nie maar net nog 'n menslike eienskap is nie, maar menslike bestaanswyse moontlik maak (Van der Merwe 1995:56).

Tradisie, godsdiens, kultuur en wetenskap sou onmoontlik gewees het as dit nie vir die mens se taalvermoë was nie. Van der Merwe (1995:57) is van mening dat dit juis die mens se taalvermoë is wat van die mens die kroon van die skepping en die beelddraer van God maak. Hierdie siening wen al hoe meer veld.

Taal is die gereedskapskis wat gebruik word om die wêreld te vorm en te omvorm. "Nog nooit voorheen was taal so allesbepalend vir die mens nie" (Van der Merwe 1995: 57). In die postmoderne tyd speel die hele bestaan van die mens in 'n woordewêreld af.

### **3.6 'n Christelik antropologiese perspektief**

Ek wil graag kortliks 'n aantal perspektiewe bespreek om sodoende tot 'n verantwoordbare Christelike antropologie te kan kom. Die volgende perspektiewe geniet aandag:

#### 3.6.1 Verbondsperspektief

#### 3.6.2 Holistiese perspektief

#### 3.6.3 Verhoudingsperspektief

#### 3.6.4 Samevatting

#### 3.6.1 'n Verbondsperspektief

In die reformatoriese tradisie is die verbond as agtergrond waarteen die verhouding tussen God en mens geteken word, gesien. Daar is toenemende konsensus onder geleerdes om die antropologie in die *verbond* te begrond.

König (1991), Vos & Pieterse (1992) neem die verbond as vertrekpunt. König hanteer eers die verbond en die betekenis daarvan vir menswees en gaan dan verder om 'n antropologie aan die hand van die beelddraergedagte te ontwikkel en dan die antropologie in God te fundeer en aan Christus te normeer.

Vos & Pieterse (1992:151) sê dat God se verhouding met die mens en die wêreld in die konsep soos die verbond gegiet word en as 'n breë teologiese raamwerk waarbinne die mens teenoor God reageer, dien. Verder plaas die verbond die mens as individu en gemeenskapsweise binne 'n kommunikasieraam.

Ten diepste het die mens 'n behoefte aan 'n liefdevolle en vriendelike verhouding met God. Sy ontwikkeling tot volwasse mens geskied deur ander mense en vind vergestaltung in goeie en gesonde verhoudings met sy medemens en 'n behoefte aan hoop en uitsig op 'n toekoms. "In hierdie proses van kommunikasie en relasie met God, met mekaar en met die natuur, word die mens tot identiteit en tot volwassenheid gevorm" (Vos & Pieterse 1992:150). Die antropologiese teorie word vanuit 'n prakties-teologiese perspektief ontwerp. Van der Ven (1990:149) sê dat dié soort teorie op teologiese status aanspraak maak en indien daar nie logiese weerspreking is nie, dit selfstandig, voldoende en noodsaaklik is. Die volgende vyf momente van 'n verbondsperspektief wat vanuit die antropologiese teorie aan die beurt kom, word kortliks bespreek:

- Die verbond
- God se koms na die mens en wêreld
- 'n Versteurde verhouding met God
- Die herstel van die verhouding met God
- Verbond en Koninkryk

#### □ Die Verbond

Die verbond word as kern vir 'n basisteorie gekies. Die verbond moet hermeneuties-kommunikatief verstaan word. Dit beteken dat die verbond uit sy Bybelse verpakking gehaal moet word en in die hede geïnterpreteer moet word. Die verbond is 'n belangrike motief in die Ou en Nuwe Testament. "n Keuse vir die verbond as raamwerk vir 'n antropologiese basisteorie sluit nie ander tekste uit nie, maar vra aandag vir die perspektiewe wat deur die verbond vir 'n antropologie ontsluit word" (Vos & Pieterse 1992:151).



Die verbond lê binne 'n breër teologiese raamwerk, wat God se verhouding met die mens en die wêreld genoem kon word (Vos & Pieterse 1992:151).

□ God se koms na die mens en wêreld

God het die hele skepping tot stand gebring en die heelal as ruimte van sy Heerskappy geskep. In hierdie wêreld stel God die mens as Sy verteenwoordiger en kroon aan (Genesis 1:27). Die mens as beelddraer beteken dat die mens toegerus en bestem is om God in die wêreld te verteenwoordig, vanweë 'n baie besonderhede verhouding met God (Vos & Pieterse 1992:151). Hierdie verhouding maak dit moontlik dat die mens met God kan praat en dat God na die mens kan luister. Die mens ontvang ook die opdrag om te heers (Genesis 1:28).

□ 'n Versteurde verhouding met God

Die volmaakte verhouding tussen God en mens word met die sondeval (Genesis 3) verpletter. Eers is die mens ongehoorsaam en pleeg dan moord (Genesis 4). Vervolgens het die mens vir hom probeer naam maak en die grens tussen God en mens oorskry (Genesis 11:1–9). Die mens word in al sy verhoudings versteur en sy verhouding met God verander van geluk en vrede na vrees (Heyns 1974:129ev). Die mag van die dood word 'n werklikheid en die mens betree die pad van moeite, ellende, skeiding en sonde.

Na die sondeval kom daar 'n skeiding in al die mens se verhoudings en staan die mens se totale lewe voortaan onder die vloek (Vos & Pieterse 1992:151–152).

□ Die herstel van die verhouding met God

Die sondeval beteken nie die einde nie, maar 'n nuwe begin. God se reddende genade bewaar die totale skepping van ondergang. Uit genade reik God uit na die mens en bring 'n verbondsverhouding tot stand. God verwag van die mens om die bepalings van die verbond na te kom. So ontstaan 'n wederkerige verhouding wat van wedersydse vertrouwe en dialoog spreek (Vos & Pieterse 1992:157).

Die woord verbond vat die genadige optrede van God teenoor mens in een woord saam. Genesis 17 beskryf hierdie liefdevolle verbintenis van God met die mens. Vos & Pieterse (1992:153) druk dit so uit: “Die verbond is ‘n lewende, dinamiese verhouding waarin ‘Ek’ en ‘jy’ aan mekaar verbind is.” Dis ‘n blywende verbond wat op die blywende trou van God dui en wat in ‘n reeks beloftes uitloop.

In die Nuwe Testament word God se trou deur die sakrament van die doop verseël (Vos & Pieterse 1992:153). God neem altyd die inisiatief. Hy het dit met die verbond gedoen, in die koms van Jesus Christus en so ook by die doopgebeure. Dit bevestig opnuut Sy liefde en genade vir die kroon van Sy skepping. Juis omdat die verbond ‘n noue verbintenis aandui, word van die mens verwag om in alle omstandighede en alle tye en plekke opreg en onberispelik naby en voor God te leef. “Wie aan die wet wat volmaak, betroubaar, reg, suiwer, rein en waar is, vashou, leef moreel reg voor God” (Vos & Pieterse 1992:155).

In die versoeningswerk van Jesus Christus het die gebroke mens weer ‘n kans op herstel. Christus kom herstel die gebroke verhouding en kom demonstreer opnuut God se liefde, sorg en genade.

#### □ Verbond en Koninkryk

Die verbond as konsep vir ‘n antropologiese teorie word verder deur die koninkryksbegrip verhelder. Jesus is Immanuel, God met ons (Matteus 1:23). God is deur Jesus Christus in die verbond by ons teenwoordig. Die geluk, vreugde, vrede en eindbestemming van die mens is vir God so belangrik, dat Hy, God, in Jesus Christus met en by ons wil wees. Die voltooiing van die verbond vind plaas, wanneer God by ons kom woon en Hy alles in almal sal wees (Vos & Pieterse 1992:155).

Die Koninkryk van God kry in elke mens (as Verbondsgenoot) gestalte, as die mens die waardes van God se ryk erken en daarvolgens in sy persoonlike, gemeentelike en gemeenskapsbestaan lewe. Vos & Pieterse (1992:156) noem hierdie waardes van God se koninkryk: *liefde, geregtigheid, vrede en hoop*. Eerbied vir hierdie waardes beteken ook eerbied vir God en die naaste.

Om God te eer, lief te hê en in Hom te glo, gee aan hierdie waardes uitdrukking. Om jou medemens in alle opsigte menswaardig te behandel, gee eweneens uitdrukking aan hierdie waardes. As ander mense behandel word soos jy behandel wil word (Matteus 7:12), moet daar van respek, eerbied en liefde vir ander mense sprake wees, ongeag die feit dat hulle anders as ek is, dink of optree. Ander se behoeftes en belange weeg dan swaarder (Vos & Pieterse 1992:157). Die gesin waarin kindermishandeling voorkom, sukkel om hierdie waardes uit te leef, want skuldgevoelens en gebrokenheid verduister God as vennoot.

In die daaglikse praktyk beteken dit dat die mens in gehoorsaamheid naby die Here leef. Die gelowige leef die wil van God onder leiding van die Heilige Gees uit. Fowler (1987:21) gebruik die begrip *roeping* (vocation) om die mens se lewe en prioriteite in verbondenheid met God te beskryf.

Vocation is the response we make with our total selves to the call of God (acknowledged or unacknowledged) and to God's call to partnership. In this more comprehensive sense, vocation refers to the orchestration of our leisure, our relationships, our work, our private lives, our public lives, and the resources we steward. It is the focusing of our lives in the service of God and in the love of the neighbor (Fowler 1987:32).

Die moment wanneer die mens as vennoot van God in hierdie wêreld leef, kan hy nie anders as om in God se skepping, Sy heerskappy en Sy bevrydings- en verlossingswerk te deel nie. Fowler (1987:48–49) sê dat 'n vennootskap in die heerskappy van God, onder andere die bevordering van moraliteit ten doel het. Heerskappy beteken die vestiging van ordentlikheid en geregtigheid in die verhoudings binne gesinne, samelewingsinstellings en volkere.

Hierdie vennootskapsrol van die mens kom binne die konteks van die verbond tot sy reg. Die gelowige vind sin en betekenis vir sy lewe in sy roeping om as vennoot van God oral en altyd te leef soos God dit wil hê. God herskep die mens deur sy Woord en Gees en gee aan hom 'n nuwe humaniteit wat na die beeld van Christus gevorm word (Pieterse 1991:10). As nuwe mens en as God se bondgenoot begin hy die waardes van die Koninkryk uitleef. Hierdie waardes is vroeër *liefde, geregtigheid, vrede* en *hoop* genoem (Pieterse 1993:166). Dit is my mening dat 'n Christelike antropologie nie anders kan as om 'n teologie van die toekoms te verdiskonteer nie.

Heyns (1981:139) en Vos & Pieterse (1992:150) sê dat, volgens die Skrif, die mens volgens God se plan met sy lewe op weg is na die verwerkliking van daardie plan. Die toekoms waarheen die mens op pad is, is onbekend, maar die God van daardie toekoms is nie onbekend nie. Die mens is soos 'n pelgrim deur die hede op pad die toekoms in. "Menswees is lewe-met-die-oog-op-die-toekoms en dit het as noodwendige keersy 'n lewe-by-die-eis-van-elke-dag" (Heyns 1981:140).

Volgens Van der Ven (1990:54) maak die hermeneutiek erns met die verstaan van die historiese betekenis van 'n teks in sy konteks. Daar word na die betekenis van 'n teks gevra deur die perspektief van die hede. "Die ontdekking van die sin van die teks vir die persoonlike en gemeenskapslewe hier en nou, kom nie deur die aanwending van 'n reeks bestaande betekenis tot stand nie" (Vos & Pieters 1992:156). Dit is twee horisonne wat versmelt. Die een horison is die religieuse teks as normatiewe komponent en die ander horison is die huidige situasie.

Hermeneutiek beteken dat mense met hul geloofservaringe hier en nou kan leef en die skadu van die breuk tussen God en mens, in sy verhoudinge kan bestaan. God nooi die mens tot dialoog, vertrouwe en 'n gehoorsame lewe in oorfloed uit. Die liefdesgebod (Matteus 22:34–40) gee die riglyne vir 'n gelukkige en vreugdevolle lewe voor God. Iemand wat hiervolgens lewe, leef moreel reg voor God en sy naaste.

Die Gereformeerde Kerke in Nederland het 'n sinvolle bydrae ten opsigte van die verbond gemaak. In 'n rapport getiteld, *In liefde trouw zijn* (1983), word na die basiese verbondswaardes verwys. God het 'n verbond as 'n ruimte vir vryheid en liefde tot stand gebring. Die basiese verbondswaardes is: *liefde, vryheid* en *verantwoordelikheid*. Hierdie waardes word in die verslag vir enige seksuele verhoudinge vertaal: *wederkerigheid, duursaamheid, vryheid* en *veiligheid* (*In liefde trouw zijn* 1983:33). Ek ondersteun hierin die siening van Müller (1996:48) dat dié rapport ongelukkig hierdie norme net op 'n horisontale vlak en nie op 'n vertikale verhouding met God verdiskonteer nie. Hy gaan verder en sluit dan ook by die verbondsbenadering aan. God en sy rol in menslike verhoudings word in dié benadering genoegsaam beklemtoon. Müller (1996:48) is van mening dat geen huwelik en gesin gesond kan funksioneer, sonder die norm van *wederkerigheid, vryheid, duursaamheid* en *veiligheid*, asook die verbondsbenadering waarin die rol van God in menslike verhoudings uitgespel word nie.

### 3.6.2 'n Holistiese perspektief

Die mens as eenheid binne vele verhoudings, is die vertrekpunt van hierdie perspektief. 'n Christelike antropologie kan nie anders as om erns te maak met die mens as *eenheidswese* wat *in vele verhoudings* gewikkel is nie. Die mens as eenheidswese word deur verskeie geleerdes onderskryf. (Kyk Dingemans 1986:74; Berkhof 1979:196 en Heyns 1981:120). Die mens is 'n persoon met 'n persoonlikheid en gawes. Die totale mens (kognitief, konatief en affektief) is in alles van God afhanklik en behoort aan Hom (1 Korintiërs 6:13) en is iemand in wie die Heilige Gees woon (1 Korintiërs 6:19).

Hierdie holistiese blik op die mens vra dat al die aspekte van die mens se sisteem in die oog gehou moet word. Die mens beleef sy menswees binne 'n web van verhoudings. Die mens kan dus nie tot 'n enkele rol of verhouding gereduseer word nie. (Pieterse 1988:184; König 1991:4 ; Dingemans 1986:72). Die mens vind sy identiteit, sin en etiese imperatief in die ander mens (Van Niekerk 1992:73). Dus, die mens is 'n eenheidswese wat in veelvoudige verhoudings bestaan en wat as geskape beeldraer van God, deur die sonde verskeur is, maar die waarborg van 'n nuwe lewe, in die verlossingswerk van Christus het (Romeine 5:12–21).

### 3.6.3 'n Verhoudingsperspektief

Heyns (1981:127) beskryf die mens as 'n verhoudingswese en noem ses verhoudings waarin die mens staan, naamlik :

- In verhouding tot *God*
- In verhouding tot sy *medemens*
- In verhouding tot *homself*
- In verhouding tot die *natuur*
- In verhouding tot die *kultuur*
- In verhouding tot die *struktuur*

König (1991:4) meld ses fassette van menswees wat bevestig dat die mens aan sekere basiese verhoudings gebonde is. Benewens die verhoudings tot God, medemens en natuur, noem hy ook dat die mens *omgewingsvry* is, oor die *vaardigheid van taal* beskik en 'n *historiese wese* is.

### 3.6.4 Samevatting

Om saam te vat: " 'n Verbondsantropologie gee ruimte vir God om God te wees, vir die mens om mens te wees en vir die wêreld om wêreld te wees" (Vos & Pieterse 1992:157). Die Christelike antropologie binne die raamwerk van die verbond, hou bepaalde implikasies vir die pastoraat in.

Uit bogenoemde kan die volgende dus van die mens gesê word:

- Die mens is 'n eenheid—liggaam en siel—met ander woorde, 'n eenheidswese, met sy eie unieke geskiedenis en potensiaal. Die mens leef in 'n netwerk van verhoudings en moet daarom in sy ekosisteem verstaan word.
- Godsdienst is 'n verhouding en nie iets wat op die mens geplaas word nie. Die primêre verhouding van die mens, is sy verhouding met God. Alhoewel die sonde die mens se potensiaal belemmer en sy verhoudings ontwig, herstel die Heilige Gees weer hierdie verhoudings deur die wedergeboorte.

- Elke persoon is uniek. Mense kan nie in hokkies en vakkies geplaas word nie, want elke mens se kulturele, sosiale en ekonomiese konteks en reaksie op sy omgewing, is verskillend.
- Die mens is 'n verbondswese. 'n Mens kan nie buite die verbond beskou word nie, want die verbond verteenwoordig herstelde verhoudings. God het die mens tot vennootskap in Sy plan geroep.
- In die gesin waarin mishandeling voorkom, ontbreek die waardes van die Koninkryk dikwels (liefde, geregtigheid, vrede en hoop), omdat die gesin en die kinders spesifiek, nie hul Goddelike doel bereik nie. Hierdie waardes maak eerder plek vir geheime, hartseer, wanhoop en skuldgevoelens.

### **3.7 'n Christelik pneumatologiese perspektief**

'n Christelike antropologie kan nie beskryf word sonder 'n besinning oor 'n Christelike pneumatologie nie. Vos (1988:203–204) stel dit treffend deur die teologie met 'n spinnerak te vergelyk. Wanneer die teoloog die pneumatologie aanraak, kom die Christologie en antropologie in beweging. In die spinnerakbeweging word dit duidelik dat die Gees die mens in die heil wat Christus verwerf het, laat deel kry. Vos (1988:204) praat van die *simbiotiese werk van die Heilige Gees*. Dit beteken dat die Gees dit moontlik maak dat die gelowige se saamlewe met Christus 'n daaglikse werklikheid word. Die mens word deur die Heilige Gees vernuwe en verander. Die treffende vers in 2 Korintiërs 3:18b lees: "Ons word al meer verander om aan die beeld van Christus gelyk te word. Die heerlijkheid wat van ons uitstraal, neem steeds toe. Dit doen die Here wat die Gees is." (Nuwe Afrikaanse Vertaling 1983: 235). Deur die vernuwende werk van die Heilige Gees, kan mense begin droom oor 'n beter wêreld waarin mense nuut en goed kan lewe.

Vir die pastoraat is hierdie simbiotiese werk van die Gees onontbeerlik. Wanneer die pastoraat die misterieuse werk van die Heilige Gees misken, word die belangrike rol van die *Gees as Brugbouer en Parakleet* verloën. Heyns (1981:292) sê dat die betekenis van Brugbouer juis is om bymekaar te bring. Die Gees wil die mens en die Woord, die mens en die toekoms, God en die wêreld *bymekaar uitbring*. As parakleet (Johannes 14:16 en 1 Johannes 2:1) is die Gees die advokaat, trooster en helper. “As Voorspreker wil Hy juis Jesus tot ‘n werklikheid in die lewe van die mens maak” (Heyns 1981:292). Deur die begeleiding van die Heilige Gees, word die mens in nood op die toekoms gerig, met gevolglike hoop, nuwe groeipotensiaal en oorwinning (Müller 1996:85). Onder leiding van die Heilige Gees ontdek die mens homself, word hy toegerus en bereik hy sy bestemming as God se kind. Verder pas die Heilige Gees die werklikheid van die verlossingslewe, op alle aspekte van die gelowige se daaglikse lewe toe (Louw 1990:140).

Die Bybelse antropologie kan nie sonder ‘n pneumatiese karakter bestaan nie. Die Heilige Gees stel die mens in staat om voortdurend en doelgerig in heiligheid, diensbaarheid en aanvaarding van God se genade te groei (Louw 1990:173–174). In Christus het God die Vader die sondige wêreld vir Hom toegeëien en in die Heilige Gees gaan Hy voort om Sy doel met die wêreld te bereik.

In die narratiewe benadering gaan dit veral oor God se verhaal wat ‘n verhaal van betrokkenheid by die mens is. “Die Gees maak ons sensitief vir die empiriese werklikheid rondom ons...” (Müller 1996:51). Die pastoraat het ten diepste met die versorging van lidmate se geloof, met die oog op groei na volwassenheid, te make. Die mens in sy konkrete lewensituasie word versorgend en vergesel van ‘n gespreksgenoot, by Christus uitgebring. Die pastoraat as paraklese, bring God en mens binne sy konkrete lewensituasie by mekaar uit. Dis die mens in nood wat God se liefde en versorgende omgee, opnuut ontdek. (Romeine 12:1; 2 Korintiërs 1:3; Kolossense 3:12). Die Heilige Gees stel die mens in staat om in watter gebeure ookal, die lewende en handelende God te ontdek (Heyns 1981:298).



Die pastoraat as paraklese en sorg, bring die mens se verhaal en God se Verhaal bymekaar. Dit is altyd God wat via mense met mense deur die Heilige Gees handel. Die rol en werk van die Heilige Gees is onontbeerlik en maak ons handeling sinvol. Onder handeling word verstaan "om doelbewus onder die kontrole van die een wat handel, in die loop van dinge in te gryp, met die doel om veranderinge te bring, met die oog op die ideale situasie van die komende Koninkryk van God" (Pieterse 1991:52). Hierdie handeling word in geloofsgebeure voltrek, waar mense met mekaar praat, in die geloof dat God in Jesus Christus deur die werking van die Heilige Gees, die Derde Persoon in die gesprek sal wees.

Die Heilige Gees is onmisbaar in die skep en onderhouding van verhoudings tussen God en mens en tussen mens en mens. Dan kom daar verandering en bevryding in mense se lewens en breek die Koninkryk van God aan (Pieterse 1991:52).

Cavanagh (1993:207) skryf in 'n treffende artikel dat die basiese doel van berading in die algemeen en in pastorale berading in die besonder, daarop ingestel is om mense te verander. Dit is nie 'n verandering op behavioristiese vlak nie (Gerkin 1984:144), maar 'n verandering wat vanuit die toekoms en nie die verlede nie, plaasvind (Müller 1996:29). God is altyd deur die Heilige Gees besig om 'n nuwe begin te maak, afgesien en ten spyte van die verlede (Müller 1996:29). Verandering vind deur 'n grondige herskryf van die lewensverhaal tot in sy kern, plaas. Dit is die omkeer, delf en herontdekking van al die onontginde potensiaal, begelei deur die werking van die Heilige Gees, wat verandering moontlik maak. Die Heilige Gees begelei die mens tot selfinsig, insig in sy eie sondegebrokenheid en die wonder van die verlossing in Jesus Christus.

### **3.8 'n Teologies-etiese beskouing van die gesin, kind en kindermishandeling**

#### **3.8.1 Die gesin teologies-eties beskou**

Kindermishandeling in enige vorm is en bly 'n sensitiewe saak waaroor mense nie maklik praat nie. Van die predikante met wie ek gesels het, sê almal dat hulle nie

eens bewus is van kindermishandeling in hulle gemeente nie. Die gevalle wat daar was, is deur maatskaplike werkers hanteer en geen geval is by die predikant aangemeld nie.

Uit die algemene literatuur oor kindermishandeling, moet die gevolgtrekking gemaak word dat die predikant in 'n groot mate as hulpbron geïgnoreer word. Die kerk kan egter nie sit en wag op uitnodigings en erkennings van buite nie (De Jongh Van Arkel 1984:55). Daar sal duidelike betrokkenheid en inisiatief van die kerk en teoloë by die groeiende probleem van kindermishandeling moet kom.

Die rol wat die kerk speel as dit by kindermishandeling kom, is gewoonlik in sy etiese beskouing en morele oordeel van die situasie gegrond (Browning 1983:13,18). 'n Eensydige verwysingsraamwerk plaas die simptoom (mishandeling) nie binne konteks nie (De Jongh Van Arkel 1984:58). Gedrag kom nie geïsoleerd voor nie, maar in verhouding met ander gesinslede binne spesifieke situasies. Ouers en gesinne in nood beskou dikwels die predikant as rigied en sonder veel begrip. Soms is hulle siening dat die predikant met vaste, vooropgestelde idees en eensydige vooroordele sit en hulle krisis, in hierdie geval, kindermishandeling, nie sal verstaan nie (De Jongh Van Arkel 1984:58). "Sosiale vraagstukke en veranderinge het teoloë gedwing om hulle eie denkpatrone en kategorieë te herevalueer" (De Jongh Van Arkel 1984:58).

Die kerk kan 'n omvattende bydrae in die hulpaksie en besinning oor kindermishandeling lewer. "Teoloë moet meer en dieper oor humaniteit as Goddelike skeppingswese besin, asook in watter mate die een mens mag oor 'n ander kan uitoefen" (De Jongh Van Arkel 1984:59). *Alle mense is na die beeld van God geskape. Alle mense is uniek, besonder en in gelyke waardigheid voor God.* Mishandeling tas die menswaardigheid van die mens aan en die kind word 'n pion in die misbruik deur ander. Die mens word in sy reg, wat God aan hom gegee het, kragtens sy besondere posisie voor God, aangetas en verneder.

Volgens De Jongh Van Arkel (1984:60) word talle etiese vrae deur kindermishandeling onder die soeklig geplaas en dit word hier slegs ter wille van nadenke genoem.

- Seksuele of selfrelasie-etiek is by mishandeling ter sprake.
- Egskeiding
- Moet die skuldiges by mishandeling gestraf word?
- Watter tipes straf is in die kerk, maatskappy en juridies ter sprake?
- Hoe oordeel die kerk oor die intieme ondervragingsmetodes wat in howe ter sprake kom?

Etiek het met reg en verkeerd, goed of kwaad, te doen. Volgens Rossouw (1995:47) kan etiese optrede in twee kernwoorde beskryf word, naamlik die *goeie* en die *ander*. “ Etiese optrede kan daarom kortweg as daardie soort optrede beskryf word wat op dit wat vir jouself, asook vir ander goed is, fokus” (Rossouw 1995:47). Wanneer Paulus oor etiek praat, praat hy teologie. Hy maak nie ‘n definitiewe onderskeid tussen etiek en teologie nie, omdat hy God se werk as die verhaal van die transformering van mense na die beeld van Christus weergee.

Romeine 12:1 handel oor die nuwe lewe in Jesus Christus en bevestig hierdie opmerking as hy sê dat ons onself vir God moet gee, as lewende en heilige offers, wat vir Hom aanneemlik is.

In die *Middeleeue* was daar konsensus oor wat reg en verkeerd is. Die skema van Aristoteles met sy drie stappe, kon in enige situasie toegepas word. Eerstens moes jy verstaan hoe die mens in sy natuurlike toestand is. Tweedens, moes jy weet wat die doelwit, waarna die mens streef, is. Derdens moes reëls en riglyne neergelê word wat die mens kon help om vanaf sy natuurlike toestand tot sy doelwit te kan beweeg (Rossouw 1995:48).

Hierdie situasie het baie verander met die koms van die *moderne era*. Die kerk en daarmee saam ook die skema van Aristoteles het hulle oorheersende posisie in die samelewing verloor. Die kerk was nou nie meer die gesagsinstansie wat bepaal wie die mens is en wat sy doelwit is nie. Die moderne mens was vasgevang in etiese onsekerheid, want daar was nie meer 'n neutrale skeidsregter om te bepaal wat reg en wat verkeerd is nie. Etiese vraagstukke het meer geword en die antwoorde minder. Daar is toenemend en met sekerheid oor wat "is" gepraat, maar nooit oor wat "behoort te wees" nie (Rossouw 1995:50). Anders gestel, die gebrek aan konsensus oor etiese kwessies in die moderne era, het daartoe gelei dat mense nie meer gretig is om voor te gaan met die debat oor wat reg en wat verkeerd is nie.

In die *twintigste eeu* het die debat oor etiek weer opnuut begin. Ontnugtering met die wetenskap, wat steeds 'n beter wêreld wou skep, is deur die vernietiging van miljoene mense in die Tweede Wêreldoorlog op die spits gedryf. Die natuur het ook al meer onder die wetenskap se vooruitgang begin ly (Rossouw 1995:50). Die tyd vir herbesinning oor die moderne wêreld en sy waardes, het aangebreek. Daar kan nie langer net op feite gekonsentreer word nie. Die belangstelling in allerlei etiese vraagstukke is die resultaat van hierdie herbesinning.

In die postmoderne era is die tergende vraag nog steeds: hoe kan daar vooruitgang oor etiese kwessies in 'n wêreld van uiteenlopende en dikwels botsende waardes wees? (Rossouw 1995:51). Sommiges wil die ou bestel van 'n etiese konsensus najaag; andere wil van etiese nadenke vergeet, omdat verskillende mense verskillende opinies en waardes het.

Rossouw (1995:51) is van mening dat die botsende standpunte as 'n feit aanvaar moet word, maar dat die verskillende perspektiewe in 'n dialoog met mekaar betrek moet word. Ek is van mening dat die dieperliggende waardes van God se Woord weer herontdek moet word en dat norme en waardes vir vandag hieruit moet voortvloei.

Joubert (1996:45) is van mening dat die huwelik 'n religieuse instelling is. Dit lig die huwelik uit die stereotipe groef van die eerste eeu en plaas dit binne die raamwerk van mense se verhouding met God. Jesus beskou die man en vrou as gelykwaardig voor God wat binne die huwelik mekaar "...in 'n omvattende liggaamlik-geestelike gemeenskap tot mekaar bevind" (Joubert 1996:45).

Jesus se selfoorgawe aan die kruis en Sy verhouding met Sy kerk vorm volgens Paulus, die fondament van die huwelik (Efesiërs 5). Die huwelik moet hieruit verstaan word en die egliede se gedrag jeens mekaar word hiervolgens gemodelleer (Joubert 1996:45).

Die huwelik is die aangewese plek vir seksualiteit waar dit met wedersydse respek en agting vir mekaar gepaard gaan. Seksualiteit met 'n kind in 'n gesin, gaan teen die grein van God se bedoeling met die huwelik in. "Man en vrou se seksuele behoeftes moet ook deurentyd op mekaar gerig wees" (Joubert 1996:45).

Volgens Genesis 1 is man en vrou gelyk geskep en saam die opdrag gegee om in verantwoordelikheid teenoor die res van die skepping te leef. Albei is na die beeld van God geskep en albei is die kroon van die skepping.

In Genesis 2 word die vrou uit die man geneem en as sy helper geskep. Die vrou is die man se hulp en die een wat saam met hom loop en werk, omdat sy soos hy is, volgens die beeld van God (Heggen 1989:85). Deur die sondeval (Genesis 3) het God se plan vir man en vrou, as onderdanig aan mekaar en as heersers oor die aarde, in gedrang gekom.

In the beauty of committed marriage two persons can satisfy their needs for love, companionship, sexual fulfillment, and security. The children of that home can enjoy security, trust, and steady growth to maturity in an atmosphere of committed love (Monfalcone 1980:18).

Die sogenaamde Bybel-model vir gesinne word dikwels gepropageer. Dis 'n pa wat sy gesin as hoof lei en buite die huis as broodwinner werk. Die ma, onderdanig aan pa, neem volle verantwoordelikheid vir die huishouding en die kinders.

Dit is haar hoogste prioriteit totdat die kinders die huis verlaat. Dan eers kan die ma, met die nodige toestemming, 'n beroep beoefen. "The appropriate between genders is one of rule and obedience, of dominance and submission" (Heggen 1989:86).

Jesus Christus het kom demonstreer hoe interpersoonlike verhoudings in die nuwe bedeling daar uitsien. Matteus 20:20–28 en Efesiërs 5:21–6:9 sê iets van hierdie nuwe verhoudings waarin mense staan. "As long as a patriarchy is supported and male dominance is considered the appropriate model for human relationships, sexual abuse of children will continue" (Heggen 1989:87).

In 1 Timoteus 3:2–4 word van die ouderling verwag om sy eie huishouding goed te beheer en in alle opsigte gesag oor sy kinders uit te oefen. Deur die jare heen is fisiese straf gebruik om hierdie gesag oor kinders te handhaaf. Heelwat gedeeltes in Spreuke ondersteun hierdie gedagte (Kyk Spreuke 13:24; 23:13; 10:13; 12:1; 13:1; 15:5; 17:10; 19:18; 19:29; 22:15; 26:3; 29:15, 17).

Teen hierdie agtergrond kan die vader maklik as die woeste, ernstige outoritêre gesag wat met mag sy kinders beheer, gesien word en die moeder as die liefdevolle versorger. "Children respect and fear the father but love the mother affectionately even after they are married" (Pilch & Malina 1993:129).

Die Nuwe Testament dra die boodskap van verlossing en bevryding, van skeidsmure wat afgebreek is. Natuurlike verskille tussens nasies, klasse en geslagte word deur Jesus Christus opgehef (Galasiërs 3:27–28 en Lukas 4:18–21). "Met so 'n boodskap het die kerk 'n raamwerk om mee te werk, maar ook 'n opdrag om betrokke te raak" (De Jongh Van Arkel 1984:62). Dit gee vir soveel gesinne waarin kindermishandeling voorkom, hoop en 'n nuwe toekoms....

Van Leeuwen (1990:234) stel God se verlossingsplan, in aansluiting by bogenoemde, so:

...an unfolding drama in which God's salvation is made available to more and more groups previously considered marginal. Salvation and equality of access to its privileges and responsibilities, is not just for Jews, but for non-Jews; not just for free persons, but for slaves; not just for men, but for women—and so on, in keeping with the principle Paul enunciated in his original letter to the Galatians (3:28).

Dit is waar dat God graag man, vrou en kinders emosioneel, geestelik en fisies gesond binne die gesinsisteem wil sien leef. Maar wanneer gesinslede geweld, mishandeling en onveiligheid beleef, moet die kerk "...wisely struggle to find God's permissive will amidst human brokenness. Human beings must not be sacrificed on the altar of devotion to marital permanence" (Heggen 1989:93). Die gesin moet 'n veilige hawe vir elke gesinslid wees waar elkeen se diepste behoefte aan liefde, geborgenheid, aandag en veiligheid bevredig word (Monfalcome 1980:23). "In a atmosphere which glorifies suffering, females tend to see abuse as their cross to bear, as their way of identifying with the sufferings of Christ" (Heggen 1989:94).

Terapie fokus op 'n herstelde lewenspad, waarin verlede en hede op 'n heerlike toekoms uitloop. Wat in die verlede gebeur het, moet uitgepraat word en betekenis kry, sodat die slagoffers weer sinvol met die hede op pad na die toekoms kan wees. In gesinne waarin kindermishandeling voorkom, het albei ouers, sowel as die kinders heling nodig. Dis 'n lang proses van "...repentance, restitution, forgiveness and reconciliation" (Heggen 1989:123). Vier begrippe word kortliks bespreek, na aanleiding van die werk van Heggen (1989).

- **Berou**

In die Nuwe Testament word die woord *metanoia* gebruik om iets van 'n totale denkverandering weer te gee. Die woord word ook as *bekering*, 'n *wegdraai van 'n sondepad* en 'n *terugdraai na God* vertaal. Bekering vra 'n diepe berou en hartseer oor dit wat verkeerd is. "Forgiveness without repentance may make the community feel better, but it is not a healing experience, either for victim or perpetrator" (Heggen 1989:124).

Hierdie egte berou is meer as net om te sê: "Ek is jammer, dit sal nie weer gebeur nie." Dit is 'n egte berou oor sonde en die gevolge daarvan. Dit is 'n diepe berou oor die hartseer wat aan ander gedoen is." Wanneer 'n persoon so 'n egte berou het, kom depressie en gedagtes aan selfmoord voor. Ondersteuning, liefde en voorbidding deur Christenvriende en die pastor is uiters noodsaaklik. Om iets van die pyn van 'n mishandelde kind te ervaar, vra ure van praat en intense luister na die mishandelde. "It may require reading the stories of other victims, or talking to a therapist about the ongoing effects of victimization" (Heggen 1989:124).

Die pastor moet daarteen waak om die kind se storie in twyfel te trek. Volwassenes glo dikwels dat kinders stories oor mishandeling opmaak. Volwassenes se skeptisisme word dikwels bevestig deur kinders wat uiteenlopende stories vertel. Ek onderskryf Ritter (1995:102) se siening: Kinders jok nie oor mishandeling nie! As hulle jok, is dit om die oortreder te beskerm.

Daar word die verhaal vertel van 'n ouma wat steeds wonder hoekom God nie haar gebede op agtjarige ouderdom verhoor het nie. Die ouma se gebede was dat die misbruik moes stop. "A key point of what is being taught the children is that if someone does something to them and they are told not to tell anyone, then that is what should be told" (Ritter 1995:102). Kinders moet weet dat "...the cycle of silence and denial must be broken" (Ritter 1995:104).



- **Restituisie of vergoeding en herstel**

In der waarheid kan niks teruggegee word aan 'n kind wat mishandel is nie. Hoe vergoed 'n mens byvoorbeeld 'n dogter wat seksueel deur haar vader misbruik is? Tog kan sekere handeling en geskenke met simboliese waarde, iets van herstel kommunikeer. So kan, volgens Heggen (1989:125), 'n pa of ma wat hul kinders mishandel het, gevra word om 'n donasie aan 'n organisasie wat met mishandelde kinders werk, te gee. "One woman asked her father to pay for the cost of cosmetic surgery so she could have the scars of repeated suicide attempts removed from her wrists" (Heggen 1989:125). 'n Jong man wat sy suster mishandel het, is versoek om elke dag 'n uur saam met haar fiets te ry of boek te lees.

- **Vergifnis**

Om te vergewe, is nie om te vergeet nie. 'n Dogter wat seksueel mishandel is, kan nie op 'n dag net vergewe en verder ontken dat daar ooit iets met haar gebeur het nie.

She cannot understand and rejoice in who she is today if she does not recall the journey which has brought her here. Her experience of God's grace is limited if she forgets important pieces of her life (Heggen 1989:126).

'n Mishandelde kind het 'n groot worsteling met God in hierdie proses van vergifnis. Vrae wat dikwels gevra word, is: "Waar was God toe dit gebeur het en hoekom het Hy dit toegelaat?" asook: "Hoe kon iemand wat sê hy is 'n kind van God en veronderstel is om my lief te hê, my misbruik?"

Augsburger (1981:52) sê dit so treffend: "When forgiveness denies that there is anger, acts as if it never happened, smiles as though it never hurts, fakes as though it is all forgotten...it is not forgiveness. It's a magical fantasy."

Om te vergewe, is nie om te sê: “Dis alles reg, ek weet jy het dit nie bedoel nie! of: “Ek weet jy het ook ‘n rowwe kinderlewe gehad en jy kon jou nie beheer nie.” “It may be forgivable, it is never excusable” (Heggen 1989:127).

Om te vergewe, beteken nie om ‘n geestelike sousie oor mishandeling te gooi nie. “Dit is nie belangrik wat die mishandeling aan my gedoen het nie, ek het hom/haar lankal vergewe en aan Jesus, wat regverdig oordeel, oorgegee. Help my liefers nou om my tweede egskeiding te hanteer.” Te veel kinders wat mishandel is, ontken hulle gevoelens, blameer hulself vir wat gebeur het en gee voor dat dit nie so erg was nie. “While this provides a temporary way of dealing with the emotional pain, it is not forgiveness” (Heggen 1989:128).

Pastors kan ook maklik in die slagatrap trap van sewentig maal sewe keer vergewe, of die ander wang draai. Dit is ‘n soort passiewe, jammer-ek-leef houding en verander niks aan die mishandeling nie. Vergifnis beteken nie dat alle persone nou skielik vertrou word nie. Vertroue en vergifnis is twee verskillende prosesse in die heelwording. Dit kan maklik gebeur dat ‘n pastor vir ‘n kind sê dat indien hy nie sy ouers vertrou nie, hy hulle nog nie vergewe het nie (Heggen 1989:128). Ritter (1995:101) sê dat predikante so gou as moontlik met vergifnis wil omgaan, sodat die saak van kindermishandeling vergeet kan word. “But forgiveness is a process and not just a momentary event. Sometimes the process spans a lifetime.” Vinnige vergifnis is goedkoop genade!

Die Nuwe Testamentiese woord vir vergifnis, is *afhiemi*. “Aphiemi has the connotation of sins sent away, divine punishment remitted, and harmony between God and the sinner restored” (Heggen 1989:129). Vergifnis word deur berou en aanvaarding van Jesus Christus se dood en opstanding bereik. Jesus het die nuwe lewe moontlik gemaak, daarom is vergifnis die pad van heel word. “Forgiveness is a process which allows the victim to let go of the intense emotional pain associated with her abuse and replace it with inner resolution and peace” (Heggen 1989:129–130).

Selfblamering is ook 'n belangrike aspek van kindermishandeling. Kinders ervaar dit dikwels dat dit hulle skuld is. "Ek was stout en verdien dit" en "Ek was die oorsaak, ek het hom uitgelok en kon nie nee sê of weghardloop nie." Fortune (1983:209) beskryf dit so:

I will no longer allow this experience to dominate my life.  
I will not let it continue to make me feel bad about myself.  
I will not let it limit my ability to love and thrust others in  
my life. I will not let my memory of the experience to  
continue to victimize and control me.

Vergifnis moet dus selfvergifnis insluit. "When the victim has given up self-blame and personal guilt for the abuse, she may be ready to feel the full depth of her anger, her hurt, her terror" (Heggen 1989:130). Woede, verontwaardiging en wanhoop is van die wisselende emosies in die proses van selfvergifnis. "The deeper the pain, the more often the victim will need to tell her story" (Heggen 1989:131). Vergifnis is die behoefte om te onthou en nie om te vergeet nie.

Van toepassing is die gedig van Elisabeth Gingrich, soos opgeteken in Heggen (1989:131):

## A Spiraling Process

From darkness and depression  
to circles and cycles and  
ebbs and flows  
of relief and etchings of light  
back into darkness and fears and struggles long into the night.  
Yet followed by something called grace—which turned  
into something resembled “resurrection”  
the tombstone s l o w l y was pushed aside  
and something within me let go and cried...  
But who am I now in the light?  
The story rolled out  
and the story’s been told  
and now more healing waits to unfold  
and do you know...for the first time in my life I’m stumped,  
at least in this way,  
by the word **forgiveness**.  
What does it mean?  
And just how do I extend it—when I’ve been so deeply hurt?  
O teach me, Mother God, about forgiveness  
in a spiraling kind of way,  
for it strikes me as awesome and deep  
and I need time for it  
to sit and steep  
into my heart  
and body  
and soul.

Die proses van vergifnis is inderdaad 'n *spiraalbeweging*. Woede en pyn word hanteer, dan kom vergifnis en mettertyd heling en vryheid. So word die mishandeling nie 'n onbeheerbare golf van verskrikking wat enige tyd oor die persoon kan slaan nie. Om die mishandeling in die "overall journey of life" (Heggen 1989:132) te integreer, is 'n belangrike stap in die vergewensproses. "I knew I was starting to forgive my father when I was able to see myself as more than a victim of sexual abuse, and my father as more than a sex offender" (Heggen 1989:132).

- **Versoening**

Die proses het met berou begin, toe volg herstel/vergoeding, vergifnis en toe versoening. Dit is die doel van terapie om binne die raamwerk van die Koninkryk, versoening te bereik. Verhoudinge word herstel en 'n nuwe pad van geluk en vrede kan gestap word. "In letting go, the abuse is robbed of its power to be an ongoing source of pain, despair and frustration" (Heggen 1989:134). Versoening bly 'n moeilike tema as dit by gelowiges en gemeentelede kom. Dikwels is die oortreder 'n gelowige pa! Dit is egter 'n feit dat kindermishandeling onder gemeentelede voorkom. "It is true that sexual abusers are members of congregations" (Ritter 1995:102).

### 3.8.2 Die kind teologies-eties beskou

Kinders is die resultaat van God se handewerk (Psalm 139). Elkeen van hulle is uniek, waardevol, en 'n beeldraer. Jesus het die belangrike plek van die kind kom beklemtoon (Matteus 18:1–14 en Markus 10:13–16).

Die kind was vir Jesus baie belangrik, omdat die kind ondergeskik in die samelewing was (Du Plessis 1989:23). Die kind het eintlik geen posisie of enige mag gehad nie en ongelukkig is hierdie posisie in die kerk voortgesit. Vandag nog is die kind iemand wat net gesien en nie gehoor moet word nie. Du Plessis (1989:23) gee 'n uiteensetting van die kerngedeeltes in die sinoptiese evangelies om meer insig oor die posisie van die kind te verkry. Die gedeeltes is Matteus 18:1–5; Markus 9:33–37; Markus 10:13–16; Lukas 9:46–48; Matteus 19:13–15 en Lukas 18:15–17.

Daar kom telkens sleutelwoorde in hierdie gedeeltes voor wat die aandag trek. Die aanhalings kom uit die Nuwe Afrikaanse Vertaling (NAV 1983) en met my eie kursivering:

- Matteus 18:4 “Wie homself *gering ag soos hierdie kindjie*, hy is die belangrikste in die koninkryk van die hemel.”
- Markus 9:37 “Elkeen wat so ‘n *kindjie in my Naam ontvang, ontvang My*; en elkeen wat My ontvang, ontvang nie net vir My nie, maar ook vir Hom wat My gestuur het.”
- Markus 10:14–15 “Laat die kindertjies na My toe kom en moet hulle nie verhinder nie, want die *Koninkryk van God is juis vir mense soos hulle*. Dit verseker Ek julle: Wie die koninkryk van God nie soos ‘n kindjie ontvang nie, sal daar nooit ingaan nie.”

Iets van kindwees is so belangrik, dat dit toelating verleen tot God se koninkryk (Du Plessis 1989:23). Wat sou dit wees?

- In Markus 9:33–37 vind daar ‘n stryery onder die dissipels plaas oor wie die belangrikste is (Strange 1996:53). Die belangrikste persoon sou tog ‘n sekere mag en status hê. Jesus verduidelik die belangrikste posisie met ‘n kind as voorbeeld en keer so die gangbare opvatting, dat ‘n hoër rang meer status beteken, onderstebo (Du Plessis 1989:24). Volgens die manier waarop God sake vanuit die koninkryksperspektief beoordeel, beklee Hy ‘n laer posisie met hoër status. Iemand wat homself gerig ag, soos hierdie kindjie gering is (Matteus 18:4), verstaan wat dit is om nie belangrik te wees nie. ‘n Kind se plek in die sosiale rangorde is laag, gering en klein, maar God gee daaraan ‘n hoë status. Op hierdie wyse word ‘n nuwe waardestelsel vir die dissipels verduidelik (Du Plessis 1989:24). Die dissipels se waardes moet verander, alvorens hulle iets van God se koninkryk sal verstaan.

Du Plessis (1989:24) merk tereg op dat die begrippe *rang* en *status*, 'n derde begrip na vore bring, naamlik *mag*. Binne die bestaande waardestelsel beteken 'n hoër rang en status, meer mag. Wanneer Jesus dan 'n nuwe waardestelsel voorhou, beteken status die vermoë om sonder die uitoefening van mag, op te tree.

Die optrede van die dissipels word nie meer vanuit 'n posisie van mag bepaal nie, maar van magteloosheid. Die toets vir die nuwe waardestelsel blyk uit die manier waarop kinders, wat die laagste op die sosiale leer staan, aanvaar word. 'n Kind se magteloosheid mag nie teen hom tel nie, maar moet die status van 'n invloedryke posisie in die samelewing hê (Du Plessis 1989:24; Strange 1996:48).

- In Markus 10:13–16 het vroue hulle kinders na Jesus toe gebring sodat Hy hulle moes seën. In Matteus 18:1–5 gebruik Jesus die kind as voorbeeld om te verduidelik wie die belangrikste in die Koninkryk is. Malina, Joubert & Van der Watt (1995:72) vat die verandering in rolle so saam: "Kinders word dus tekenend van die feit dat rolle binne die Koninkryk van God heeltemal omgeruil het. Hierbinne word ware grootheid nie langer aan geslagsrolle, sosiale status of ouderdom gekoppel nie, maar wel aan dienslewering en nederigheid.

Verder gee Markus 10:13–16 'n definitiewe rangorde. Dis die *ouers* wat die kinders na Jesus toe bring om deur Hom geseën te word. Die *dissipels* hanteer weer die ouers en probeer hulle verhinder om die kindertjies na Jesus toe te bring. *Jesus* is weer die een wat met die dissipels handel. Dis net die kinders wat met niemand handel nie (Du Plessis 1989:25). Dis asof hierdie gedeelte iets wil sê van die "hopelose" situasie van die kind. Die kind is die een met wie dinge buite sy beheer gebeur (Du Plessis 1989:25). In hierdie gedeelte is Jesus die enigste een met algehele beheer. Die Here het die finale beheer oor elke mens se lewe. Wie dit nie aanvaar nie, sal nooit die vrug van God se koninkryk ondervind nie.

Die kind word binne die sosiale- en magstrukture as 'n randfiguur beskou. Soos talle randfigure in Jesus se tyd, naamlik die tollenaars, vroue, armes, siekes, melaatses en prostitute, deel die kind in die onbelangrike posisie van die godsdienstige gemeenskap.

Hulle onbelangrikheid maak hulle by Jesus wel baie belangrik (Strange 1996:51). Onder die groep onbelangrikes, beklee die kind in Jesus se oë, 'n baie belangrike plek. "Die kind word tot 'n voorbeeld en 'n toetssteen voorgehou vir toetreding tot die koninkryk op 'n manier wat nie met die ander groepe gebeur nie" (Du Plessis 1989:26). Vir Jesus is die verhouding pa-kind, 'n analogie vir die verhouding, gelowige-Vader. Binne 'n gesonde ouer-kind verhouding, kom sekuriteit, liefde, aanvaarding en beskerming na vore. Binne die gesin word die primêre emosionele en materiële ondersteuning gegee. Tehan (1987:235) stel dit op 'n treffende wyse: "Parents were also instructed to provide a broad, nurturing, comfortable environment in which children could grow into well-adjusted adults."

Die blote bestaan van 'n kind, maak hom belangrik. Die kind hoef geen teenprestasie of posisie te bereik nie. Saam met al die ander randfigure, staan hulle as gelykes voor God. Vir God is elke kind belangrik. Daar is nie meer sprake van 'n oneweredige verspreiding van 'n godsdienstige status voor God nie.

Volgens Du Plessis (1989:28) kan die volgende gevolgtrekkings oor die rol en plek van die kind gemaak word:

- In God se koninkryk neem die kind *'n spesiale plek in*.
- Die kind as randfiguur word aan diegene wat mag en beheer het, toevertrou. Die manier waarop kinders deur diegene in beheer van die gesin, in die samelewing en die kerk aanvaar en hanteer word, weerspieël die volwassene se verhouding met God. *Die kind is dus 'n maatstaf*.
- Die kind is ook 'n *voorbeeld*. In die kind se verhouding tot die grootmens, word hy 'n voorbeeld van 'n persoon wat nie deur mag en status gedra word nie. 'n Kind word in sy verhouding met die volwassene, 'n voorbeeld van hoe 'n mens in sy verhouding met God staan.



- Die kind word ook 'n *simbool* vir almal wat gering, klein en onbenullig in die samelewing is.
- Die pa-kind verhouding is 'n analogie van die verhouding tussen God en gelowige. Die klem val op die liefde, sekuriteit, omgee en versorging wat die kind uit so 'n verhouding ontvang.
- By God is almal gelyk en 'n kind ontvang die Heilige Gees net so volledig soos 'n volwassene. Kinders het 'n unieke selfstandige bydrae om te lewer, daarom kan 'n volwassene ook van 'n kind leer.

Dit gaan dus nie in hierdie gedeeltes oor kinders wat maklik glo en aanvaar nie. Kinders is nie naïwe, geringe skepseltjies wat nie vrae vra nie. Verder is die kind ook nie die toonbeeld van onskuld en eenvoud nie. *Die kind is 'n voorbeeld en 'n simbool vir die volwassene, omdat hy so weerloos, magteloos en afhanklik is, in sy verhouding tot volwassenes* (Du Plessis 1989:29).

Die welstand van kinders was nog altyd 'n bron van kommer. Strange (1996:34) is ook van mening dat kinders van die vroegste tye af swaar gekry het: "If we choose to look at the dark side of the treatment of children in the ancient world, it is indeed a miserable picture of neglect and abuse which we see."

'n Kind, wat op enige wyse mishandel word, se posisie word geminag. Die persoon met mag, misbruik sy posisie en weerspieël die volwassene se verhouding met die Vader. Die mishandelde kind bevestig dat die kind as 'n wese sonder mag, status en betekenis gesien word. Liefde, sekuriteit, omgee en versorging is nie deel van so 'n verhouding nie.

Heyns (1981:131) wys op verskillende dwalinge ten op sigte van die mens se lewe saam met sy medemens. Daar is die onverskillige "*verby leef*" asof die verhouding tot mekaar nie in Gods beskikking en opdrag rus nie." Dit kan ook 'n meerderwaardige *aflewe* na my naaste wees. My medemens is nie daar om deur my gebruik te word nie. Hy is ook nie deel van my roerende eiendom nie.



Daar kan ook 'n minderwaardige *oplewe* na my medemens ' vergoddeliking van die medemens, is strydig met God se wil. " Die mens se lewe saam met sy medemens is bestem om 'n weerspieëling van sy lewe saam met God te wees. Wat God vir my is, moet ek vir my medemens wees" (Heyns 1981:131). Dit wat God vir my wys, is sy intense liefde (1 Johannes 4:7) Wie vir God met sy hele wese en bestaan liefhet, sal ook homself en sy naaste op die regte wyse liefhê.

Ek sien die voorafgaande oor die medemens net nog meer geïntensiveer binne die gesin. Dit is die naaste wat iemand anders, hetsy man, vrou of kind aan mekaar kom.

- **Kindermishandeling teologies-eties beskou**

Monfalcone (1980:17) begin sy boek *Coping with abuse in the family* op 'n baie treffende wyse:

Abuse? In the Christian family? You've got to be kidding?  
No, family abuse is no kidding matter. Abuse does happen in the Christian family. The whole scale from subtle, socially acceptable neglect to extremely violent mistreatment happens in Christian families.

Ek onderskryf hierdie uitspraak en het die afgelope tien jaar bevestiging daarvoor in gemeentelike verband ervaar. "It is true that sexual abusers are members of congregations" (Ritter 1995:102). Dit is so dat gelowige mense ook kinders mishandel. Dit is interessant om te sien watter perspepsies gelowiges vanuit die Bybel handhaaf. Heggen (1989:83) beskryf die volgende ses geloofsoortuigings:

- Dit was God se bedoeling dat die *man moet domineer* en dat vrouens en kinders onderdanig moet wees. Genesis 2 is 'n gesogte gedeelte, want die man is eerste gemaak en die vrou is uit hom gemaak. In Eksodus 20:17 en Deuteronomium 5:21 word vrouens en kinders as besittings van die man genoem. 'n Man kon sy dogter, as sy besitting, verkoop, net so enige ander artikel wat hy besit het. Hierdie patriargale patroon het in vele gesinne kindermishandeling gelegitimeer.

“It is this *control-over* component of patriarchy which makes it vulnerable to violence and abuse, not just against women and children but also against the earth and its resources” (Heggen 1989:85).

- Vanweë die vrou se rol met die sondeval, is sy, wat moraliteit betref, *aan die man ondergeskik*. ‘n Vrou sou, volgens hierdie geloofsuiting, geestelik swakker as die man en moreel gebrekkig wees. “Because of this, woman should submit to man, who is more capable of making valid moral decisions” (Heggen 1989:89). Hierdie siening degradeer die vrou tot ‘n passiewe, afhanklike en besluitlose wese met ‘n lae selfbeeld. Heggen (1989:89) is in haar ondersoek van mening, dat dit juis daartoe bydra dat mans hul vrouens en kinders mishandel.

People with low self-esteem cannot confront offensive behavior in others. Mothers with low self-esteem cannot effectively guard against abusive fathers (Heggen 1989:90).

- Kinders is inherent boos en hulle wil moet gebreek word. Hulle is ook die eiendom van die ouers. Die wil-breek-proses word dikwels deur fisiese straf gedoen. Ouers het in hul eie ouerhuise geleer dat kinders nie aan ouers ongehoorsaam mag wees en hulle teen die ouers verset nie—dan sal hulle dit ook nooit teenoor God doen nie. “Christian tradition has reinforced the belief that violence is an acceptable way to teach and enforce obedience” (Heggen 1989:92). Kinders kry dikwels ‘n pak slae, as enige vorm van opstandigheid en ongehoorsaamheid voorkom. Dit is een van die redes waarom kinders uit so ‘n ouerhuis, ongewenste gedrag van die ouer (soos fisiese mishandeling) aanvaar.

Straf en dissipline word so maklik verwar. Dissipline word afgelei van 'n woord wat onderrig beteken. Kinders word onderrig om hul grense te ken, om ander persone lief te hê en te respekteer. Straf aan die ander kant beteken om ‘n daad of optrede te penaliseer deur seer te maak (Monfalcone 1980:70–71).

- *'n Huwelik moet ten alle koste bewaar word.* Dit gebeur so dikwels dat gesinslede in gesinne met mishandeling en geweld, deur kerke en predikante daaraan herinner word hoe belangrik die huwelik as Goddelike instelling is. Dit maak nie saak wat die omstandighede is nie, dit is God se wil dat die gesin behoue bly. Die egpaar word dikwels daarop gewys dat hulle belowe het om tot die dood toe bymekaar te bly en God verwag van gesinne om by mekaar te bly.
- Dit is *'n Christelike deug om te ly.* In die Christelike tradisie het lyding 'n spesiale plek ingeneem. Baie mense sien die kruis en die lyding van Christus as 'n navolgenswaardige pad en marteling met die dood as uiteinde, span as't ware die kroon op lyding.
- Christene moet diegene wat teen hulle sondig, vrylik vergewe. Dit word so maklik aan mense verkondig. Vergewe net en jou eie gesondwordproses sal bespoedig word en jy sal vrede ervaar. Vergifnis word as die basiese waarde voorgehou en indien jy nie iemand onmiddellik vergewe nie, het jy gefaal. Die vrees dat God jou ook nie sal vergewe nie, ontstaan.

Skielik en gedwonge vergifnis, maak dit egter vir die mishandelde, net moeiliker om oor die mishandeling te praat en dit kan weer tot mishandeling in die toekoms aanleiding gee.

- *Die hoë egskeidingsyfer dra ook by tot kindermishandeling.* Met die hoë egskeidingsyfer in ons land, raak seuns toenemend in hegte verhoudinge met hul ma's betrokke. Volgens Kempe & Kempe (1984:68) word seuns die bron van vertroeteling en nabyheid vir die verlies wat die moeder ervaar. 'n Te hegte moeder-seun- verhouding kan so ontstaan, met gevolglike seksuele mishandeling.

## C. DIE STRATEGIESE BEWEGING

### Hoofstuk 4: Gesinsterapie en 'n pastorale perspektief

#### 4.1 *Inleiding*

In hierdie hoofstuk word die paradigmatiese terapie bespreek. Eers word daar kortliks op die herkoms van gesinsterapie gefokus, waarna die eerste en die tweede orde kubernetika onderskeidelik onder die soeklig geplaas word. Die narratiewe paradigma word dan onder die loep geneem.

#### 4.2 *Die herkoms van gesinsterapie*

Die gesinsterapieveld het die afgelope jare heelwat verander. Daar is byvoorbeeld 'n minder duidelike onderskeid tussen die verskillende gesinsterapie se skole. Alhoewel daar verskillende benaderings in gesinsterapie is, word konsepte en metodes oor en weer tussen skole geleen (Nichols & Schwartz 1991:xi). Hierdie kruisbestuiwing is 'n positiewe tendens in gesinsterapie en het my tot nadenke gestem, wat tot die gebruik van die genogram in 'n narratiewe benadering aanleiding gegee het.

As daar een waarheid is wat dié dekade deur gesinsterapie uitgewys is, is dit dat daar nie iets soos 'n absolute waarheid is nie "...at least not that can be known objectively. There are only perspectives of reality, each of which is biased and distorted" (Nichols & Schwartz 1991:xiv).

Hierdie proefskrif is derhalwe slegs 'n perspektief op die gesin waarin kindermishandeling voorkom en maak geensins aanspraak op die status van 'n absolute waarheid nie. Volkome objektiwiteit was nie deurgaans moontlik nie. Lesers sal hopelik hierdie perspektief verstaan en op die inhoud kan reflekteer.

Die vraag wie met gesinsterapie begin het, bly 'n moeilike vraag om te beantwoord. Nichols & Schwartz (1991:39) meen dat 'n paar persone die eer deel: John Bell, Don Jackson, Nathan Ackerman en Murray Bowen. Daar is ook heelwat ander pioniers wat genoem kan word, maar die persone wat gedurende die eerste dekade die grootste invloed op gesinsterapie gehad het, was Jackson, Haley, Satir, Bowen en Ackerman. Dan is daar ook Carl Whitaker, Salvador Minuchin en John Bell, wat oor 'n lang tydperk 'n noemenswaardige bydrae tot gesinsterapie gelewer het. Ander name wat ook vermelding verdien, is Lyman Wynne, Ivan Boszormenyi-Nagy, James Framo, Gerald Zuk en Christian Midelfort (Nichols & Schwartz 1991:39). Die proefskrif laat egter nie ruimte om al hierdie pioniers volledig te bespreek nie.

Gesinsterapie het 'n kort geskiedenis, maar 'n lang verlede. Vir baie jare het terapeute die klem op die individu laat val. Ander gesinslede is nie by die terapie betrek nie, om die privaatheid van die kliënt-terapeut -verhouding te beskerm.

Freudians excluded the real family in order to uncover the unconscious, introjected family; Rogerians kept the family away in order to provide the unconditional positive regard they thought necessary to help clients rediscover their own inner promptings... (Nichols & Schwartz 1991:65).

In die vyftigerjare het daar 'n nuwe rigting ontwikkel. Die gesin is as 'n lewende sisteem, 'n organiese eenheid gesien "...trying to change the individual, but then returning him or her to a destructive environment, would not make sense" (Nichols & Schwartz 1991:65). 'n Verandering in een persoon, bring 'n verandering aan die hele gesinsisteem teweeg. Die verandering van die gesin, is die mees effektiewe manier om die individu te verander.

Toe die gesin die pasiënt word, was dit opnuut nodig om oor die hantering van gesinsprobleme te besin. Die sisteemmetafoor was die belangrikste konsep in hierdie nuwe denke en twee besondere pioniers was Gregory Bateson en Milton Erickson. "The anthropologist and the alienist, Bateson and Erickson, epitomized the two traditions that came to dominate the new family therapy movement" (Nichols & Schwartz 1991:66). Erickson se nalatenskap was die pragmatiese, probleemoplossingsbenadering. Hy het terapeute gehelp om te bepaal wat gesinne in 'n doodloopstraat hou en wat gedoen kan word sodat hulle verder kan beweeg.

Nichols & Schwartz (1991:66) wys tereg die tekortkoming in Erickson se benadering uit: "But Erickson's mesmerizing artistry also promoted a tradition of the quick fix, done *to* rather than done *with* families." Bateson se bydrae tot gesinsterapie was die klem wat hy op wetenskaplike *commitment*, om te kyk, te leer en te luister, gelê het. Gesinne kan nie met 'n paar voorafbeplande tegnieke benader word nie, want in gesinsterapie word 'n unieke en onbekende veld betree. "Bateson also set an example of overly abstract theorizing and importing ideas from other—"more scientific"—disciplines" (Nichols & Schwartz 1991:66).

Die pendulum het van 'n psigodinamiese verlede na die ontdekking van onontginde kragte binne gesinne weggeswaai. Gesinne bestaan uit lede wat dieselfde mites, verdediging en uitkyk op die lewe deel. Generatiewe verskille skep hiërargiese strukture wat nie geïgnoreer mag word nie. Nichols & Schwartz (1991:68) som dit so op: "At first family therapy was seen as a better means of helping the patient; later it was conceived as a way to serve the needs of the entire family." Die gesin is die konteks waarbinne probleme afspeel "...family therapists understand and treat human problems as a series of moves and countermoves, in repeating cycles" (Nichols & Schwartz 1991:69).

In die sestiger- en sewentiger jare het terapeute hulself as kenners gesien, wat van buite die gesinsisteem "behandel" het. In die tagtigerjare het daar 'n nuwe fase aangebreek.

### **4.3 Eerste orde kubernetika**

Vir dekades lank was die sogenaamde sisteemdenke die teoretiese basis vir gesinsterapie. George Bateson se kubernetiese paradigma het hierdie paradigma ingelei. Hierdie denke se fokus was om die terapeut se denke te lei en seker te maak dat die terapie op koers is "...we tended to think of the help we offered as being help in controlling things so that a specific goal was reached" (Freedman & Combs 1996:3). Die fokus van die terapie was op gesinne wat in herhalend onvervulde gedrag of in ongebalanseerde hiërargiese strukture vasgeval het en daar is gefokus op watter wyse terapeute dan hierdie patrone kan onderbreek om gesinne na 'n gesonder stabiliteit te begelei (Freedman & Combs 1996:3).

Gesinne word vanuit hierdie eerste orde kubernetiese paradigma as masjiene gesien. Terapeute sit as't ware objektief en kyk hoe die gesinne deur objektiewe assessering en bepaalde vaardighede reggemaak kan word: "We believed that what often kept people from reaching their goals was that they were stuck in recurring patterns of behavior in which they tried harder and harder to apply the same ineffective 'solution' again and again" (Freedman & Combs 1996:3). Freedman & Combs (1996:3) vergelyk hierdie wyse van werk met 'n motorwerktuigkundige wat 'n stukkende motorenjin regmaak. Hiermee word van die metafoor van sisteme wat vir jare die teoretiese basis vir terapie was, wegbeweeg (Freedman & Combs 1996:2)

### **4.4 Tweede orde kubernetika**

Gesinsterapeute (soos Palazzoli, Boscolo, Cecchin en Prata) het die idees van Bateson aangewend en die klem op betekenis in plaas van gedrag, laat val. Volgens hierdie terapeute moes gesinsmites deur middel van sirkulêre vrae ontdek word. "Circular questions presupposed that family members were connected in ongoing relationships, that the actions and emotions of one person affected everyone else in recursive ways" (Freedman & Combs 1996:6).



Die Milaangroep het hierby aangesluit om inligting oor hoe gesinsverhoudinge werk, te bepaal. Hipoteses is uit hierdie inligting geformuleer en getoets. Freedman & Combs (1996:6) kom tot die gevolgtrekking dat al hierdie terapeutiese benaderings nog steeds eerste orde kubernetiek was en dat die terapeut buite die sisteem gestaan het en desdoende die gesinsisteem kon manipuleer.

Freedman & Combs (1996:6) het onder leiding van Boscolo en Cecchin, die skuif weg van intervensieformulering, na vraagstelling beleef. Terapeute was toenemend opgewonde om meer van gesinne, deur vraagstelling, te wete te kom. Die klem skuif nou daarvan weg om vir gesinne te vertel hoe hulle wêreld behoort te lyk. 'n Klemverskuiwing weg van ek-weet-alles vind plaas tot vraagstelling wat die gesinslede op mekaar betrek. Ook die spreuk: "Flirt with your hypotheses, but don't marry them" (Freedman & Combs, 1996:7) sê iets van die "geen-finale-en-enigste-waarheid nie".

Boscolo en Cecchin het hiermee die sogenaamde tweede orde kubernetika ingelei. "At its best, letting go of our role as pilots steering toward a specific goal encouraged humility and moment-by-moment collaboration about whether therapy was moving in a satisfactory direction" (Freedman & Combs 1996:8).

'n Baanbreker wat ook 'n groot invloed op Freedman & Combs gehad het, was Erickson. Hy het dit beklemtoon dat die terapeut se waardes nie op die kliënt afgedruk moet word nie. "What is needed, is the development of a therapeutic situation permitting the patient to use his own thinking, his own understanding, his own emotions in the way that best fits him in his scheme of life" (Erickson 1980:223).

Erickson het daarin geslaag om 'n besondere verhouding met sy kliënte tot stand te bring. Sy belangstelling, aandag en respek vir die ervaring van mense, het getref. "When he asked a question, he would await its answer with an air of delighted expectation—with a twinkle in his eye, an encouraging grin, and great patience" (Freedman & Combs 1996:10).

Erickson was een van die eerste terapeute wat in sy terapie van *stories* gebruik gemaak het. “To us, the most impressive illustration of Erickson’s understanding of the importance of stories in shaping reality is the way that he wrote and rewrote his own life story as he lived it...” (Freedman & Combs 1996:10). Hy het daadwerklik ‘n groot invloed op terapeutiese denke gehad. Erickson het polio gehad en hy kon die nagevolge daarvan as ‘n bate in sy lewe herformuleer. Dit is deur die lewe van iemand soos Erickson, dat die voortdurende herskryf van ‘n mens se lewens storie, ‘n werklikheid is “...the story of our relationship with the re-authoring metaphor is one of constancy” (Freedman & Combs 1996:11).

Om die groot invloed wat Milton Erickson op die terapeutiese proses gehad het, op te som, is geen maklike taak nie. Ek volstaan met die treffende woorde van Freedman & Combs (1996:12) “...the things that stand out for us are his delight in and respect for people, his belief that we can constantly re-author our lives, his belief in multiple possible realities, and his emphasis on the constitutive power of language.”

Wat in besonderheid van die eerste en tweede orde kubernetika tref, is die feit dat die *sosiaal-historiese en kulturele konteks* nie aangeraak is nie. Freedman & Combs (1996:12) verwys na ‘n aantal feministiese gesinsterapeute soos Avis, Carter, Papp en Taggart wat teen iemand soos Erickson geprotesteer het—‘n blanke man uit ‘n bepaalde mangedomineerde era. “While he usually handled people with velvet gloves, he spoke at times of having an iron fist in his velvet glove” (Freedman & Combs 1996:13). Die verrekening van die sosiaal-historiese en kulturele konteks is van wesenlike belang vir die narratiewe benadering.

#### **4.5 Pastorale perspektief**

##### 4.5.1 Inleiding

Pastoraat is nie net hulpverlening (Heitink 1977), verkondiging (Thurneysen 1980) of konfrontering (Adams 1970) nie. Hulpverlening dui op 'n eerste orde paradigma, waar die pastor in 'n “weet-situasie” is.

Die terapeut se posisie van “nie-weet” beteken nie dat die terapeut “...has no expertise, but it does imply that the therapist must leave all preconceived notions about clients and an ultimate standard of their health out of the therapy room” (Atkinson & Heath 1990:145).

In pastoraat soos in hierdie studie verstaan, is die pastor juis in 'n “nie-weet” situasie en gaan dit ten diepste oor bediening met die oog op genesing waarby verlossing ingesluit is. Nie 'n oppervlakkige genesing nie, maar 'n verlossende genesing van 'n mens wat al die antwoorde het, en wat waardevol en kosbaar is. Soos Müller (1994:349) tereg opmerk: “This is counselling: to fulfill a basic human skill. To interpret”. Die wyse en die houding, waarmee jy die pastor interpreteer, saam met die liefde, geloof en hoop “...puts this human encounter on the level of pastoral care and counselling” (Müller 1994:349).

#### 4.5.2 Ekosistemiese benadering

Paradigma verskuiwings het die afgelope aantal jare in die terapie plaasgevind. Die eerste verskuiwing (van ongeveer 1960–1980) was van 'n lineêre benadering na die sisteembenadering. Die sisteembenadering of die Algemene Sisteem Teorie genoem, het verskillende sisteme bestudeer met 'n objektivistiese benadering “...and offered a coherent explanation of how systems of all kinds are regulated” (Mills & Sprenkle 1995:368). Hierdie sisteembenadering, ook bekend as die eerste-orde kubernetika, het met absolute waarhede en 'n antwoord-vir-alles vanuit 'n modernistiese epistemologie gewerk.

This was a technical paradigm, and families were assumed to follow a discernible and disruptible pattern of selfcorrection which the therapist, as an outside observer, could adjust through skillful and informed intervention (Mills & Sprenkle 1995:368).

Die sisteemdenke het intussen na 'n *ekosistemiese benadering* of soos dit ook genoem word, tweede-ordekubernetika geskuif. Met 'n *holistiese kyk* na die werklikheid en waar die *terapeut deel word van die proses van waarneming*, het die terapeut 'n subjektiewe belewenis en ervaring teenoor die objektiwiteit van die eerste-orde kubernetika. Die terapeut konstrueer in sy gedagtes wat hy waarneem en huldig 'n my-persepsie-jou-persepsie benadering. Die tweede-orde kubernetika het die postmodernistiese epistemologie ingelei.

Second-order cybernetics expanded the principles of the first-order cybernetics to include the next level or order of communication patterns, examining the observer or therapist's role inside the treatment system itself (Mills & Sprenkle 1995:368).

Die ekosistemiese benadering staan teenoor die positivistiese, lineêre benadering van oorsaak en gevolg en kindermishandeling word as 'n gesinsprobleem beskou, wat beteken dat dit nooit in isolasie plaasvind nie. Kindermishandeling is verder die simptoom van 'n gesinsdisfunksie en het 'n bepaalde betekenis en funksie binne die gesinsisteem. Dit lei daartoe dat kindermishandeling die oplossing van die gesinsdisfunksie is. Alle gesinslede is betrokke en word intens deur hierdie gesinsprobleem geraak en moet sover moontlik, as gesin in die gesinsterapie hanteer word.

Die ekosistemiese benadering toon ook 'n verdere skuif na die nuutste postmodernistiese teorie, te wete die sosiale konstruksieteorie (vergelyk ook Paré 1995 en Müller 1996:32), ook genoem die derde-orde-kubernetika in gesinsterapie (Müller 1996:80–81). Die terapeut skep saam met die gesin/kliënt 'n gemeenskaplike verhaal. Albei is besig met "storymaking", waar die terapeut intens betrokke is en erns maak met mense se verhale. Die sosiale konstruksieteorie (vanaf 1986), word deur geleerdes soos Anderson & Goolishian (1988; 1991a), Hoffman (1990; 1992), Gergen (1991; 1994) en Kotzé (1995) aangehang.

Volgens hierdie teorie is kennis nie empiries objektiveerbaar nie en kennis en verstaan is sosiale konstrunkte wat in taal gerealiseer word. Kennis en woorde kan nie weerspieëlings van die werklikheid wees nie, maar eerder refleksies van die sosiale prosesse waardeur dit tot stand kom (Roux 1996:7). Kotzé (1992:10) bevestig dit as hy sê kennis en wetenskap is nie "...weergawes van die werklikheid nie, maar eerder sosiale konstrunkte oor die werklikheid".

Therapy, then, is an opportunity, not to eradicate the problem perse, but to help members in the system change their relationship to it through a dialogue that opens up new, less threatening interpretations (Mills & Sprenkle 1995:370).

'n Probleem word nie deur strategiese intervensie opgelos nie, maar deur 'n "...natural consequence of dialogue" (Anderson 1993:324) opgelos.

#### 4.5.3 Ekohermeneutiese pastoraat

- Hermeneutiek

Daar het in die pastorale sorg 'n paradigmaskuif gekom weg van die individu-gesentreerde benadering na 'n kontekstuele en gemeenskapsbenadering (Patton 1993:4). Müller (1996:7) gaan verder om te sê dat hierdie paradigmaskuif veel meer is. "Dit gaan veel eerder oor 'n nuwe verstaan van *verstaan*" (Müller 1996:7). Dis 'n beweeg van 'n terapeutiese na 'n hermeneuties-georiënteerde pastoraat (Tieleman 1993:15). Die hermeneutiese pastoraat wil 'n persoon in krisis, begelei met die rekonstruksie van die lewensverhaal.

Ek sluit graag hier by Müller aan wat meen dat die hermeneutiese paradigma nog verder verruim moet word met die konstruksie van 'n ekohermeneutiese paradigma (Müller 1996:10). Die Griekse werkwoord *hereneuein* kan die volgende beteken: sê, aankondig, uitlê, vertaal in die sin van interpreteer (Heitink 1993:175). Hierdie interpreteer word nie tot tekste beperk nie, maar sluit ook fenomene soos gesproke woorde, handeling, gebare en maatskaplike verskynsels in (Heitink 1993:175).

'n Hermeneuties pastorale benadering laat verskeie horisonne saamsmelt. Konteks, tyd, plek, tradisie asook die Christelike tradisie (Müller 1996:12), smelt ineen wanneer die pastor intens betrokke raak en as't ware in die gedagte-wêreld van die gespreksgenoot inbeweeg.

- Ekohermeneutiek

Volgens Müller (1996:14) verstaan hy onder hierdie konsep nie die sisteemteorie nie, maar wel ekosistemiese denke oftewel tweede-orde kubernetiek. "Ware verstaan met die oog op die soeke na sin kan na my mening alleen vanuit 'n ekosistemiese perspektief bevorder word" (Müller 1996:14). Dis insiggewend dat Müller die doel van pastoraat as die bevordering van 'n egte soeke na sin sien. 'n Egte soeke na sin moet deur die pastor gefasiliteer word (Müller 1996:14).

Die verstaan van die konteks van die geheel is van uiterse belang in die ekohermeneutiese paradigma. Daar word nie op verskillende aspekte van die sisteem gefokus nie, maar op die geheelervaring. Keeney (1981:47) gebruik die voorbeeld van 'n klavieruitvoering wat 'n toeskouer as't ware meevoer. Müller (1996:15) noem hierdie 'n geheelervaring wat die klem kry.

- Ekohermeneutiese pastoraat

Wanneer 'n ekohermeneutiese paradigma in die pastoraat gevolg word, is dit pastoraat wat by die totale narratiewe werklikheid betrokke is. Dit gaan om 'n ervaring van die geheel van die verhaal en 'n volledige deel wees daarvan (Müller 1996:15). Dit is pastoraat van narratiewe betrokkenheid waar die pastor 'n medespeler in die verhaal word. Die inhoud van die woord "waarheid" kry ook ander betekenis, nie meer objektiewe altyd geldende waarheid nie, maar 'n ernstige soeke na die waarheid (Müller 1996:16).

Ekohermeneutiese pastoraat is dus pastoraat wat met die “wydste moontlike verstaan en interpretasie te doen (het) en is die mees inklusiewe konsep van interpretasie wat moontlik is (Müller 1996:17)

Dit is 'n oor-en-weer beïnvloeding van alle dele van die geheel (De Jongh Van Arkel 1987:211), met die oog op verandering na 'n toestand van geloof in Christus en die realisering van die Koninkryk.

Alhoewel daar verskeie terapeutiese benaderings bestaan (vergelyk die strukturele, strategiese en sisteembenaderings), kry die pastoraal narratiewe gesinsterapie in hierdie studie voorkeur waar die pastor 'n getuie van verandering en nie 'n agent van verandering is nie. Hy is immers die interpreteerder van die christelike tradisie. Die geheimenis van kindermishandeling kan nie ontken word nie en daar sal verder aandag gegee moet word aan die betekenis en uitwerking van mishandeling op die gesinsisteem. Dit gaan nie net oor handeling nie, maar om die ware bedoeling en motivering agter hierdie handeling (Müller 1996:19).

In hierdie studie word dus van 'n narratiewe pastoraat gebruik gemaak. 'n Storie is die beskrywing en verduideliking vir waarom sake is soos dit is. Pastors kan beter begeleiding aan mishandelde kinders gee met die benutting van 'n pastoraal narratiewe model (Pieterse 1991:84). Dis 'n geval van “story-making”, eerder as “story-telling” waarin daar 'n nuwe “ons” tot stand kom en ek as pastor daarvan deel is.

The therapist is not interested in finding a solution to the problem, but rather in providing the ultimate facilitative conditions for clients to hear one another and to talk about a problem until it is no longer described as a problem (Mills & Sprenkle 1995:370).

Geen persoon kan sonder 'n bepaalde paradigma of voorveronderstelling funksioneer nie (Paré 1995:3). Elke mens het 'n bepaalde epistemologie, so ook elke pastor 'n pastorale epistemologie. Ek sluit by Müller se pastorale epistemologie aan wat hy ekohermeneutiese pastoraat noem (1991:94; 1996:14). “Eco-hermeneutical pastoral care is pastoral care which is willing to take the risk of involvement with a system, not to explain it from the outside and even give empathetic advice...” (Müller 1994:350). Dis 'n deelwoord van die sisteem en 'n geheelervaring en fasilitering van die verandering. In die terapeutiese proses behels die gebeure 'n sosiale konstruksie tussen pastor en kliënt deur middel van taal, kultuur en verstaan (Paré 1995:6). In die proses word daar nuwe betekenis tussen die pastor en kliënt gekonstrueer. Die terapeut en kliënt se stories het 'n bepaalde uitwerking op mekaar. 'n Mens se horisonne word verbind deur met die teks in gesprek te gaan. Die teks spreek jou vooroordele aan en tegelyk spreek jou vooroordele die teks aan, met ander woorde 'n “fusion of horizons”.

#### 4.5.4 Die posisie van die pastor

Van der Ven sê dat daar in enige hermeneutiese perspektief, belangrike uitgangspunte is. Ek sluit graag hier by hom aan as hy sê dat die eerste belangrike uitgangspunt die navorser raak... “the researcher meets his or her topic of study from his or her own prejudices” (1994:29). Elke navorser moet van sy eie vooroordele bewus wees, ...only in that case the topic under study can communicate itself to the researcher in a proper way” (1994:29).

Exactly in the confrontation between one's own prejudices and the “otherness” of the text, of the human actions or of the data under investigation, really hermeneutic understanding takes place (Van der Ven 1994:29).

Dis belangrik om hier te let op die posisie van die navorser. Ek is deel van die proses en kan nie objektief deel van 'n terapeutiese proses wees nie. (Kyk hoofstuk 5 vir meer besonderhede oor die posisie van die pastor).



Ek is subjektief betrokke soos ek glo enige terapeut in 'n terapeutiese proses is. Verder word die navorsing vanuit 'n deelnemersperspektief gedoen. Ek is vir etlike jare in 'n jong dinamiese gemeente en het ure se pastorale gesprekke agter die rug, maar bly heelyd van my eie vooroordele en subjektiwiteit in hierdie verband bewus.

Die pastor se godsdienstige en kulturele waardes het 'n invloed op die terapeutiese proses. Terapie kan dus nie waardevry wees nie. In die terapeutiese proses word daar nuwe betekenis tussen pastor en gespreksgenoot gekonstrueer en hierdie nuwe betekenis is in die kulture van genoemde persone gewortel (Paré 1995:12). Die pastor moet daarteen waak dat sy verhaal (kultuur) nie 'n groter uitwerking op die gespreksgenoot se storie het nie, en omgekeerd (Paré 1995:10).

#### 4.5.5 Gesinsterapie as pastoraat van narratiewe betrokkenheid

Praktiese teologie is die sistematies-gestruktureerde, voortgaande hermeneutiese proses, waardeur gepoog word om menslike handeling, wat verband hou met die verhale van die Christen-geloofsgemeenskap, teologies te verhelder en te vernuwe (Müller 1996:5).

Hierdie definisie van Müller bring twee belangrike konsepte na vore naamlik, die narratiewe en die verhale van die Christen-gemeenskap. Menslike handeling verstaan Müller in 'n inklusiewe sin. Dit sluit menslike houding in en alle handeling is kommunikatief van aard (Müller 1996:16).

Die narratiewe is 'n spesifieke verstaan en verfyning van hermeneutiek. Ek sluit graag by Müller (1996) aan wat in sy boek "Pastorale Gesinsterapie. Om tot verhaal te kom", 'n model ontwikkel wat geskoei is op die narratiewe wat binne die pastoraal-gesinsterapeutiese proses aangewend word. Ek sou in hierdie studie nie van 'n model wil praat nie. Die woord model pas myns insiens nie in 'n narratiewe benadering nie, omdat dit maklik die voorbeeld kan word "...waarvolgens 'n werk uitgevoer word" (HAT 1971:548).

Ek verkies die woord *benadering*, wat sou beteken dat die narratiewe tot sy reg kom in die sin dat die pastor en die kliënt saam 'n nuwe werklikheid konstrueer en die kliënt die *ekspert* is. Die pastor is 'n medespeler in die verhaal van soeke na die waarheid. Die vrae wat dan in so 'n benadering belangrik word, is: "Hoe ervaar en interpreteer jy dit wat met jou gebeur het?" (Müller 1996:16).

'n Gesin wat met 'n pastor in gesprek is oor hulle gesinslewe, is nie besig met objektiewe werklikheidsbeskrywings nie. Elke gespreksgenoot vertel hulle gesinsverhaal en glo dit is hoe dit in werklikheid is. Tog word slegs 'n klein seleksie betekenisgewings aan ontelbare gebeure gegee. In taal is 'n gespreksgenoot besig om 'n verhaal wat haar prentjie van die gesin is, te konstrueer.

Wanneer 'n persoon, gesin of kind verhale vertel en tot die herinterpretasie en rekonstruksie van die kernverhaal kan kom, vind verandering plaas. Dus, deur die vertel en oorvertel van my lewensverhaal, vind verandering reeds plaas. Die vertelde verhaal is verandering. In hierdie benadering word verskeie gesinsterapeutiese metodes gebruik, binne 'n teoretiese raamwerk en 'n teologie van pastorale narratiewe betrokkenheid rig die hele proses.

In pastorale terapie is daar sprake van 'n Goddelike dimensie (Müller 1996:86). Wanneer 'n gespreksgenoot 'n pastor besoek, bestaan die godsdienstige ondertoon in die terapeutiese proses reeds. Die pastor sal eerlik genoeg met sy eie waardesisteen en voorveronderstellings, waarsonder egte en ware betrokkenheid nie moontlik is nie, moet omgaan.

#### Samevattende opmerkings

In pastorale terapie word daar nie na goedkoop antwoorde en vinnige advies gesoek nie. Die nie-weet posisie van die pastor, saam met empatiese luister in afwagting op God om op 'n verrassende wyse 'n wending te bewerkstellig, is van die belangrike terapeutiese beginsels.

In die narratiewe benadering is daar 'n sensitiwiteit vir onontginde moontlikhede, omdat die antwoorde in die persone en hulle sisteem geleë is. In hierdie benadering word daar genoeg ruimte vir onvoorspelbare momente van die oplossing van krisisse gemaak.

Pastorale werk is fasiliteringswerk wat 'n situasie fasiliteer waar 'n beter toekoms voorsien word (Müller 1998:68). Pastors moet volgens Müller (1998:68) weer leer om te wag en verbaas te staan. "Ware pastoraat is nie resultaat-georiënteer nie, dit is wag-georiënteer. Dit gee nie antwoorde nie, dit fasiliteer vrae en wag" (Müller 1998:68).

In verhalende pastoraat word nie met strategieë nie, maar met verantwoordelikheid gewerk. 'n Strategie is 'n berekende proses wat beskikbare bronne mobiliseer. Eie planne en strategieë moet die oplossings teweeg bring (Müller 1998:69).

In die verhalende benadering word die gespreksgenoot aangemoedig om steeds vir 'n beter toekoms te werk en om alles van God te verwag. Met die Bybel kan jy net op God wag (Müller 1998:69).

Die pastorale gesprek is meer 'n kuns as 'n wetenskap. Wanneer daar sprake van *kuns* is, vorm kreatiwiteit 'n groot deel daarvan. Op 'n kreatiewe wyse word die gespreksgenoot gelei om self antwoorde te ontdek. Müller (1998:70) vat dit so saam: "Die verhalende pastor word gefassineer deur die verhale van mense en word geboei wanneer hy of sy toekyk en sien hoedat verhale sonder sy of haar toedoen vanself vorm aanneem." Die nuwe verhaal wat uit die terapeutiese proses tot stand kom, is 'n kunswerk. Die terapeut nooi die gespreksgenoot uit om die verhale van sukses te onthou en weer te vertel. Hierdie suksesverhale vorm die boustene van 'n nuwe toekomsverhaal (Müller 1998:72).

Müller (1998:73) verwys na Boyd (1996) wat die drie boustene van die narratiewe benadering, sien as:

- responsief-aktiewe luister
- 'n niewetende posisie
- gespreksvrae

Die eerste twee boustene is meer 'n ingesteldheid as tegnieke. Daar is vroeër na die luister aspek en die nie-weet posisie verwys. Die derde bousteen, dui op die belangrike rol wat effektiewe gespreksvrae in hierdie benadering inneem. Die gespreksvrae het baie met kreatiwiteit te doen. Vir Müller val die klem op *gesels* en nie tegniese gespreksvoering nie (Müller 1998:76).

Die verhalende benadering roep die stories in die geheue na vore. Dit wat onthou word, het kragtig op die mens ingewerk. Die pastor sal met die vertel van die noodstorie, gespreksgenoot toelaat om eers te vertel *wat* gebeur het. Die betekenis vrae (waarom) word later gevra. Müller (1998:80) verwys na die *wat*-vrae as die politieke brilraam waardeur ons na die situasie kyk en die *waarom*-vrae as die semantiese brilraam.

## Hoofstuk 5: Die narratiewe paradigma en die beskrywing van twee benaderings

### 5.1 Inleiding

Hierdie proefskrif reflekteer baie gespreksgenote se stories wat in konsultasie met my was. Verder het klasmaats, vriende en kollegas se nadenke en vrae, my denke help vorm.

Die modus operandi wat in hierdie hoofstuk gevolg sal word, is tweërlei van aard. Eerstens sal die breë lyne van die narratiewe benadering en terapie getrek word. Die pioniers in die narratiewe terapie, naamlik Michael White en David Epston, is hier van belang. Ander kundiges wat in dieselfde paradigma beweeg en van White en Epston se denke gebruik maak, te wete Freedman & Combs (1996) en Müller (1996,1998), word pertinent in hierdie en die daaropvolgende hoofstukke bespreek. Hul publikasies het in 'n groot mate tot my vorming bygedra. Tweedens sal die breë lyne van die pastoraat, as integrale deel van 'n pastoraal-narratiewe benadering, getrek word.

White en Epston het hulle denke volgens twee metafore georganiseer: *die narratiewe* en *die sosiale konstruksie*. Freedman & Combs (1996:1) sê hieroor die volgende:

Using the narrative metaphor leads us to think about people's lives as stories and to work with them to experience their life stories in ways that are meaningful and fulfilling. Using the metaphor of social construction leads us to consider the ways in which every person's social interpersonal reality has been constructed through interaction with other human beings and human institutions and to focus on the influence of people's lives.

Ek sluit by Freedman & Combs (1996) en White & Epston (1990) aan en kies die narratiewe en sosiale konstruksie as metafore. Dit het uiteraard my persoonlike manier van luister, denke en gevoelens beïnvloed. Ander bekende terapeute wat hierdie metafore gebruik is: Anderson & Goolishian (1988,1990,1991), Gergen (1985), Hoffman (1990,1992), Kotze (1994), en Zimmerman & Dickerson (1994).

## 5.2 *Belangrike boustene van die narratiewe paradigma*

- Die narratiewe metafoer is nie 'n verdere evolusie van die sisteemteorie nie, dit is 'n totaal ander taal en paradigma. "Perhaps the most important thing we met on our way to adopting a postmodern worldview was none of the labels or metaphors we have just listed, but a person—Michael White" (Freedman & Combs 1996:14). In die baie bekende en deeglike boek *Narrative Means to Therapeutic Ends* (1990), skryf White & Epston hoe Bateson die metafoer van 'n landkaart gebruik. Al ons kennis van die wêreld word in verskillende vorme van "mental maps" gedra. Verskillende kaarte lei tot verskillende interpretasies van die werklikheid. Geen kaart verteenwoordig elke stukkie detail van die gebied wat deur die kaart voorgestel word nie, "...and events that don't make it onto a map don't exist in that map's world of meaning" (Freedman & Combs 1996:15).

White het die gedagtes van Bateson as't ware verder gevoer. "An advantage that Michael White saw in the narrative metaphor was that a story is a map that extends through time" (Freedman & Combs 1996:15). Die rol van die terapeut is ook besig om te verander. Probleme word nie opgelos nie, maar stories wat nie die probleme ondersteun en instand hou nie, word na vore gebring. Die oomblik dat mense hierdie alternatiewe stories begin uitleef, slaag hulle daarin om *nuwe selfbeelde*, *nuwe moontlikhede* vir hul verhoudings en 'n *nuwe toekoms* te leef.

Steve de Shazer (1985, 1988), asook Bill O'Hanlon & M. Weiner-Davis (1989) het ook 'n populêre konstruksionistiese benadering, soortgelyk aan White, ontwikkel. Hulle praat van 'n oplossing-fokus benadering ("solution-focused, rather than problem-focused") (Nichols & Schwartz 1991:145). Waar die fokus in terapie eers op die individu gerig was, het die fokus na die gesin geskuif. Die laaste skuif was van aksie na betekenis. Nichols & Schwartz (1991:146) beskryf die betekenis van die sosiaal konstruksionisme soos volg:

- the elevation of meaning to a position equal in importance to behavioral interaction patterns;
- increased humility about our theoretical models, and concomitantly, increased attention to the values behind our assumptions; and
- decreased urgency to change or control people, and increased trust in their own resources.

Die ander metafoor wat in dieselfde stroom na vore tree, is dié van sosiale konstruksionisme (Freedman & Combs 1996:16). Freedman & Combs (1996:16) omskryf sosiale konstruksionisme soos volg:

...let us say here that its main premise is that the beliefs, values, institutions, customs, labels, laws, divisions of labor, and the like that make up our social realities are constructed by the members of a culture as they interact with one another from generation to generation and day to day. That is, societies construct the "lenses" through which their members interpret the world.

Die werklikheid wat elkeen van ons as vanselfsprekend aanvaar, is die werklikheid wat ons gemeenskap ons van geboorte af mee gevoed het. Hierdie persepsies voorsien ons van gewoontes, woorde, ervarings en geloof waarmee ons lewens opgebou word.

Wanneer 'n persoon in terapeutiese gesprek tree, beïnvloed die kulturele stories hul daaglikse ervarings en *vice versa* (Freedman & Combs 1996:17). 'n Terapeut wat binne 'n narratiewe paradigma dink en werk, verruil inligting en patrone vir *stories*, en sisteme vir *kultuur of gemeenskap*.

Instead of seeing ourselves as mechanics who are working to fix a broken machine or ecologists who are trying to understand influence complex ecosystems, we experience ourselves as interested people—...who are skilled at asking questions to bring forth the knowledge and experience that is carried in the stories of the the people we work with (Freedman & Combs 1996:18).

Ons is besig om saam met die gespreksgenoot 'n *nuwe realiteit te konstrueer*.

- 'n Belangrike bousteen van narratiewe terapie berus daarop dat sosiale konstruksionisme nie dieselfde as konstruktivisme is nie. Hoffman (1990:2) het aanvanklik die twee gelyk gestel, totdat sy tot die insig gekom het dat konstruktivisme vanuit 'n ervaringsepistemologie en sosiale konstruksionisme vanuit 'n sosiale epistemologie opereer. Dit is 'n skuif vanaf die fokus waarop 'n individu vanuit 'n persoonlike ervaring die realiteit konstrueer, na 'n fokus op hoe mense "...interact with one another to construct, modify, and maintain what their society holds to be true, real and meaningful" (Freedman & Combs 1996:27).
- 'n Ander belangrike bousteen van narratiewe terapie is dat die werklikheid deur taal saamgestel word. Met *taal* word baie meer as net *woorde* bedoel. Freedman & Combs (1996:28) stel dit so:



When we say “language” we are referring not just to words, but also to vocal inflections, writing, gestures, pregnant silences—to all the signs we use in communication. We focus on how the language we use constitutes our world and beliefs.

Dit is in taal dat ‘n gemeenskap sy siening van die werklikheid konstrueer. Die enigste wêreld vir die postmodernisme wat die mens kan ken, is die wêreld wat in taal as ‘n interaktiewe proses meegedeel word (Freedman & Combs 1996:28). Elke keer as iemand praat, word ‘n werklikheid voortgebring. Enige verandering wat plaasvind—of dit nou ‘n verandering van gevoel, selfbeeld of ‘n verhouding is—is ‘n verandering in taal.

‘n Baanbreker op die gebied van taal, is die filosoof Jacques Derrida. Betekenis word nie in ‘n woord gedra nie, maar deur die woord in verhouding met sy konteks. Geen twee kontekste kan dieselfde wees nie (Freedman & Combs 1996:29). Mense word uitgenooi om hulle ervarings en probleme in ‘n *nuwe taal* te beskryf en deur dit te doen, word nuwe wêreldes van moontlikhede na vore gebring.

- Nog ‘n belangrike bousteen is dat, alhoewel die werklikheid in taal vorm kry, die werklikheid in stories wat ons leef en oorvertel, gedra en oorgedra word. “The central role of narrative in organizing, maintaining, and circulating knowledge of ourselves and our worlds has been stressed by many postmodern writers” (Freedman & Combs 1996:30). Al die menslike ervarings word in die vorm van die narratiewe georganiseer.

Anderson & Goolishian (1988:379) beklemtoon dit: “The systems that we, as therapists, work with are the narratives that evolve through therapeutic conversation.” Die gesprekke wat terapeute en gespreksgenote het, kan as narratiewe beskou word.

Elke storie het 'n begin, 'n middeldeel en 'n einde. "The success of this storying of experience provides persons with a sense of continuity and meaning in their lives, and this is relied upon for the ordering of daily lives and for the interpretation of further experiences" (White & Epston 1990:10).

Terapeute wat op so 'n manier na mense se stories luister dat hulle 'n diagnose of afleiding van die probleem kan maak, of dit kan assesser, opereer vanuit 'n modernistiese, konstruktivistiese epistemologie. Daar is nie sekere belangrike bestanddele wat uit mense se stories vasgevang en aangebied moet word, in die plek van hulle ou stories nie. Hoffman (1991:12) stel dit so:

Postmodern therapists do not believe in 'essences.'  
Knowledge, being socially arrived at, changes and  
renews itself in each moment of interaction. There are  
no prior meanings hiding in stories or texts.

Die gesprek vloei spontaan, eerder as volgens 'n beplande agenda. Die gesprek is die outeur, nie die terapeut nie. Alle stories is tydens so 'n gesprek belangrik: die kulturele en kontekstuele stories, sowel as die individu se verhaal. Ons lewe deur ons stories en woon in die groot kultuurstorie van ons lewe. "We are lived by the stories of our race and place" (Mair 1988:127). Die gedagte van 'n dominante narratief wat die manier van doen, glo en optrede binne 'n bepaalde kultuur bepaal, word aanvaar. Freedman & Combs (1996:32) sê: "Whatever culture we belong to, its narratives have influenced us to ascribe certain meanings to particular life events and to treat others as relatively meaningless." Mense is geneig om die dominante narratief van hul kultuur maklik te internaliseer. Dominante narratiewe verblind die mens vir die moontlikhede wat ander narratiewe mag bied.

In enige lewensverhaal is daar altyd gebeure wat nie in storienvorm gebêre word nie. As 'n bepaalde persoon se lewenstorie vol hartseergebeure en onaangename ervarings is, kan so 'n lewenstories verander word deur “un-storied events” (Freedman & Combs 1996:32) op te diep, of nuwe betekenis uit bestaande stories te konstrueer. “So, narrative therapy is about the retelling and reliving of stories” (Freedman & Combs 1996:33). Stories het wel eindes, maar stories is nooit klaar vertel nie.

- Nog 'n belangrike bousteen van 'n narratiewe epistemologie, berus daarop dat daar nie iets soos objektiewe werklikhede is nie. Net ervarings kan geïnterpreteer word. “There are many possibilities for how any give experience may be interpreted, but no interpretation is “really” true” (Freedman & Combs 1996:33). Dieselfde feite word deur verskillende mense, verskillend geïnterpreteer. Dis belangrik om te onthou dat die “self”, soos ander konstrunkte, deur sosiale interaksie binne 'n sekere kulturele konteks gevorm word.

'Selves' are socially constructed through language and maintained in narrative. We think of a self not as a thing inside an individual, but as a process or activity that occurs in the space between people (Freedman & Combs 1996:34).

Freedman & Combs (1996:40–41) het baie belangrike vrae wat die *terapeut* (wat met 'n narratiewe/sosiaal konstruksionisme-paradigma werk) homself kan afvra en waarmee hy hom kan opskerp. Die vrae word net so uit Engels aangehaal, om die presiese bedoeling so korrek as moontlik deur te gee.

- Am I asking for decriptions of more than one reality?
- Am I listening so as to understand how this person's experiential reality has been socially constructed?

- Whose language is being privileged here? Am I trying to accept and understand this person's linguistic descriptions? If I am offering a distinction of typification in *my* language? Why am I doing that? What are the effects of the various linguistic distinctions that are coming forth in the therapeutic conversation?
- What are the stories that support this person's problem? Are there dominant stories that are oppressing or limiting this person's life? What marginalized stories am I hearing? Are there clues to marginalized stories that have not yet been spoken? How might I invite this person to engage in an "insurrection of knowledges" around those marginalized stories?
- Am I focusing on meaning instead of on "facts"?
- Am I evaluating this person, or am I inviting her or him to evaluate a wide range of things (e.g., how therapy is going, preferred directions in life)?
- Am I situating my opinions in my personal experience? Am I being transparent about my context, my values, and my intentions so that this person can evaluate the effects of my biases?
- Am I getting caught up in pathologizing or normative thinking? Are we collaboratively defining problems based on what is problematic in this person's experience? Am I staying away from "expert" hypotheses or theories?"

Bogenoemde vrae help die terapeut om getrou aan 'n "nie-weet"-posisie te bly. Die terapeut is ook voortdurend daarvan bewus dat hy tog bepaalde hipoteses vorm, maar is daarop bedag om nooit diagnoses te maak nie.

- Binne die narratiewe paradigma is die kuns van *luister* 'n belangrike bousteen. Dis vir terapeute moeilik om na mense se stories as stories te luister. Freedman & Combs (1996:43) praat van gespitse ore en 'n mond wat gereed is om "Aha!" uit te roep indien iets gehoor word wat die terapeut kan gebruik! "As simple as it may seem, in the face of prevalent discourses and dominant knowledges, simply listening to the story someone tells us constitutes a revolutionary act" (Freedman & Combs 1996:44).

Die terapeut wil weet wat die storie vir die verteller, beteken. Die terapeut is nie op die oppervlakte ingestel om die kernprobleem te soek nie en vergelyk ook nie die storie met sogenaamde normale standaarde nie. Die terapeut plaas hom of haar in die skoene van die spreker voor hulle en probeer vanuit die persoon se perspektief en taal begryp om sodoende ook te verstaan waarom ondersteuning nodig is. "Only then can we recognize alternative stories" (Freedman & Combs 1996:44).

Dit verg van die terapeut gefokusde aandag en die vermoë om met empatie, geduld en warmte te luister, terwyl daar aan 'n verhouding van *wedersydse respek en warmte* gebou word (Freedman & Combs 1996:44). Ten spyte van al die kennis en ervaring, is die terapeut daarop ingestel om te hoor wat hy nie weet nie. Luister is dus 'n aktiewe proses.

- Dit bring die volgende belangrike bousteen van narratiewe terapie na vore. Die terapeut se posisie, naamlik die *nie-weet-posisie (not-knowing position)* kom vervolgens in die kollig. Heelwat terapeute, soos Anderson & Goolishian, Hoffman, Cecchin en White meld hierdie nie-weet-posisie van die terapeut. "They see therapy as a process in which we are always moving toward what is *not yet known*" (Freedman & Combs 1996:44).

Daar mag nie oor die nie-weet-posisie misverstande bestaan nie. Dis nie 'n kwessie van "ek weet glad niks nie", want die *terapeut se weet* gaan oor die proses van terapie, en die *nie-weet* gaan oor die inhoud en betekenis van die gespreksgenoot se storie.

Anderson & Goolishian (1988:381) beskryf terapie soos volg: "The goal of therapy is to participate in a conversation that continually loosens and opens up, rather than constricts and closes down." Deur die terapeutiese gesprek word vaste betekenis en gedrag ruimte gegee, verskuif en verander.

- 'n Verder bousteen is die terapeut se eie voorveronderstellings wat voortdurend bevraagteken moet word, want so word die gespreksgenoot genooi om sy eie veronderstellings te bevraagteken. "Just listening and asking facilitating and clarifying questions from a position of curiosity can be very therapeutic" (Freedman & Combs 1996:45). Die gespreksgenoot weet meer van sy lewens storie en die interpretasie daarvan, as die terapeut.

The emphasis here is on the idea of the client as the expert, with the therapist's role being to ask questions which generate unique outcomes and new stories. This is in contrast to more traditional ways of doing therapy where the therapist is seen as the expert who has the knowledge to diagnose and fix the client's problems" (Kamsler 1998:65).

Freedman & Combs (1996:46) noem hierdie aktiewe luister, dekonstruktiewe luister. "Through this listening, we seek to open space for aspects of people's life narratives that haven't yet been storied (Freedman & Combs 1996:46).

Die uitgangspunt is dat die gespreksgenoot nie as 'n passiewe slagoffer van gebeure gesien word nie, maar as iemand wat 'n aktiewe rol in die vorming van hul lewens storie speel. "So when we listen 'deconstructively' to people's stories, our listening is guided by the belief that those stories have many possible meanings" (Freedman & Combs 1996:47). Die gespreksgenoot bepaal die doelwitte wat in die terapie bereik moet word.

Nog 'n belangrike bousteen van 'n narratiewe paradigma is die proses van *eksternalisering*. White (1987; 1998; 1989) het lig op dié belangrike benadering laat val. White se aanvanklike siening van mense en hul probleme is sterk deur Bateson en Michel Foucault beïnvloed. Later het die sosiale konstruksioniste, Goffman en Gergen 'n groter invloed op White se werk gehad. Met hierdie kombinasie van invloede het White 'n model daargestel wat mense van die onderdrukking van hulle probleme bevry. Nichols & Schwartz (1991:494) som dit so op: "Consequently the meanings or stories that people carry about themselves and their views of the world., and the use of language to construct those stories, are central to White's thinking and therapy, as they were a central focus of Bateson, Foucault, and the constructionists."

Die klem val nie op dit wat die probleem veroorsaak nie, maar op die ontvouing van die gevolge van die probleme op mense. Deur die interpretasie van lewensgebeure, ontwikkel mense probleem-gesentreerde-beskrywings van hul lewens. Vir sulke mense is die negatiewe gebeure van hul lewens en persoonlikhede, voortdurend op die voorgrond. Dit laat hulle kragteloos, hopeloos en 'n nikswerd voel (Nichols & Schwartz 1991:495).

Later het Tomm (1989) en Epston (1993) ook hierdie term in hul werk gebruik. Eksternalisering beteken kortliks dat 'n *persoon* nie die *probleem* is nie, maar die *probleem* is die *probleem*. "People, not problems, are in charge" (Nichols & Schwartz 1991:495). "Externalization is a practise supported by the belief that a problem is something operating or impacting on or pervading a person's life, something separate and different from the person" (Freedman & Combs 1996:47).

Die tipe vrae wat gevra kan word om die probleem afsonderlik van die persoon te sien, is:

- Wat is die probleem?
- Hoe lyk die probleem?
- Hoe openbaar die probleem homself?
- Hoe voel die persoon met hierdie probleem in haar lewe?
- Wat weerhou dié persoon daarvan om aangename ervarings te hê?

Die oplossing-gefokusde terapie (solution-focused) van De Shazer, O'Hanlon en Weiner-Davis, fokus nie op die probleem nie, omdat "...people are constrained by their narrow, pessimistic views of their problems or their lives which generate rigid sequences of more-of-the-same attempted solutions" (Nichols & Schwartz 1991:481). In hierdie opsig stem hulle en White ooreen.

Eksternalisering is eerder 'n *houding* as 'n *tegniek*. Juis omdat mishandelde mense veral, trauma internaliseer en hulle persepsie sodoende gestrem word, sien hulle nie ander moontlikhede raak nie. Eksternalisering help om dit wat geïnternaliseer is, te objektiveer en van die persoon los te maak (Freedman & Combs 1996:48). "We believe that listening with an externalizing attitude has a powerful deconstructive effect" (Freedman & Combs 1996:50). Hierdie benadering sien mense nie as problematies of patologies nie.

'n *Voorbeeld* van eksternalisering word in die geval waar iemand oor skuldgevoelens kom praat het, gevind, en daar kon deur die volgende vrae te vra afstand op die probleem verkry word (Freedman & Combs 1996:49):

- Hoe het dit gekom dat jy skuldig voel?
- Waaroor voel jy die meeste skuldig?
- Watter dinge lei spesifiek tot 'n skuldgevoel?
- Wat doen jy wat jy nie sou doen as jy nie skuldig gevoel het nie?
- Wat is die gevolge van jou skuldgevoelens op jou lewe en verhoudings?
- Watter van jou huidige moeilikheid word deur skuldgevoelens veroorsaak?
- Hoe is jou selfbeeld as jy nie skuldig voel nie?
- As jy een oggend deur middel van 'n wonderwerk wakker word, sonder om skuldig te voel, hoe sal dit jou lewe verander?

Dit is belangrik om die probleem, nadat dit geëksternaliseer is, 'n *naam* te gee en te vra: (neem byvoorbeeld *skuld*)



- In watter omstandighede is die *skuld* besig om oor te neem?
- Wat laat die *skuld* jou doen, wat teen jou grein ingaan?
- In hoe 'n mate verblind die *skuld* jou, sodat jy nie jou sterkpunte kan sien nie?
- Vertel van die tye toe jy in staat was om *skuldgevoelens* te onderdruk. en onder te sit?

Dit is dus belangrik om die problematiese storie 'n *naam* te gee. Freedman & Combs (1996:63) praat van 'n "plot" wat 'n naam moet kry. So is die probleem se naam byvoorbeeld *woede* en die *plot* se naam "getting tricked into flying off the handle."

Dit is so belangrik dat wanneer 'n wolk van emosies 'n persoon beetpak, hy daarin sal slaag om 'n naam vir hierdie emosies te gee, 'n handvatsel...en hierdie naam kan ook verander soos die gespreksgenoot se storie ontwikkel. Enkele voorbeelde van naamgewing van die probleem is:

- Hoe is die *woedewurm* besig om tussen julle in te vreet?
  - As ek *die vrees in jou lewe* was, hoe sal ek myself sigbaar maak? Watter tye sou effektief wees!
  - Wat fluister die *stem van depressie* in jou oor? Hoekom klink hy so oortuigend?
- Om vanuit 'n narratief/sosiaal konstruksionistiese paradigma te werk, neem die terapeut 'n nie-weet posisie in en volg 'n benadering om 'n probleem as die probleem te sien (eksternalisering). Verder fokus die terapeut op die gespreksgenoot deur aktief en dekonstruktief te luister. Wanneer daar na mense se stories geluister word, is dit om jouself as terapeut in hulle skoene te bevind, die storie te verstaan, maar nie die stories grootliks te verander nie (Freedman & Combs 1996:56).

Terapie word 'n reeks vrae. Die een reeks vrae bepaal wat die invloed van die probleem op die gesin se lewens is en die tweede reeks vrae bepaal watter invloed die gesinslede op die probleem het (uitkomsgerigte vrae).

White se reeks vrae, volgens Nichols & Schwartz (1991:497), help mense om te beseef dat:

- hulle geskei is van die probleem
- hulle mag het oor die probleem
- hulle nie is wat hulle gedink het hulle is nie.

Op hierdie wyse ontstaan daar verskeie alternatiewe wat gespreksgenote kan gebruik om hul eie, nuwe en kragdadige gevolgtrekkings te maak. Die probleem is afhanklik van sy uitwerking vir sy eie oorlewing en as 'n gespreksgenoot nie toelaat dat die probleem hom op die ou manier beïnvloed nie, slaag die persoon daarin om die probleem se "life support system", af te sny (Nichols & Schwartz 1991:497).

- Die volgende beweging na die dekonstruktiewe luister in die gespreksproses, is *dekonstruktiewe vrae* wat gevra word. Hierdie punt word onwillekeurig bereik, nadat 'n vertrouensverhouding gevestig is. Dekonstruktiewe vrae nooi mense uit om hul situasie vanuit ander perspektiewe te sien en sodoende ander moontlike narratiewe te ontdek. Freedman & Combs (1996:57) stel dit soos volg.

As people begin to have ideas about how the narratives they are living out have been constructed, they see that those narratives are not inevitable, that they do not represent essential truth.

Die narratief kon anders gekonstrueer gewees het. Die bestaande narratief word ontrafel of 'n alternatiewe moontlikheid word aangebied.

Hierdie soort vrae help mense om hul stories te vertel en vanuit 'n ander perspektief te sien. Die geskiedenis, konteks en uitwerking van mense se stories help verbreed hulle uitkyk en word die hele prentjie waarbinne probleme floreer. "Within these broader landscapes, more (and more varied) "sparkling events" can be brought forth" (Freedman & Combs 1996:120).

Dekonstruksie vrae bring problematiese “beliefs, practices, feelings and attitudes” na vore. Die vrae word in die konteks van ‘n *eksternaliseringsgesprek* gevra.

As these questions help people to distinguish particular beliefs, practices, feelings, and attitudes, we ask about:

- the *history of a person's relationship* with the belief, practices, feelings or attitudes;
- contextual influences on the belief, practices, feelings or attitudes;
- the effects or results of the belief, practices, feelings or attitudes;
- the interrelationship with other belief, practices, feelings or attitudes; and
- the tactics or strategies of the belief, practices, feelings or attitudes (Freedman & Combs 1996:121).

Michael White (1991:27) sien dekonstruksie as die ondergraving van “...taken-for-granted realities and practices...” Dekonstruksie wil die gespreksgenoot help om die sogenaamde “waarhede” te ontmasker en die dominante storie in dié persoon se bepaalde kultuur van krag te ontnem. ‘n Dominante storie oor geslag, ras, klassegroepe, ouderdom, seksuele oriëntasie en geloof, mag nie die gespreksgenoot se storie gevange neem nie.

Die pragtige beeld van Hare-Mustin, soos aangehaal in Freedman & Combs (1996:58) spreek boekdele. Terapie is soos ‘n vertrek vol spieëls, wat net dit terugkaats wat die gespreksgenoot in die vertrek (gesprek) inbring. Die terapeut moet daarteen waak dat die gespreksgenoot die kultureel-dominante verhaal in die vertrek inbring.

Die uitwerking van probleemgesentreerde stories op mense se lewens, kan in die konteks van 'n geëksternaliseerde gesprek plaasvind (Nichols & Schwartz 1991:145). Die terapeut vra eksternaliserende en dekonstruktiewe vrae en sluit by die taal van die gespreksgenoot aan. Dus moet die probleem eerstens geëksternaliseer en daarna vrae oor die probleem aan die gespreksgenoot gestel word. Sodra 'n probleem "buite" die persoon geplaas word, kan die persoon besluit wat om daarmee te doen. Die probleem kan 'n ander naam kry (positief geherformuleer) of die probleem kan uit die persoon se lewe geskop word (Freedman & Combs 1996:59).

Sodra 'n probleem buite die persoon geplaas is, kry die gespreksgenoot dikwels kans om op sterkpunte te konsentreer en slaag sodoende daarin om nie die probleem weer in sy of haar lewe in te nooi nie. "Externalizing conversations make it possible for many people to experience themselves as choosing responsibility for the first time" (Freedman & Combs 1996:63). Dus, wanneer *'n probleem iemand definieer*, is dit amper 'n verlore saak, maar wanneer *'n probleem geëksternaliseer word*, kan die persoon besluit hoe hy of sy daarteenoor gaan optree.

- Nog 'n bousteen is die bekende term wat White (1989) gebruik, te wete "unique outcomes". (Hierna word na dié term as unieke uitkomst verwys). Wanneer die landskap van die probleem wyer oopgemaak is, deur die gevolge wat dit op die lewe en verhoudings van die betrokke mense het, ontstaan daar gapings waarin unieke uitkomst mag verskyn. Die terapeut begin vrae vra oor die uitwerking van die probleem op die lewe van die gespreksgenoot, en so dikwels word ontdek dat mense se lewens baie meer verhale het as wat uit die probleem afgelei kon word. "Unique outcomes or opening are doorways to alternative stories" (Freedman & Combs 1996:68).
- Verder is dit belangrik dat die die gespreksgenoot voortdurend daaraan herinner moet word dat hy of sy belangrik en uniek is en moet voortdurend uitgenooi word om te praat.

'n Gespreksnoot het dit op 'n keer so mooi gestel: "What I've learned in therapy, is to speak my mind, because others don't know if I don't tell them and not speaking feels horrible" (Freedman & Combs 1996:76).

### **5.3 Die beskrywing van twee benaderings**

#### 5.3.1 Julian Müller: Om tot verhaal te kom: Pastorale gesinsterapie (1996)

Die twee benaderings wat bespreek word, is dié van Müller (1996,1998) en Freedman & Combs (1996). Die model en metode van Julian Müller (Om tot verhaal te kom: Pastorale gesinsterapie, 1996) word kortliks weergegee. Daarna word die ongepubliseerde manuskrip van Müller (Reisgeselskap: Die kuns van verhalende gesprekvoering, 1998) verder bespreek.

Müller (1996:97) gaan van 'n geïntegreerde model uit, wat beteken dat die verskillende skole van die gesinsterapiebeweging tot 'n werkbare pastorale model, wat aan die ekohermeneutiese paradigma getrou is, geïntegreer word. "'n Model van *pastoraal-narratiewe betrokkenheid* bied, na my mening, die beste moontlikhede tot integrering van al die fasette" (Müller 1996:98). Ek stem daarmee saam dat Muller se model moontlikhede bied, om gesinne waarin kindermishandeling voorkom, te begelei.

Müller (1996:98) gebruik twee begrippe om die pastorale gespreksituasie te rig, naamlik *agenda* en *prosedure*. Die agenda lê meer op die oppervlakte en gee 'n aanduiding hoe die gespreksproses vorder. Die prosedures lê onder die oppervlakte en word nie met die gesin bespreek nie, want dit is die "gereedskap" van die pastorale gesinsterapeut.

- Die agenda

Die agende-gedeelte bevat vyf bewegings in 'n sirkulêre proses. Die vyf bewegings is:

- 'n Verhaal van *nood*
- 'n Verhaal met 'n *storie (verlede)*
- 'n *Verduisterde toekomsverhaal*
- *Herstrukturering* van die verledeverhaal
- *Rekonstruksie* (verbeelding) van 'n toekomsverhaal.

Volgens hierdie benadering word 'n storie van 'n persoon nie vir inligting gebruik nie, maar word dit verander (geherinterpreteer en geherstruktureer). Gesinspatologie word ten opsigte van 'n doodgeloopte storie gedefinieer (Müller 1996:101). Verandering vind plaas, wanneer die doodgeloopte storie en die onontwikkelde toekomsstorie in één storie ontwikkel.

Müller (1996:104) stel dit duidelik dat die terapeut *vyf groot bewegings* moet uitvoer:

- Hy moet die gesin help om die storie van nood (die vasgeloopte storie) so volledig as moontlik te verwoord. Dis die "skoer" wat druk of die pyn wat martel.
- Hy moet die gesin lei om die storie van die verlede (gesinne van herkoms) te vertel.
- Hy moet die gesin daarin begelei om die storie van die toekoms te vertel, sodat die verduisterde toekomsbeeld na vore kan kom. Die deurvloei van die verledeverhaal na die toekomsstorie, help 'n nuwe teenwoordige storie skep.
- Hy moet die verledeverhaal herstruktureer. Met positiewe herstrukturering en nuwe punktiasies word 'n meer aanvaarbare storie geskep.
- Hy moet die toekomsverhaal rekonstrueer. Deur verbeelding moet daar nou 'n nuwe toekomsbeeld geskep word. Die hergestruktureerde verledeverhaal maak dit moontlik.

- Die Verhaal van God neem 'n baie natuurlike plek in. "God se storie kan 'n gesin help om verlede- en toekomsstories so te herstruktureer dat dit verbindingskanale oopmaak, en dit laat mense in die hede verander" (Müller 1996:105).

In hierdie model, volgens Müller (1996:105), word nie met veranderingstegnieke, psigologiese sosiologiese of teologiese veranderingstegnieke gewerk nie. Die standpunt is dat 'n storie met 'n vloei van die verlede na die toekoms, self die veranderingsagent is. Om jou verhaal te vertel, is nie net die vertel van 'n klomp feite nie, maar die verbalisering van ervarings (Müller 1996:117).

- Die prosedures

Die prosedures sluit 'n aantal tegnieke en metodes, wat by enige van die agendapunte kan aanpas, in. Alhoewel Müller (1996:99) erken dat tegnieke en metodes uit die hoofstroomgesinsterapiemodelle, binne die sosiaal-konstruksionistiese paradigma, bevraagteken kon word, gaan hy tog van 'n inklusiewe benadering uit. Onder die prosedures beskryf Müller (1996:100) die volgende:

- Die sirkulêre verhaal
- Die kronologiese verhaal
- Die grafiese verhaal
- Die ekosistemiese verhaal
- Die geëksternaliseerde verhaal
- Die geloofsverhaal
- Die hipotetiese verhaal
- Verantwoordelikheid vir die verhaal
- 'n Rituele verhaal

- **Sirkulêre verhaal**

As daar verandering by een lid kom, raak dit al die ander gesinslede. Deur 'n verhaal sirkulêr te herformuleer, word aan die gesin 'n groter medeverantwoordelikheid gegee (Müller 1996:142). Saam met sirkulariteit gaan ook die term neutraliteit. Dit dui op meervoudige partydigheid van die terapeut waar hy met sy eie partydigheid vrede gemaak het (Müller 1996:143). Eers dan kan die terapeut sirkulêre vrae tot hul reg laat kom.

- **Kronologiese verhaal**

Hierdie verhaal wil die kronologiese gegewens interpreteer. Die terapeut lei die gesin om op 'n bepaalde ordelike wyse die kronologiese verloop van die storie weer te gee (Müller 1996:145). Müller (1996:146–149) meld twee verwysingspunte wat die terapeut kan gebruik om die gesin te lei om hulle kroniek weer te gee. Die een is die *lewensiklus* van die gesin en die ander is die *oorgange* waardeur 'n gesin beweeg. Die lewensiklus is 'n organisatoriese tema waarvolgens die gesin se groei deur verskillende stadiums kan beweeg en beoordeel kan word. Die oorgange is die normale lewensiklusoorgange, soos huwelike, geboortes en sterftes, wat in elke gesin voorkom (Müller 1996:149).

Daar is ook unieke oorgange wat elke gesin anders maak, soos die geboorte van 'n gestremde kind, 'n miskraam of gevangenisskap. Veranderinge is volledig deel van die lewe en kan nie vermy word nie. Elke gesin reageer net anders daarop. Elke gesin se smart, vreugdes en geheime vind uitdrukking in stories.

- **Die grafiese verhaal**

Müller (1996:151) gebruik graag twee grafiese metodes, naamlik die *genogram* en die *ekokaart*. " 'n Genogram is 'n diagram van familie- of gesinstrukture wat gebruik word om patrone en temas binne die familie oor drie of vier geslagte te verhelder" (Müller 1996:151).



Familiebande, ouderdom, geslag en mylpale kan maklik aangetoon word. In gesinsterapie is dit veral bruikbaar om al die gesinslede by die teken daarvan te betrek. (Kyk bylaag C vir die genogramsimbole volgens McGoldrick & Gerson 1989:165 soos deur Müller 1996:153 verwerk).

In my eie benadering speel die genogram 'n belangrike rol. 'n Gesin reflekteer oor die familie-van-oorsprong verhaal en kom so tot duideliker selfverstaan en kan in die lig hiervan 'n nuwe verhaal konstrueer.

Volgens Müller (1996:151) is die genogram 'n grafiese kaart van familie- of gesinstrukture wat gebruik word om temas en patrone binne die familie oor drie of vier geslagte te verduidelik. Op hierdie grafiese kaart word die ontwikkelingsfases van die gesin in 'n historiese en sistematiese perspektief uitgebeeld.

Die genogram word in my eie benadering as 'n instrument gesien wat deurgaans in die terapeutiese proses 'n rol speel om die storie van die gesin of gespreksgenoot, te vertel en te herskryf. "Familiebande, ouderdom, geslag en mylpale soos geboortes, huwelike, egskeidings en sterftes kan maklik op die genogram aangedui word" (Müller 1996:151).

Gesinslede kry die geleentheid om hul verhaal te vertel ten opsigte van mites, geheime, waardes, tradisies, verhoudingsdriehoeke, konflikte en lojaliteite. Die selfverstaan en inligting wat so vrykom, skep 'n veilige ruimte waarbinne die terapeutiese proses kan afspeel, sonder dat emosionele reaksies die botoon voer.

Die ekokaart fokus op betrokkenheid van die gesin buite gesinsverband. Die gesin is deel van 'n groter konteks en die ekosistemiese benadering roep 'n verskeidenheid interafhanklike data op (Müller 1996:156).

- **Die ekosistemiese verhaal**

In hierdie beweging word die gesin gehelp om die betekenis en invloed van die ekosisteem op hulle gesin te verstaan. Die gesin se verhaal speel in die groter sosiale verhaal en omgewing af. Elke gesinslid se storie en identiteit word deur die gesinsidentiteit gevorm en die wyer kultuuridentiteit gevorm. Dit is soos 'n ineengestremde spinnerak, waar die geringste beweging die hele spinnerak beïnvloed (Müller 1996:160).

Elke individu ontwikkel oor die jare, 'n eie persepsie en vooroordele oor allerlei sake. Om eerlik oor jou eie vooroordele te wees, is in terapie van kardinale belang. Stereotipes en vooroordele maak 'n pastoraat van narratiewe betrokkenheid onmoontlik (Müller 1996:161).

- **Die geëksternaliseerde verhaal**

Die vyfde beweging van die gespreksagenda het die herstrukturering van die verledeverhaal voor oë. Die metode wat hier, volgens Müller (1996:165), bruikbaar is, is ekternalisering. Hy haal White aan wat hierdie metode ontwikkel het. White (1989:5) sien ekternalisering as die objektivering en personifiëring van probleme. Probleme word as 'n aparte entiteit beskou en so hanteer. Jy staan as't ware in verhouding met die probleem en ervaar dit as bedreigend of belemmerend. Mense word in staat gestel om hulle los te maak van dominant destruktiewe probleemstories. Sprankelende gebeure, wat die begin van 'n nuwe verhaal is, moet herontdek word en White (1989:7) verwys hierna as "unique outcomes."

Probleme beïnvloed nie net die individu nie, maar ook al die verhoudings waarin die individu staan. Die twee groepe vroe van White (1989:8–28) gaan eerstens oor wat die invloed van die probleem op die individu en dié se verhouding is en tweedens oor die invloed wat die individu op die lewe van die probleem het. Müller (1996:171) beskryf 'n mooi voorbeeld om vir persone te toon dat hulle eintlik in die verlede sterk en bevoeg genoeg was om die probleem op te los. "Ek moet julle gelukwens dat julle dit tot dusver reggekry het om julle geloof te beskerm."

Die toekomsverhaal word hieruit gekonstrueer en die individu moet sy oorwinning vier en dit met iemand gaan deel.

Müller (1996:167–171) haal 'n artikel deur O'Hanlon (1994:19–29) aan, waarin die proses van eksternalisering kortliks verduidelik word.

- Eerstens moet die probleem 'n *naam* gegee word.
- Tweedens moet die probleem gepersonifieer en negatiewe aanvalle en eienskappe met die probleem verbind word.
- Derdens moet vasgestel word op *watter wyses die probleem destruktief, oorheersend en ontmoedigend* ervaar word. Onthou dat die probleem skelmstreke uithaal, beïnvloed, nooi, vertel, oortuig en probeer ontwig.
- Vierdens moet *situasies en geleenthede herroep* word toe die persoon of gesin nie deur die probleem ontmoedig of gedomineer is nie. Daar was kere wat die persoon dit reggekry het om die probleem bevredigend op te los. Daar het 'n bepaalde beïnvloeding op die probleem plaasgevind.
- Vyfdens soek die terapeut saam met die gespreksgenoot of gesin na historiese bewyse wat van *sterkte en die potensiaal* om die probleem op te los, getuig. Daar word na stories uit die verlede gevra, om te bevestig dat die persoon of gesin bevoeg en sterk genoeg is om die probleem te hanteer.
- Sisdens begin die terapeut saam met die persoon of gesin oor hulle toekoms en vermoë tot probleemoplossing, spekuleer. "As jy so aanhou om weerstand te bied teen depressie, hoe sal jou lewe oor twee jaar lyk?" (Müller 1996:171).

- In die sewende plek moet daar 'n *gehoor* wees wat die nuwe storie of identiteit kan toejuig. 'n Probleem ontstaan binne 'n sosiale konteks en hierdie sosiale konteks moet verder vir die nodige ondersteuning ingespan word. Familie, vriende of die geloofsgemeenskap wat die persoon of gesin ken, moet geïdentifiseer word. Die ideaal is dat daar vir iemand vertel word wat reeds bereik is, sodat hulle in die nuwe of alternatiewe storie kan deel.

- **Die geloofsverhaal**

Daar moet op die samehang tussen begrip vir die eie lewensgeskiedenis en geloof, in die pastorale gesprek gefokus word. Soos Müller (1996:173) tereg sê gaan dit hier oor die geloofsverhaal as metode. Die groter geloofsgemeenskap se verhaal en die verhaal van die individu kom in spanning en die pastor moet hierdie proses fasiliteer. Die pastor wat in 'n egte en voortgaande geloofsverhouding met God staan, slaag daarin om hierdie proses met omsigtigheid en wysheid te fasiliteer (Müller 1996:174).

Deur 'n *hermeneutiese proses* word dit vir die individu of gesin moontlik om hul eie lewensverhaal in die lig van God se verhaal te interpreteer (Müller 1996:174). Die Skrif en gebed kan op die regte tyd en plek baie effektief en koersveranderend wees. "Maar beide die Christen en die Christelike geloofsgemeenskap ontdek hulle identiteit in die narratiewe geskiedenis van Jesus van Nasaret" (Müller 1996:175).

Müller (1996:175) gaan verder en sê dat twee dinge in pastorale gesinsterapie moet gebeur. Die een is dat die gesin se verhaal geïnterpreteer en met die geloofsgemeenskap se verhaal in verband gebring moet word en tweedens moet die gesin se verhaal teen die agtergrond van die verhaal van Jesus gelees word. Dit is baie belangrik dat daar geloofsintegrasie in die verhaal van nood, plaasvind.

'n Verdere saak van belang, is die oordra van geloofswaardes. Dit kan slegs deur 'n diepgelowige pastor, wat uit en volgens die Skrif lewe, plaasvind. Dit gaan oor baie meer as tegnieke, taal en styl—dit gaan oor 'n pastor wat op 'n besonder wyse iets van God se teenwoordigheid bemiddel (Müller 1996:176).

In tye van absolute wanhoop en donkerte, is dit die pastor se roeping om mense oor die toekoms en die Christelike hoop wat in hulle leef, te laat droom. 'n Toekomsverhaal wat sin maak en realisties is, word gekonstrueer en dit is wat die evangelie bied (Müller 1996:177).

- **Die hipotetiese verhaal**

Müller (1996:179) verstaan 'n hipotese as 'n oop konstruk wat net die beginpunt van verdere navorsing wil inlei. 'n Hipotese moet sirkulêr en sistemies wees om van 'n oorsaak-gevolg denkskema weg te beweeg. Die hipotese wil die simptome in die gesin verduidelik en moet voortdurend hersien of, indien nodig, selfs geskrap word. 'n Hipotese bewerk twee belangrike sake Müller (1996:180):

- Dit bring organisatoriese ordening mee.
- Dit gee 'n aanduiding watter betekenis die simptomatiese gedrag, op 'n bepaalde tydstip, in die gesin kan hê. Dit stel die simptome in 'n ander lig en dit is die mees bruikbare verduideliking van die gesin op daardie tydstip.

Intuisie en kreatiwiteit is belangrike stalmaats van hipoteses en onontbeerlik in pastorale gesinsterapie (Müller 1996:182). Dit is vir die model van narratiewe betrokkenheid belangrik om daarop te let dat *'n hipotese nie 'n soort diagnose is nie*. "Dit is eerder 'n gemeenskaplike nuwe punktuasie wat algaande as 'n gedeelde konstruk vorm aanneem" (Müller 1996:182).

- **Verhaal en ritueel**

Müller (1996:183) skryf oor die belangrikheid daarvan om rituele in die pastorale konteks terug te bring. Die volgende feite oor rituele is van belang (Müller 1996:183–184):

- Dit is simboliese handelingte waarby woorde en dade 'n rol speel.
- Dit het met kommunikasie as simboliese kommunikatiewe handeling te doen. Onder kommunikasie moet die verskaffing van 'n antwoord aan God oor 'n bepaalde gebeurtenis, verstaan word.
- Dit dui op formele en gestruktureerde handelingte.
- Daar is dikwels 'n religieuse element by betrokke.

Müller (1996:185) gee 'n treffende definisie van 'n ritueel: " 'n simboliese, formeel gestruktureerde en dikwels godsdienstige kommunikatiewe handeling, waardeur 'n enkeling en/of gemeenskap 'n antwoord op 'n bepaalde gebeurtenis gee." 'n Ritueel help 'n persoon om te beseef dat hy nie in sy verdriet of geluk aan homself oorgelaat is nie. Dit help met die voortgang van die lewe en is 'n manier om 'n persoon deur die lewensiklus te help. Dit is veral tydens die verlies van 'n geliefde deur die dood, dat 'n ritueel waardevol is (Müller 1996:185). Dit is dus veral in krisis wat die volle waarde van 'n ritueel beseef word.

In die proses van vergifnis speel rituele 'n baie belangrike rol. Die oortreding van iemand teen my, kan volledig uitgeskryf, deurgewerk en dan verbrand word (Müller 1996:187). Rituele is 'n middel om bestaande emosies te erken en te struktureer.

- **Verhaal en empatie**

Volgens Müller (1996:196) is empatie om toe te laat dat 'n ander wese jou oor die drumpel van sy lewe trek. Dit is intense betrokkenheid wat werklike ontmoeting tussen mense moontlik maak.

- **Verhaal en verantwoordelikheid**

“Mense kan nie verantwoordelikheid vir hulle verlede en toekoms neem, indien hulle nie vry is om dit te doen nie” (Müller 1996:202). Mense is vry om besluite te neem en kan daarom verander. Elke persoon word opgeroep tot die aanvaarding van verantwoordelikheid.

### **J Müller: Reisgeselskap: Die kuns van verhalende gesprekvoering (1998)**

Müller (1998) het 'n tweede ongepubliseerde manuskrip die lig laat sien met die titel en subtitel: “Reis-geselskap: Die kuns van verhalende gespreksvoering”. Hiermee wil Müller twee misverstande uit die weg probeer ruim. Volgens Müller (1998:1) is die twee misverstande eendersyds, dat die verhalende benadering nét om stories gaan en andersyds, dat 'n mens 'n letterkundige moet wees om die verhale vakkundig te ontleed. Die twee misverstande kan daartoe lei dat die verhalende metode té eenvoudig of andersins té moeilik beskou word (Müller 1998:1).

Elke mens is in haar lewe op pad. Hierdie oppad-wees, word volgens Müller (1998:4), deur die verhalende benadering ernstig opgeneem. Die narratief is 'n sleutel tot die verstaan van menswees en menslike ervaringe.

Die oppad-wees van elke mens, veronderstel 'n verlede en 'n toekoms. Die mens probeer om by wyse van verhale, die verlede en die toekoms by mekaar te laat aansluit. “Wanneer ek iets vertel uit my verlede, is dit niks minder nie as 'n poging om my toekoms te konstrueer nie” (Müller 1998:5). Verhale in elke mens se geheue help so 'n persoon om sin uit die lewe te maak. Die verhalende benadering maak dit moontlik om die grein van die lewe te ontdek. Dit is 'n manier van doen, dink en besluit (Müller 1998:6).

Die mens neem die ervaringe van die verlede, organiseer dit dan in 'n storie en hierdie storie word 'n bousteen vir die lewensreis. In die narratiewe benadering lê die klem nie op feite nie, maar die betekenis en ervaring wat die gespreksgenoot aan daardie gebeure gee. “Die verhaal, soos wat dit deur 'n persoon hier en nou vertel word, word volkome ernstig geneem en aanvaar as haar ervaring” (Müller 1998:7).

Wanneer 'n persoon haar ervaringe so in storienvorm struktureer, kry dit betekenis. Die betekenis van 'n lewenstorie kan of vernietigend in 'n doodloopstraat wees, of 'n hoopvolle, bemoedigende storie vir die toekoms. 'n Krisis is volgens Müller (1998:8), 'n storie wat geen hoop vir die toekoms inhou nie, 'n doodgeloopte storie.

Müller (1998:8) benadruk dit dat die uitgangspunt van die verhalende benadering die *eenheid* tussen verlede, hede en toekoms is. Daar bestaan ook 'n inherente *spanning* tussen die verlede, hede en toekoms. Die mens organiseer hierdie eenheid en spanning, in die vorm van verhale wat vertel word. Die verhalende benadering wil hierdie verhale so ontgin dat dit as geherformuleerde verhale, nuwe betekenis en sin aan die lewe kan gee. Wanneer daar 'n harmonie tussen die verlede, hede en toekoms tot stand kom, is daar sprake van integriteit, gesondheid en volwassenheid (Müller 1998:9).

“Die narratiewe terapie berus op hierdie betekenisgewende krag van taal en verhale” (Müller 1998:12). Die gespreksgenoot se taalgebruik is die manier waarop sy uitdrukking aan haar ervaringe gee. Dit is 'n vertolking van wat in haar lewe gebeur. Die pastor is ingestel op gelyke en vrye kommunikasie (Müller 1998:14).

Müller (1998:15) lê klem op die nie-weet posisie van die pastor. Die pastor is bewus van sy eie verhaal en is 'n medeskrywer van 'n nuwe verhaal saam met die gespreksgenoot. 'n Eerlike verhalende pastor sal baie goed na die storie van 'n gespreksgenoot luister en óók goed na sy eie lewenstorie luister. Die oorvertel van my verhaal aan 'n simpatieke luisteraar, help my om 'n nuwe storie te konstrueer wat my toelaat om aan 'n beter toekoms te werk (Müller 1998:18).



Vervolgens laat Müller (1998:23) die kollig *op die toekoms* val. Mense word uitgenooi om hul toekomsverhale te konstrueer. In hierdie konstruksie van verhale is vooroordele en geykte interpretasies van die verlede, onvanpas. Die verlede mag nie vergeet word nie, want die verlede is die lens waardeur na die toekoms gekyk word.

Die pastor moet toelaat dat die gespreksgenoot haar oor die drumpel van sy lewe trek. Die ervaring van egte empatie word op hierdie wyse gevoed. Dit is altyd 'n vreugdevolle gebeurtenis om die wêreld van 'n ander te betree (Müller 1998:39).

Die algemene indruk van verhale, is dat dit oor die verlede gaan. Dis net die helfte van die waarheid. Müller (1991:41) sê dat elke verhaal 'n interpretasie van die verlede bevat en dat verhale reeds met die toekoms te doen het. "Deur die vertel van die verhaal, stel ons onself oop vir die toekoms" (Müller 1998:41).

Müller (1998:43) kom na my mening by die baie belangrike terapeutiese vraag: "Hoe kan die toekomsprentjie weer heelgemaak word sodat dit 'n dryfkrag kan word om te kan verander in die hede?" 'n Mens kan, volgens Müller, nie verander as jou toekomsstorie verduister is nie. Daar moet 'n verbeelding van 'n aanvaarbare toekomssituasie wees, waarheen die mens kan verander. Dit is net moontlik indien die verledestorie (verwysingsraamwerk) die deure na die toekoms oopmaak.

Müller (1998:44) merk tereg op dat die verhalende benadering aan twee uiterstes van terapie ontkom. Die *een benadering* wil die verlede onder 'n mat invee en net op die toekoms fokus. Daarmee word die eenheid tussen die verlede en die toekoms ontken.

Die *ander benadering* soek weer al die antwoorde in die verlede. Hierdie soort terapie kom nooit weg van die verlede nie en misken eweneens die eenheid tussen verlede en toekoms.

Die Christelike hoop, volgens Müller (1998:44) bou op die verlede, die verlede storie van Jesus Christus, maar verbeeld 'n toekoms waar Christus alles in almal sal wees en Sy beloftes sal waar maak. Hierdie verwysingsraamwerk help my om my verhaal in kongruensie met God se Verhaal te bring en my eie verlede verhaal af te handel. Die beloftes van 'n nuwe hemel en aarde help my om nou en hier te verander.

Die grootste gevaar van elke mens, is 'n toestand van hooploosheid (Müller 1998:45). As dit 'n lewenstema word, oordek sinloosheid die mens se lewe en word daar na hoop gesoek. Nie goedkoop hoop nie, wat nooit troos bring nie, maar die lewende hoop van die evangelie. Ek stem op hierdie punt met Müller (1998:45) volledig saam, as hy sê dat die pastor se terapie sonder hoop nie pastoraal is nie.

Die ergste vorm van lyding wat pastors moet bestry, is hooploosheid. Hooploosheid bevat 'n element van desperate moedeloosheid, wat 'n persoon maklik in depressie kan laat verval. In 'n toestand van hooploosheid is die versoeking groot dat die gespreksgenoot haarself wysmaak dat die oplossing in die mens self geleë is. Die gespreksgenoot kan dan op 'n oormoedige of desperate manier die probleem hanteer (Müller 1998:46). Nie een van hierdie hanteringswyse laat die hooploosheid opklaar nie, want Christelike hoop beteken om alles van God te verwag. "En wanneer 'n mens alles van God verwag, doen jy twee dinge: Jy wag en jy doen (Müller 1998:46).

Die Christelike hoop bied nie maklike, eenvoudige oplossings nie. Oormoedigheid en desperaatheid is die makliker oplossings. Müller (1998:47) sê dat oormoedigheid nie net die werklikheid van sonde rekening hou nie en dat desperaatheid nie rekening hou met die werklikheid van God nie. Die ongelowige se lewensingesteldheid wil of alles self doen, of alles oorgee en op 'n ashoop gaan sit.

Wanneer 'n gespreksgenoot se oplossings nie werk of 'n antwoord gee nie, beleef sy 'n doodgeloopte storie. 'n Persoon in 'n doodgeloopte storie is afgesny van sy verlede en toekoms (Müller 1998:49). Elke mens se lewenstorie speel in 'n sosio-kulturele konteks af. Dit gebeur dikwels dat die mense se storie in konflik met die sosio-kulturele verhaal is. Die sosio-kulturele verhaal word veral vandag deur die media en televisie gevorm (Müller 1998:50).

In verskeie terapeutiese benaderings is die neiging om krisisse net so gou as moontlik op te los. Terapeute verval gou-gou in die versoeking om vinnige advies en oplossings aan te bied. Dit word 'n korttermynhantering van 'n krisis, wat nie opgelos word nie (Müller 1998:52). Mense kom juis na 'n pastor toe, omdat die kitsoplossings nie gehelp het nie.

In Jakobus 1:2–4 word die heilsame uitwerking van beproewinge genoem. Müller (1998:53) is reg as hy hierby aansluit en sê dat krisisse die mens se lewe verryk en versterk in die geloofsopbouproses. In 'n krisis leer die pastor en gespreksgenoot om op die Here te wag en nie om die krisis so gou as moontlik op te los nie. Deur krisisse heen kom die mens by 'n beter toekoms uit.

Die pastor moet, in die woorde van Müller (1998:59), soos 'n speurder soek na versteekte oplossingspotensiaal. Die pastorale proses is 'n hermeneutiese proses waarvan die uitkoms onbekend is.

### 5.3.2 Freedman & Combs: Narrative Therapy: The social construction of preferred realities (1996)

Volgens my het Freedman & Combs (1996) daarin geslaag om 'n goeie oorsig oor die narratiewe benadering, asook goeie riglyne vir gebruik daarvan in die praktyk, te gee. Hier volg 'n aantal belangrike riglyne wat vir my vormend was:

- Met narratiewe stories word die lewe wat mense leef, bedoel. Dit is nie stories oor die lewe nie, dit *is* die lewe soos ons dit ken.
- Die rolle wat gesinslede in die gesin van herkoms speel, noodsaak dikwels dekonstruksie. As 'n vrou/dogter in 'n gesin is waar sy as die man se besitting beskou en hanteer word, kan enige vorm van mishandeling voorkom. Die behoefte om as 'n mens gekoester te word, ontbreek.
- 'n Baie sterk patriargale gesagsfiguur (die man), kan daartoe bydra dat al die gesinslede in vrees, angs en onsekerheid lewe. Dit kan sosiale isolasie en hulpeloosheid meebring, wat aanpassing in 'n intieme verhouding belemmer.
- As 'n gesinslid oordadige kritiek, neerhalende opmerkings en verwerping moet verduur, ervaar so 'n persoon emosionele bankrotskap, 'n minderwaardigheids- en 'n nutteloosheidsgevoel, wat weer tot 'n swak selfbeeld kan lei.
- Dit is noodsaaklik vir die gespreksgenoot in terapie om te onthou dat 'n aantal dinge wat ons in die wêreld vrees, nie soveel saak maak nie (Freedman & Combs 1996:86) en dat dit belangrik is om hardop te sê wat jy moet gaan doen. "It becomes more real when you say it out loud" (Freedman & Combs 1996:87).
- Dit is belangrik dat die terapeut sy intensie sal onthou: "... not to co-construct stories that represent or describe experience, but to co-construct stories through which people can live in preferred ways" (Freedman & Combs 1996:88). Die gespreksgenoot begin dan 'n nuwe storie leef en nie slegs vertel nie.
- Die verhaal wat 'n gespreksgenoot met die terapeut deel, is uniek, persoonlik en kosbaar. Ons weet nie waarheen die persoon ons lei nie. "We can only co-author a story a piece at a time" (Freedman & Combs 1996:88). Dit vra *intense omgee en betrokkenheid* by elke stukkie van die storie wat ontwikkel.

Anderson (1993) lê klem daarop dat die terapeut bedag moet wees op die verbale en nieverbale kommunikasie van die gespreksgenoot, sodat vrae oor die ervarings wat die grootste betekenis dra, gevra kan word.

Die terapeut moet te alle op die uitkyk wees vir unieke uitkomst (Freedman & Combs 1996:89). Van die vrae wat gevra kan word, is:

- Vertel van die kere toe jy dit reggekry het om...
  - Was daar kere toe jy in staat was om jou humeur te beheer?
  - “Ek hoor jy sê dat die mishandeling jou hulpeloos en ‘n nikswerd gemaak het en dat jy nou een van die abnormales in die gemeenskap is. As ek mense wat jou goed ken, oor jou sou uitvra—wat dink jy sou hulle van jou sê?”
- Vra gespreksgenote voortdurend uit *oor die uitwerking/gevolge wat die probleem op hul lewens en verhoudings het*. Onthou ook om die persoon te vra wat sy invloed op die lewe van die probleem is. “Has there ever been a time when the problem tried to get the upper hand, but you were able to resist its influence?” of “Have you ever been able to escape the problem for even a few minutes?” of “Is the problem *always* with you?” (Freedman & Combs 1996:91).
  - Nadat die unieke uitkomsvraag ‘n opflikkering gebring het, kan die terapeut die volgende vrae vra:
    - Is jy verbaas daaroor?
    - Sou jy meer hiervan in jou lewe wou hê?
    - Dink jy, hierdie is ‘n goeie of slegte ding in jou lewe?

- Wees versigtig om *nie te vinnig te wil beweeg* in die konstruksie van 'n nuwe storie nie. Veral by mishandeling kan daar te vinnig beweeg word, of die terapeut kan in die versoeking kom om in onnodige detail, wat die gespreksgenoot nie vrylik gedeel het nie, te verval (Freedman & Combs 1996:92).
- Wanneer die unieke uitkoms of helder oomblik aangebreek het, word die gespreksgenoot genooi om dit in 'n *alternatiewe storie* te ontwikkel. "Remember that a big part of what lets new stories make a difference in people's lives is that, in telling them to other people, a performance of meaning occurs" (Freedman & Combs 1996:93). Met die nodige respek en gefokuseerde aandag, sal mense dit maklik en natuurlik vind om gebeurde, soos dit vertel word, te herleef.
- Moedig die gespreksgenoot aan om genoeg detail oor 'n gebeurde te gee, want dit maak hulle intens betrokke en laat hulle die gebeurde herleef. "We think that in countering the effects of a problem-saturated story, it is important to develop as rich, detailed, and meaningful a counterstory as possible" (Freedman & Combs 1996:94). Dit help baie om mense te vra wat hulle dink, doen en voel en wat ander mense dink. "And we have also found it helpful to ask about seeing, hearing, and feeling" (Freedman & Combs 1996:95).
- Elke storie bevat 'n *aantal karakters*. Elke karakter het 'n ander blik op dieselfde gebeurde. "Changing point of view almost always brings out different details, different emotions, or different meanings" (Freedman & Combs 1996:95). Laat die gespreksgenoot deur ander se oë kyk en sê wat hulle wou sê. "Wat sal jou vrou in jou waardeer? Wie sou voorspel dat jy enduit sou volhou?"
- Laat die klem op vrae, wat op *kontekste buite* die probleemgesentreerde storie konsentreer, val. As die storie in 'n spesifieke vertrek van die ouerhuis afgespeel het, kan die konteks van die skool, vriende se huise en die sportveld gebruik word om die probleemstorie in 'n ander lig te sien.

- 'n Baie belangrike vraag is wat die gespreksgenoot gedoen het om 'n eie *identiteit* te skep, in plaas daarvan dat die probleem tot identiteitvorming gelei het. Vrae in die verband is: "Hoe het jy dit reggekry?" (Freedman & Combs 1996:97).
- Nog 'n belangrike vraag is die betekenisvraag. Mense word uitgedaag om op mense, motiewe, waardes, norme, implikasies, begeertes, intensies en "commitments" te reflekteer. "Wat is die betekenis van soveel sukses (reeds deur die mishandelde persoon bereik) ten spyte van die mishandeling? "Die betekenis is dat ek nooit gaan lê het nie en deursettingsvermoë het."
- Die nuwe verhaal wat tussen die terapeut en gespreksgenoot gekonstrueer word, het 'n invloed op die persoon se toekoms. "As people free more and more of their pasts from the grip of problem-dominated stories, they are able to envision, expect, and plan toward less problematic futures" (Freedman & Combs 1996:101).
- Die opmerking van Freedman & Combs (1996:113) oor vrae wat die terapeut vra, is belangrik: "The biggest difference is that we ask questions to generate experience rather than to gather information. When they generate experience of preferred realities, questions can be therapeutic in and of themselves." Op hierdie wyse is dit interessant hoeveel keer 'n gespreksgenoot die volgende opmerking maak: "Ek het nog nooit so daaraan gedink nie..." en "Ek het dit nie geweet, totdat jy die vraag gevra het nie."
- 'n Terapeut se waardes vorm die vrae wat gevra word. Maak seker dat begryp word wat die gespreksgenoot regtig sê.
  - "Is dit waaroor jy graag wil praat?"
  - "Help die gesprek jou?"
  - In watter opsig help dit jou?"

- Waak teen uitsprake, want dit vra nie vir antwoorde nie, maar verskaf dit (Freedman & Combs 1996:118). Die gespreksgenoot bepaal die rigting van die gesprek; die terapeut ontlok net 'n respons en dwing nie die gesprek in 'n rigting nie... "we are not asking questions from a position of pre-understanding" (Freedman & Combs 1996:118).
- Die posisie van nie-weet en nuuskierigheid is 'n belangrike posisie vir narratiewe terapie, maar die terapeut het ook doelwitte wat bereik moet word. Freedman & Combs (1996:118) beskryf hul doelwit, wat deur my ondersteun word, soos volg:

We hope to engage people in deconstructing problematic stories, identifying preferred directions, and developing alternative stories that support these preferred directions. The narrative metaphor shapes our curiosity, but doesn't stifle it.

Alle vrae wat in die terapeutiese proses gevra word, word vanuit 'n posisie van respek, nuuskierigheid en openheid gevra. Die vrae help die terapeut om helder en duidelik oor die proses van narratiewe terapie te dink.

#### **5.4 Refleksie op die modelle van Müller en Freedman & Combs**

Die model en metode van Müller (1996) het groot betekenis vir my gehad en daar sal vervolgens op veral twee sake gefokus word. Ek is van mening dat Müller eerstens daarin slaag om die verskillende skole van die gesinsterapiebeweging, suksesvol te integreer. My blootstelling aan hierdie verskillende skole gedurende my M-studie, het die besef laat ontstaan dat elke skool 'n kosbare bydrae tot die gesinsterapeutiese veld gelewer het.



Müller het daarin geslaag om 'n eindproduk daar te stel wat deur enige pastor met groot vrug in terapie aangewend kan word. *Tweedens* is Müller se fokus op terapie as *pastorale* gesinsterapie, die vervulling van 'n behoefte wat oor jare by pastors bestaan het. Die deeglikheid waarmee hierdie aspek aangepak is, doen die pastoraat 'n eer aan.

Na blootstelling aan die narratiewe benadering, soos dit onder andere in die werk van Freedman & Combs (1996) uiteengesit is, was die eenvoud van hul gespreksvoering en vraagstelling, asook die belangrike rol wat die gespreksgenoot en die pastor inneem, opvallend. Dit het my tot selfevaluering gedwing, waar dit duidelik geword het dat 'n integrering van Müller en Freedman & Combs se werkswyse, baie effektief in die begeleiding van die gesin, waarin kindermishandeling voorkom, gebruik kan word.

'n Leemte in die werk van Müller, is die agenda met prosedures wat maklik vanweë die voorskrywende aard daarvan die pastor 'n gevoel van onmag en onbevoegdheid mag gee. Die gevoel van onmag en onbevoegdheid is daarin geleë dat heelwat kennis en praktiese ondervinding so te sê veronderstel word. Na bestudering van die boek en toepassing daarvan in die pastoraat, het die gevoel ontstaan dat sekere belangrike sake agterweë gelaat is. Daar kan so op die werkswyse gekonsentreer word, dat die spontane vloei van die storie belemmer kan word. Sy jongste uitgawe het egter hierdie leemte aangevul.

By die werk van Freedman & Combs het die struktuurloosheid daarvan opgeval, wat tot onsekerheid gelei het, vanweë 'n gebrek aan die *pastorale* gesinsterapie. Die Verhaal van God het nie deel van die nuwe konstruk gevorm nie. Alhoewel ek dit nêrens in hul boek gelees het nie, kry ek die indruk dat hulle 'n waardevrye—“anything goes”—posisie kan inneem.

Op grond van verworwe agtergrondkennis gebruik ek die narratiewe benadering met die gebruikmaking van die genogram as instrument. Dis 'n benadering waarin gespreksgenote tot groter selfverstaan en verstaan van mekaar (as gesin) kom. Daar word nie 'n vaste struktuur gevolg nie, maar die proses verloop soos volg:

- **Die noodstorie**

- “Joining” en die skep van ‘n vertrouensituasie;
- Elke gespreksgenoot omskryf die probleem en spel hul verwagtinge uit;
- Die probleem word geëksternaliseer ;
- Die probleem kry ‘n naam;
- Daar word reeds na unieke uitkomstes gesoek;
- Die genogram is reeds getrek.

- **Die verlede storie**

- Vanuit ‘n narratiewe paradigma word die lewensverhaal aan die hand van die genogram ontgin.
- Die dominante verhaal word aan die kaak gestel;
- Die genogram word as instrument gebruik ;
- Herhalende temas en mites word geïdentifiseer en gedekonstrueer.

- **Die toekomsstorie**

- ‘n Alternatiewe (preferred) storie begin vorm aanneem. Die verhaal word gewysig;
- Toeskouers (gesin, familie en vriende ) word geïdentifiseer om die persoon te ondersteun en aan te moedig en hulle keuse van dominante storie te bevestig;
- Die hele terapeutiese proses word deurlopend teen God se Verhaal, binne die konteks van die betrokke geloofsgemeenskap vertel.

- **Die belangrikheid van vrae**

Die pastor reflekteer saam met die gespreksgenoot die hele pastoraal-terapeutiese proses. Die alternatiewe stories word herbevestig en gevier. Die positiewe veranderinge word uitgespel.

In die hoofstuk is daar heelwat vrae aangehaal wat met groot vrug in terapie gebruik kan word. Ek sou graag die twee vrae van die oplossing-gefokusde benadering wou beklemtoon. De Shazer (1985) praat van die “miracle question” en die “exception question.”

- Die wonderwerkvraag word soos volg gevra: Gestel een nag, terwyl jy vasgeslaap het, vind daar 'n wonderwerk plaas en die probleem is opgelos, hoe sal jy dit weet? Wat sal anders wees?

Dit is asof hierdie vraag mense in die probleem-oplossing-proses aktiveer, deur 'n duidelike visie van hul doel daar te stel. “It also helps clients look beyond the problem to see that what they really want may not be the eradication of the problem per se, but instead to be able to do the things that the problem is obstructing” (Nichols & Schwarz 1991:484).

- Die uitsonderingvraag is daarop gemik om die kere te identifiseer toe die gespreksgenoot instaat was om die probleem bevredigend op te los. Die probleem word so minder oorheersend en teenwoordig en meer kontroleerbaar. Dan kan daar makliker strategieë ontwikkel word om jou doelwitte te verwesenlik. 'n Geringe verandering is gewoonlik al wat nodig is, omdat dit in groter verandering kan sneeubal (Nichols & Schwarz 1991:485).

## Hoofstuk 6: Die verhale van gesinne en die narratiewe benadering

### 6.1 Inleiding

Ek wil graag in hierdie hoofstuk by verhale van gesinne waain kindermishandeling voorkom, stilstaan. Alhoewel die klem op seksuele en fisiese mishandeling val, beteken dit nie dat verwaarlosing en emosionele mishandeling nie voorkom nie. Dit beteken eerder dat 'n waterdigte skeiding tussen die verskillende vorms van mishandeling nie moontlik is nie. Wanneer daar sprake van byvoorbeeld fisiese mishandeling is, kan aanvaar word dat die kind reeds aan emosionele kindermishandeling blootgestel was. Nie in een van die aangemelde gevallestudies was die aanmelding emosionele mishandeling nie. Gevalle van verwaarlosing is meestal na maatskaplike werkers verwys en ek kon derhalwe, nie self meewerk nie. Verdere navorsing op die genoemde terreine is van groot belang. Die tema van mag is na my mening, in alle vorme van kindermishandeling aanwesig.

Terapeutiese ervaring het getoon dat slagoffers van misbruik, na beheer oor hul lewens smag. Beheer is van hule weggeneem en die simptome dra daartoe by dat die beheer nie herwin kan word nie. Briere (1989:58) bevestig dit:

By definition, sexual abuse occurs in a context of powerlessness, intrusion, and authoritarianism. By the last we refer to relationships where there is a "one up" person who has some form of control or authority over a "one down" person.

Die uiteindelijke doel van terapie met slagoffers van misbruik, is om die siening te vestig dat die persoon bevoeg en sterk genoeg is om beheer oor die invloed en gevolge van mishandeling, uit te oefen.

Die narratiewe benadering kan effektief gebruik word om slagoffers van mishandeling te begelei. Juis omdat narratiewe terapie op die teorie van interpretasie gebaseer is en daar nie “regte antwoorde” vir die gespreksgenoot se probleem is nie, word dit vir die gespreksgenoot moontlik gemaak om saam met die terapeut aan ‘n nuwe realiteit te konstrueer. Die terapeut is nie die ekspert nie, maar het genoeg empatie en geloof in die gespreksgenoot om saam verskeie nuwe moontlikhede te interpreteer.

Die gespreksgenoot wat onder ‘n probleem ly, voel te kragteloos om die probleem op te los. Die probleem beheer en onderdruk die persoon. Narratiewe terapie lei die persoon tot die ontdekking van eie krag en stel die persoon in staat om ‘n eie lewensverhaal te skryf en te lees. Solank die probleem in beheer is, is die persoon net ‘n leser van sy of haar verhaal. Wanneer daarin geslaag word om met krag in verhouding met die probleem te staan, word die persoon ‘n skrywer en leser van sy of haar verhaal (White & Epston 1990).

Enige mens is tydruimtelik gebonde. Die plek is ‘n kultuur en tyd is ‘n geskiedenis. Binne die kultuur en geskiedenis word betekenis aan data wat waargeneem word, geheg. Namate ‘n persoon opgroei, vind betekenisgewing, wat deur die kultuur en die geskiedenis voorsien is, plaas. Sekere data word geïgnoreer, ander word op ‘n bepaalde wyse geïnterpreteer. Hierdie dominante storie van die kultuur en geskiedenis, maak van ‘n persoon ‘n leser van die teks.

Wanneer ‘n slagoffer van mishandeling se verhaal geskryf word en dit in konflik met die dominante storie is, vind aanmelding vir terapie plaas. “In therapy she hopes to realign herself with the dominant story by leaving ways she can write her personal and preferred story within the confines of the dominant story” (Baird 1996:6).

By kindermishandeling, is die volgende dominante stories sigbaar:

- **Gesinkultuur**

- Kinders respekteer hul meeders.
- Kinders moet hul gesin liefhê.
- Kinders moet gesien en nie gehoor word nie.

- **Liefdekultuur**

- As jy iemand liefhet, sal jy enige iets vir so 'n persoon doen.
- As jy iemand regtig liefhet, sal jy so 'n persoon tevrede stel en sal jy ook tevrede oor jou dade voel.

- **Geslagskultuur**

- Dogters moet na ander omsien.
- Goeie dogters het nie seks nie.
- Seuns word biologies deur seksuele begeertes gedryf en kan hulleself nie help nie.
- 'n Dogter moet nee sê vir seksuele aanslae. As sy nie "nee" sê nie, is sy verantwoordelik vir wat gebeur.

- **Ander**

- Grootmense maak nie kinders seer nie.
- Liefde word op baie maniere gewys.

Wanneer 'n volwassene (oortreder) 'n kind seksueel mishandel, is hy die draer van die dominante verhaal. Die kind het nie in dié storie enige outeurskap nie. Die geheimhouding wat dikwels hiermee saamgaan, verhoed dat die kind die storie kan verander. So 'n kind voel ongelukkig oor die gebeure, maar leer om dit te ontken. Die kind wantrou eie gevoelens of voel verantwoordelik vir wat gebeur het.

Die dominante verhaal versterk gewoonlik die oortreder se verhaal. Die slagoffer se eie subjektiewe ervaring is nie legitiem nie en die enigste geldige ervaring is dié een wat deur die dominante storie bevestig word. Die dominante storie van mishandeling, hou eintlik aan om die kind te “mishandel.”

## **6.2 Verhale van gesinne waarin seksuele mishandeling voorkom**

Maxine Joy (1999:147) skryf 'n aangrypende artikel getitel *Shame on who? Consulting with children who have experienced sexual abuse*, dat mishandeling die *wanbalans van mag in verhoudings* is. “The more powerful take advantage of and exploit the less powerful, privileging their own needs and feelings over those of others” (Joy 1999:147). Sy skryf verder dat dit eintlik so maklik vir volwassenes is om hul gedagtes, kennis en behoeftes oor dié van kinders te laat seëvier.

Joy (1999:148) vertel die verhaal van Lindy wat jare lank seksueel deur haar pa mishandel is. Lindy het die mishandeling ontvlug deur voor te gee dat sy op 'n ander plek is en selfs die gebeure totaal uit haar gedagtes geweer asof dit nooit gebeur het nie. Lindy het besluit om nie meer met haar pa te praat nie. Nie een woord nie. Hopelik sou dit mense laat wonder wat fout is. Miskien sou iemand vra waarom sy nie met hom praat nie. As niemand vra nie, sal sy, as sy groot is, vir haarself vra, hoekom. Dan sal sy oud genoeg wees om iets daaraan te doen.

Joy (1999:148) maak 'n belangrike opmerking oor kindwees: “Childhood is characterised by a developmental journey that influences the meaning and responses available to children.” Kinders se ervarings en beskryings kan nie deur volwassenes se ervarings geïnterpreteer word nie. “This means that we fail to notice, honour and name unique acts of clever thinking, courage, determination and resistance which can enable the child to transcend the effects of abuse” (Joy 1999:148).

Die navorser ondersteun die siening van Joy, omdat hy dikwels in gesprekke met kinders genoodsaak was om deur die oë en ervarings van 'n volwassene, die kind se ervarings te probeer interpreteer.

In die samelewing word *kinders se regte, gevoelens en ervaringe ondergeskik aan dié van volwassenes gestel*. Seksuele misbruik speel binne hierdie konteks af. Dis 'n konteks van wanbalans tussen volwassenes en kinders ten opsigte van kennis, kognitiewe ontwikkeling, afhanklikheid, status, outoriteit, taalvaardigheid, lewenservaring, emosionele ontwikkeling en fisiese krag (Joy 1999:149).

Die volwassene kan hierdie posisie van mag en outoriteit maklik as 'n reg beskou, wat tot nadelige optrede teenoor kinders lei. "The result is that children are rendered vulnerable in their necessary developmental journey through childhood" (Joy 1999:149).

Joy (1999:149) haal Linnell & Cora (1993) aan om die politiek van mishandeling te benadruk. Dit word woordeliks aangehaal, ten einde begrip en kennis van mishandeling te bevorder:

Child sexual abuse consists of a set of subjugating practices or techniques of power perpetrated against the most vulnerable, dependent and impressionable members of our society. It involves the whole spectrum of dominant power/knowledge from brute force and inscription on the body to the most subtle and difficult to detect forms of manipulation.

Joy (1999:149) beweer dat dit uiters belangrik is om die politiek van mishandeling, in samehang met twee ander faktore te verstaan. Die *eerste faktor* is die *commitment* om kinders se betekenisgewing aan hulle lewens vanuit hulle gesigspunt en nie vanuit die volwassene s'n nie, te verstaan. Die *tweede faktor* is die begrip vir die politiek van ouer-kind verhoudings. "When we do this, we challenge interactional interpretations where abuse is regarded as symptomatic of overall family maladjustment and dysfunction" (Joy 1999:149).



Joy bevestig net dit wat in soveel publikasies oor hierdie onderwerp geskryf is, naamlik dat daar soveel klem op die krag en invloed van die probleem gelê word, dat mishandelde kinders die ervaring van ewige verdoemenis het. Benaminge soos die *bloedskande* en *gewelddadige* gesin, asook mites soos “kinders het die mag om volwassenes te verlei” en “die moeder moet blameer word”, is nie gegrond nie (Joy 1999, Kamsler 1990).

Uit Joy se artikel noem sy ook ‘n *derde faktor*, naamlik die erkenning dat seksuele kindermishandeling ‘n doelbewuste, beplande aksie is.

The abusing person coerces the child by either the application of trickery that masks the real nature of what is intended, or by instilling intense fear as to the consequences of refusing to co-operate” (Joy 1999:151).

Dit is die eerste treë na afpersing en terugbetaling. “Wat van al die goed wat ek vir jou gedoen en gegee het, tóé het jy nie nee gesê nie” (Joy 1999:151). Dit bring groot verwarring by die kind. Die oortreder kan die kind op baie maniere bederf, soos byvoorbeeld met uitstappies, geskenke en vleitaal.

‘n *Vierde faktor* is die rol wat vrees in seksuele kindermishandeling speel. Vrees verseker die voortbestaan van geheimhouding van die misbruik. Spoedig word die kind as medepligtige in die misbruikverhouding ingetrek. “Children eventually learn to feel responsible and carry the shame” (Joy 1999:151). Die bekendmaking van die mishandeling laat die kind medeverantwoordelik vir die wandaad voel en verskerp die vrees vir skande, dat niemand hulle sal glo nie en verwerping.

Die vrees dat iemand anders sal seerkry wanneer die wandaad aan die lig kom, vererger die worsteling van die kind, veral as ‘n geliefde familielid die oortreder is. “For some children the fear is about their own safety, of the safety of other family members” (Joy 1999:152). Die feit is dat kinders van volwassenes afhanklik is en geen mag het nie.

Gevolgtlik is kinders baie beïnvloedbaar en sensitief vir die reaksie van volwassenes, wanneer mishandeling openbaar gemaak word. Kinders sal enige iets doen om aan die verwagtinge en behoeftes van volwassenes wat vir hulle belangrik is, te voldoen (Joy 1999:150).

Kinders ervaar egter baie skuld en skaamte as hulle nie die mishandeling bekend maak nie en vra hulself die vraag af waarom hulle nie vroeër vertel het nie. Dit is belangrik dat die terapeut vra wat die kind verhoed het om die wandaad aan die man te bring.

Joy (1999:150) vertel van Matthew wat lank deur sy oupa misbruik is en dit nie bekend gemaak het nie. Op die vraag wat hom weerhou het, het hy betrand geantwoord dat hy te lief vir sy oupa was.

Soms voel kinders weer sleg en skuldig omdat hulle die geheim van kindermishandeling bekend gemaak het. Joy (1999:150) vertel van Jane wat lank seksueel deur haar oupa (ma se pa) misbruik is. Haar ma het tydens elke gesprek baie gehuil en haar skaamte en hartseer oor haar pa se optrede te kenne gegee. Jane se ma het haat en woede by haar man aangeblaas. Die komende Kersgety en Kersete het soos 'n berg voor die ma gelê en die gesprekke oorheers. Joy het baie empatie met die ouers gehad, maar was meer bekommerd oor Jane se ervaringe. Hoewel Jane nou veilig teen die seksuele misbruik was, wou Joy weet watter betekenis Jane aan dit gee wat voor haar afspeel? Jane se woorde was: "If I didn't tell them, none of this would be happening" (Joy 1999:151).

Gesin A het vir terapie gekom nadat die buurman hul dogters gemolesteer en die kinders baie gedragsprobleme begin openbaar het. Hulle *noodstorie* het 'n gedetailleerde vertelling ingesluit hoe die buurman, onder die invloed van alkohol, die twee oudste dogters sou betas, waarna die dogters hulle ouers daarvan kom vertel het. Tydens hierdie gesprek is die probleem geïdentifiseer en benoem. Die naam van die probleem is "misbruik" genoem. Die buurman het hulle vriendskap *misbruik*, hulle dogters is *misbruik*, almal het *misbruik* gevoel.

Vanweë die feit dat Katrien se ma nie blyplek gehad het nie, het Katrien en Fanus laat besluit om haar in hulle drieslaapkamerhuis in te neem. Die ouma, wat 'n baie goeie verhouding met die oudste dogter gehad het, sou saam met die dogter in 'n kamer woon, terwyl die twee jonger sussies 'n kamer sou deel.

Volgens Katrien openbaar die kinders nou gedragsprobleme, as gevolg van die misbruik wat plaasgevind het. Nella wys geen emosies nie, baklei baie met Lena en kom glad nie met haar pa oor die weg nie. Sy en haar ma baklei dikwels en haar ouma is haar enigste vertroueling.

Lena is weer moedswillig, emosioneel en skryf vir haar ouers briefies om te sê sy is jammer as sy iets verkeerd gedoen het. Sy het 'n baie sterk verhouding met haar pa en kan dit nie verdra as haar pa en ma baklei nie. Sy kies altyd sy kant en kry hom jammer.

Anne word voorgetrek en kan niks verkeerd doen nie. Sy het 'n besonder sterk verhouding met haar ma en het tot op vyfjarige ouderdom die bed met haar ouers gedeel.

In 'n derde en vierde terapeutiese sessie is die invloed van die probleem op die gesin se lewens bespreek. Die misbruik het daarin geslaag om sy wortels diep in die gesin se lewens te vestig. Hulle is ongelukkig, verdeeld, onseker en 'n oormaat konflik en bakleiery kom voor.

Uit twee pragtige briewe van Nella en Lena, het dit geblyk dat hulle al daarin begin slaag om die misbruik as 'n probleem buite hulself te sien. Nella beskryf haar gevoel as 'n roos wat met "Doom" gespuit is en wat nie daardeur vernietig is nie, maar verlep. Die roos het gelukkig sterk, innerlike krag en sap om weer 'n nuwe pragtige roosknop voort te bring. Die roos sal weer oopgaan en selfs mooier as voorheen wees.

By navraag wat haar daarin gehelp het om die probleem die hoof te bied, het haar kosbare vriendin uit haar graad een dae die krediet gekry. Sy was van die misbruik bewus en het haar ondersteuning gebied. Dit het onwillekeurig die beeld van die Roos van Saron, wat ook aan die kruis verwelk was, maar wat met sy aroma van oorwinning oor die sonde, dood en hel, weer 'n nuwe knop voortgebring het, voor die gees geroep.

Lena het saamgestem dat dit slegs haar Godsdiensonderwyseres was wat omgegee en verstaan het. Na gesprekke met haar, kon sy weer voortgaan.

By navraag of die gesprekke van hulp is, het albei gesê dat hulle gretig na die volgende gesprek uitsien. Hulle kon insien dat die misbruik vervreemding en 'n lewe vol verwyte en ongelukkigheid tot gevolg gehad het. Lena se opmerking het dit bevestig: "Om te dink dat ek en Nella nie eenkeer hierdie week baklei het nie, dis wonderlik!"

Die mishandelde kind beleef dikwels 'n gevoel van vervreemding van sy gesin en dat hy of sy nie langer op liefde kan aanspraak maak nie. Onsuksesvolle verhoudings en onsekerheid hoe om lief te hê, spruit hieruit voort. 'n Gevoel van mislukking en minderwaardigheid, kom in die narratiewe na vore.

Die narratiewe terapie help die gespreksgenoot om 'n alternatiewe en selfgekose storie te begin skrywe. Dikwels is 'n gespreksgenoot wat misbruik is, reeds met so 'n storie besig, maar die waarde daarvan word gering geskat of nie herken nie. In die terapie word dus op "die nuwe storie" gefokus. Tydens die dekonstruksie van die dominante storie, slaag die slagoffer daarin om die "prepackaged meaning" te dekonstrueer en nuwe, persoonlike en relevante betekenis uit die data te vorm. Dit is die begin van 'n konstruksieproses van 'n nuwe konteks waarin die slagoffer al meer outoriteit het.

'n Mens beleef vrees, angs en depressie as dit die dominante storie in jou lewe is. Die slagoffer besluit self of angs, depressie en vrees sy of haar lewe beheer en of hulle self in beheer gaan wees.

Dit wat die probleem 'n persoon laat dink, voel en doen, is gewoonlik die simptome wat in diagnostiese handboeke beskryf word. Die terapeut en gespreksgenoot ontdek al die maniere waarop die probleem met die gespreksgenoot inmeng om sodoende alle pogings om met sy of haar lewe na goeddunke voort te gaan, te kelder.

Die slagoffer begin maniere raaksien om byvoorbeeld angs hok te slaan. Die persoon begin raaksien wat angs doen, dat dit soms skielik verskyn en herken ook kere toe hy of sy baie swak in die teenwoordigheid van angs was.

Die begin van 'n nuwe storie begin met die doelbewuste hantering van die probleem. In die nuwe verhaal is angs nie meer 'n vriend en 'n reisgenoot nie. Dit is iemand wat jou lewe vir jou wil leef en jou wil verwoes. Angs kan 'n persoon se lewe verwoes, maar nie die persoon nie. Die slagoffer kom by die punt waar die nuwe verhaal feestelik gevier en gedeel word. Briewe kan tussen die gespreksgenoot en terapeut geskryf word, sertifikate kan gemaak word, vierings kan gehou word en reflekerende spanne kan gebruik word. Dit word al makliker om jou oorwinning en nuwe verhaal met ander mense te deel.

### **6.3 Dominante verhale**

Die dominante verhaal van 'n bepaalde kultuur, laat mense probleme as iets persoonliks, waarvoor die individu verantwoordelik is, sien. Wanneer 'n persoon dan 'n probleem het, word dit as 'n negatiewe refleksie op sy karakter, natuur en waardigheid ervaar. Die persoon en die probleem is dan een en dieselfde.

White & Denborough (1998:3) stel dit so: "If you see yourself as the problem, there's not much you can do except maybe act against yourself." Deur eksternalisering word die gevolge en invloed van probleme ontbloot en die moontlikheid word om in 'n ander verhouding met die probleem te staan, word geskep (White & Denborough 1998:4). Die probleem kry dit reg om 'n mens te isoleer, 'n mens se menswaardigheid te ondergrawe en so die mens se lewe te beheer.

Wanneer die nuwe verhaal uit die kere wat 'n persoon in staat was om die probleem te weerstaan, begin groei, word alles opgeteken. Dit bevestig oorwinning en moed en help die persoon tydens 'n krisis of wanner die probleem weer 'n aanval loods.

“Moving from dominant stories about one’s life to preferred stories is like making a journey from one identity to another” (White & Denborough 1998:8). Rituele as merkers kan baie op die vorderingspad beteken. Rituele dui die einde van 'n ou pad en die begin van goeie tye aan.

Die groter gemeenskap is baie belangrik as medekonstrueerders van die nuwe verhaal. “In the process the dominant beliefs and ways of being in our culture are challenged and questioned” (White & Denborough 1998:14).

White (1998:17) het 'n metafoor ontwikkel wat hy die “saying hallo again” metafoor noem. Alhoewel hy die metafoor spesifiek vir mense wat geliefdes verloor het en rouSMART ervaar, ontwikkel het, meld hy in dieselfde artikel dat dit net so effektief, vir mishandelde kinders, gebruik kan word.

As a result of such abuse, these children usually relate to their self with hate, and go about doing their best to fail, often mutilating their own lives and futures through destructive behaviour (White 1998:25).

White probeer so gou moontlik “unique outcomes” identifiseer deur middel van volwassenes wat in 'n positiewe verhouding met die kind staan en 'n bron van hulp was of is. Vrae wat die alternatiewe kennis van die self met die “unique outcomes” assosieer, word dan gevra.

White (1998:26) noem 'n aantal vrae:

- Wat het jou onderwyser in jou raakgesien waarvoor die oortreder blind was?

- Wat het jou onderwyser van jou geweet, wat jy van jouself weet ?
- As die oortreder nie so blind vir hierdie feite was nie en jou as persoon geken het, watter verskil sou dit aan sy houding teenoor jou gemaak het?

Kinders wat emosioneel en fisies mishandel is, ervaar en beleef 'n baie negatiewe en verwerplike ingesteldheid teenoor hulleself. Hierdie selfverwerping is 'n uitvloeisel van die verwerping deur volwassenes (White 1998:26). Die kere wat die persoon in staat was om homself te aanvaar, moet ontdek word. White (1998:27) noem weer 'n aantal vrae:

- As jy nou na jouself deur die oë van daardie tienjarige seun kyk, wat sal hy in jou sien, wat hy regtig sal waardeer?
- Wat van jou ontwikkeling as persoon, sal vir hom baie belangrik wees?
- Sal hy jou aanmoedig om iemand anders te wees, of sal hy van jou hou net soos jy is?
- Hoekom sou hy van jou as 'n ouer gehou het?
- Watter verskil sou dit aan sy lewe gemaak het, as hy jou as 'n ouer gehad het?

Persone kry dit reg om deur die "saying hallo" metafoor 'n nuwe verhouding met hulself te begin. Hulle aanvaar hulself makliker en hanteer hulself met meer vriendelikheid en liefdevolle omgee.

Any metaphor is only helpful to the extent that it recognizes, and facilitates the expression of, this uniqueness, and doesn't subject persons to normative specifications (White 1998:28).

Soveel kinders wat mishandel is, begin 'n dominante, patologiese storie oor hulself vorm. In hierdie storie sien hul hulself as beskadig, vuil en anders as "normale" mense.

Kamsler (1998:53) skryf in 'n treffende artikel "Her-story in the making", hoe sy vanuit 'n kontekstuele interaksionele perspektief na seksuele misbruik kyk:

- Seksuele misbruik, sal aanvanklik veroorsaak dat die kind oorweldigende en verwarrende gevoelens ervaar. Dit beïnvloed die siening van die persoon in so 'n mate, dat hulle hulself beskuldig vir die gebeure en hulself as sleg en vuil sien. Dit word op 'n subtiele wyse deur die oortreder aangemoedig en versterk deur die geheimhouding van die mishandeling te beklemtoon. Dit word die dominante verhaal: geheimhouding, selfbeskuldiging en selfhaat.
- Met hierdie lewensverhaal reageer die mishandelde kind dan ook teenoor gesinslede en andere, omdat sy as "naughty" en "disturbed" beskou word, vanweë seksueel uitspattige optrede, aggressie of wisselende emosies. Die gesin se reaksie op hierdie gedrag is óf straf, óf professionele hulp. Intussen mag die mishandeling voortduur. "All of these interactions serve to reinforce
  - the patterns of behaviour around secrecy, and
  - the beliefs the child is developing about herself,—e.g. "I'm no good." (Kamsler 1998:53).
- Wanneer die seksuele misbruik bekend word en die kind word nie geglo nie, sal die gedrag en oortuigings vererger. As die kind geglo word, sal dit heelwat veranderinge in die interaksie voorkom en nuwe interaksionele patrone, wat die geheimhouding en selfbeskuldiging uitdaag, sal na vore tree.
- As bekendmaking nie plaasvind nie, of die kind word nie geglo nie, sal hy of sy verder deur geheime en selfskuld geteister en in die volwasse lewe as 'n "damaged person" geëtiketteer word.



Die dominante storie, waarvan die oortreder die outeur is, beïnvloed die storie van die slagoffer op die volgende wyse (Kamsler 1998:55):

- Die oortreder dra die boodskap oor dat die slagoffer verantwoordelik is vir wat gebeur het: "Jy het my verlei, of uitlokkend aangetrek!" Die oortreder neem nie verantwoordelikheid vir die daede nie. Die sosiale konteks versterk hierdie boodskap nog meer, omdat die persepsie bestaan dat net slegte meisies verkrag word en daarvoor gevra het. So ontwikkel die slagoffer se storie: gevul met selfhaat en selfbeskuldiging.
- Geheimhouding word so sterk deur die oortreder beklemtoon, dat die slagoffer van die gesinslede geïsoleer word. Isolاسie en verwarring is nuwe-effekte van geheimhouding. Die oortreder het die mag om 'n realiteit vir die mishandeling te skep. Hy gebruik uitdrukkings soos die volgende:
  - "Alle vaders doen dit."
  - "Ek doen dit omdat ek vir jou baie lief is."
  - "Jy dit sal geniet!"
  - "Dit is net ons geheimpie."

So word die oortreder se daede geregverdig en die slagoffer se gebrek aan selfvertroue bevorder.

- Die interaksie tussen slagoffer en oortreder, gee die slagoffer 'n gevoel van verantwoordelikheid teenoor ander. Die oortreder kan dalk dreig dat hy weggestuur sal word as die oortreding aan die lig kom, of dat die slagoffer se ma 'n ineenstorting sal kry indien sy uitvind. Dikwels word die slagoffer met die gedagte dat net hy of sy die oortreder verstaan, gepaai.

Ander se belange word voorop geplaas en die slagoffer se eie belange, behoeftes en emosies word geensins in aanmerking geneem nie ... “and this may become an habitual pattern in her story about relationships” (Kamsler 1998:56).

- Die verskillende maniere waarop die oortreder beheer oor die kind uitoefen ten einde sy eie behoeftes te bly bevredig, mag later gewoontereaksies van vrees en angs in intieme verhoudings vestig. Vrees speel 'n prominente rol in stories wat slagoffers van hulself vertel. *Die slagoffer word intens deur 'n aantal voorskrifte hoe om te voel, dink en besluit, beïnvloed.*

Een van hierdie voorskrifte kom uit 'n patriargale gesinskultuur waar die vrou 'n kragtelose, onderdanige en pligsgetroue rol moes vervul. “The child’s interactions with the perpetrator can be described as ‘intensive training’ for her in fitting with the stereotypical submissive female role” (Kamsler 1998:56).

Wanneer hierdie oortredervoorskrifte geleef word, fokus die kind net op die probleemstorie. Die potensiaal om suksesvol te wees, realiseer nie. 'n Probleemstorie het dan 'n verlede en 'n toekoms wat geen ruimte vir 'n alternatiewe storie laat nie. Hierdie alternatiewe storie gaan oor geleenthede waar die persoon in staat was om 'n beheer oor die probleem uit te oefen (Kamsler 1998:59). Deur die lens van die dominante storie, word betekenis aan ervaringe gegee. Kamsler (1998:59–60) gee die mooi voorbeeld van 'n dominante verhaal wat die slagoffer in so 'n mate beperk dat toegang tot eie bronne en krag aan bande gelê word:

A woman called Alice was referred to me—she was having persistent nightmares, was very concerned that she found it hard to sustain relationships with men, and saw herself as being irrational and disturbed. She said she had been sexually abused over six years by her grandfather when she was a child, and had been physically and emotionally abused by her mother, father and stepmother. She believed that she was a 'mess' and although she thought this was to do with her past experiences, she had accepted family members' views of her as being emotionally disturbed. In her own words, 'I'm fucked'. She seemed to have the view that she was a damaged person who was possibly beyond repair. This story prevailed her descriptions of herself so strongly that she was initially unable to identify any information about herself which deviated from the view that she was a 'mess'. She persistently blamed herself for her situation and put herself down—in her own words, 'I had a total belief that I was a difficult and unlovable person'. This story was reinforced in her interactions with all family members who responded to her distress by rejection or withdrawal, and this seemed to lead her experiencing increased distress which would lead to them seeing her as more disturbed, and so on. This story was also perpetuated in her experience of interactions in other significant relationships throughout her life.

Kamsler (1998:60) sluit by White (1986) en Munro (1988) aan as sy van "double description" in terapie praat. Die terapeut werk met die gespreksgenoot saam ten einde soveel moontlike beskrywings van gebeure te ontwikkel wat "nuus-met-'n-verskil" teweeg sal bring.

Die doel hiervan is om die hoeveelheid beperkinge wat die gespreksgenoot ervaar, uit te daag—spesifiek die beperkende geloof rakende patriargale en psigiatrisse voorskrifte. “It seems to me that restraints are the beliefs and patterns of interaction that support the dominant story” (Kamsler 1998:61). Sy gaan verder en sê:

The goal of therapy is to invite clients to access aspects of their experience of themselves which have been edited out of dominant story (Kamsler 1998:61).

Therapy may be seen as an opportunity to address restraints or dominant stories, through the therapist assisting the woman to generate double descriptions or alternative stories; this allows the woman a chance to re-tell her story about herself (Kamsler 1998:73).

In die meeste literatuur word die gespreksgenoot deur ‘n intrapsigiese lens beskou. Die groter konteks word dikwels nie verreken nie. (Kamsler 1998:57) bevestig dit:

A consideration of the significance of her experience of interactions with the perpetrator in the development of problems, together with the influence of ideas from the broader social context, is entirely left out in many articles and books.

#### **6.4 Eksternalisering**

Die hele konsep van eksternalisering van probleme is deur Michael White (White & Epston 1990) in gesinsterapie begin. Die is ‘n bepaalde blik op probleme en die wyse waarop mense in verhouding met die probleme staan. Mense sien hulself so maklik as die probleem, wat veroorsaak dat hulle hulpeloos voel om enige aksie te neem.

Dikwels word die negatiewe gevolge van probleme vir mislukte verhoudings blameer. In omstandighede wanneer mense juis na aan mekaar behoort te voel, word verwydering ervaar. Eksternalisering fokus nie op probleme in mense of in verhoudings nie. Dit laat mense toe om hulself van probleme wat hul lewe beïnvloed, te isoleer. "Once a problem is seen as separate from the identity of a person or from the identity of a significant relationship, the person is in a position to take new action" (White 1998:219).

Wanneer 'n mishandelde kind die probleem eksternaliseer, is die kind nie meer die probleem nie. Wanneer die probleem as die probleem gesien word, word die mishandeling as iets wat die kind uitnoui om te dink, te voel en sekere dinge te doen, gesien.

Michael White (White & Epston 1990:39–40) sê die volgende oor eksternalisering:

I have found the externalization of the problem to be helpful in their struggle with problems. Consequently, I have concluded that, among other things, this practice:

- Decreases unproductive conflict between persons, including those disputes over who is responsible for the problem;
- Undermines the sense of failure that has developed for many persons in response to the continuing existence of the problem despite their attempts to resolve it'
- Paves the way for persons to cooperate with each other, to unite in a struggle against the problem, and to escape its influence in their lives and relationships;

- Opens up new possibilities for persons to take action to retrieve their lives and relationships from the problem and its influence;
- Frees persons to take a lighter, more effective, and less stressed approach to “deadly serious” problems; and
- Presents options for dialogue, rather than monologue, about the problem.

Within the context of the practices associated with the externalizing of the problems, neither the person nor the relationship between the persons is the problem. Rather the problem becomes the problem, and then the person’s relationship with the problem becomes the problem.

In die proses van eksternalisering, het die slagoffer ‘n karakter in sy of haar storie met wie saamgewerk of teen baklei kan word. As die probleem ‘n karakter geword het, hanteer die slagoffer dit net soos enige ander karakter in sy of haar lewe. Daar kan met die karakter gepraat word of in ‘n verhouding wat gemaklik en aanvaarbaar is, gestaan word.

Die slagoffer en die probleem is lewendig, aktief, veranderlik en dinamies. Sodoende neem die slagoffer lewensbeheer en word ander nie meer blameer nie. Nou kan gekies word watter storie geleef wil word. “In a world where reality is socially constructed, her preferred story will contain elements authored by others and elements authored by herself” (White & Epston 1996:12).

Eksternalisering van die probleem het tot gevolg dat die negatiewe gevolge van diagnoses en etikettering hokgeslaan word. Dit is veral by kindermishandeling relevant, omdat daar 'n tradisie van patologisering en etikettering bestaan het. "The labelling process encourages conversation in term of diagnosis. This supports the view that the problem is the woman herself, and reinforces self-blame and guilt." (Kamsler 1998:61). Die oomblik as 'n persoon hom- of haarself los van die gevolge van etikettering en simptome begin sien, ontstaan 'n alternatiewe storie, wat daarop fokus dat die persoon soms in staat was om die probleem die hoof te bied. "Once the problem has been externalized, the dominant pathologising story which the woman tells about herself is externalized" (Kamsler 1998:62).

Deur die gespreksgenoot se interaksie met andere, is die uitwerking van die probleem hokgeslaan! As seksuele misbruik byvoorbeeld nie in konteks geplaas word nie, behou die probleem sy uitwerking op die slagoffer en bly voortbestaan. Veral die interaksie met die oortreder moet volledig verreken word.

... to assist the woman to locate her experience in the context of family interactions, including the relationship with the perpetrator. It also allows her to locate her experience in terms of the broader socio-political context (Kamsler 1998:65).

Die openbaarmaking van mishandeling, is 'n direkte aanval op geheimhouding en is ook 'n unieke uitkoms. "It is crucial that a thorough exploration of the first category of questions, about the dominant story, is entered into before unique outcome questions are introduced" (Kamsler 1998:63). Van die vrae om die alternatiewe storie te konstrueer, is:

- What difference has this made to your experience of yourself?
- What does this tell you about yourself that you didn't realise before?

Daar word geleentheid vir die persoon geskep om die probleem die hoof te bied en om die verhouding met die probleem in 'n ander lig te sien. Die probleem word gepersonifiseer en 'n bepaalde identiteit gegee. Mense word uitgenooi om te herbesin oor hul *verhouding met die probleem* en dit te verander.

Mense moet tot die besef kom dat probleme baie arrogant en grootpraterig kan wees. Die terapeut wil nie skielik alles verander nie, maar wil die ontwikkeling, identiteit en lewe van die probleem onder die soeklig plaas.

Die verskillende terreine wat White (1998:221) voorstel ten einde die suksesse van die probleem aan die orde te stel, is:

- vrae oor die probleem se invloed op die verskillende areas van die persoon se lewe; verhoudings met ander; invloed op die persoon se gevoelens en gedagtes; die uitwerking op die storie van die persoon—wie hy is en hoe die probleem die persoon sy lewe laat leef het;
- vrae oor die strategieë, tegnieke, bedrieërye en slim plannetjies wat die probleem aangewend het ten einde oorhand oor die persoon se lewe te kry;
- vrae oor die kragtige wyses waarop die probleem die outoriteit oor die persoon se lewe behou het;
- vrae oor die probleem se doelwitte ten einde die persoon te domineer en die drome wat die probleem vir die persoon se lewe het;
- vrae oor wie met die probleem saamspan, asook die verskillende kragte wat saamspeel;
- vrae oor die planne wat die probleem het as sy dominansie bedreig word.



White (1998:222) gee ook 'n aantal terreine wat oor mislukkings van die probleem ondervra moet word:

- terreine van die persoon se lewe waarin sy invloed het, ongeag die pogings van die probleem om die persoon heeltemal te besit;
- die teenaanvalle ten opsigte van tegnieke en strategieë wat die persoon suksesvol uitgevoer het om die probleem se pogings om die oorhand te kry, te kelder;
- die kwaliteite, kennis en vaardighede van die persoon wat die probleem hoofbrekens besorg het.
- die self-praat, doelwitte en *commitments* van die persoon om die probleem se dominerende pogings uit te daag;
- vrae oor die wat die persoon gelei het om die probleem se dominerende pogings uit te daag;
- vrae oor wie die persoon bystaan (vriende, familie, onderwysers, terapeute) en die rol wat hulle gespeel het in die afwysing van die probleem se wense en begeertes;
- vrae oor die opsies wat vir die persoon beskikbaar is om voordeel uit die probleem se swakhede te trek en gebiede van haar eie lewe terug te neem.

Nadat die suksesse en mislukkings van die probleem belig is, word daar gesamentlik aksievoorstelle, wat die invloed van die probleem in die persoon se lewe sal ondermyn, gemaak.

Terapeute het die verantwoordelikheid om nie deel van die dominant kulturele praktyke te word nie. Die terapeut moet ook daarteen waak om die dominante kultuur voort te sit, veral as dit by *vrouens en kinders in die samelewing* kom. 'n Kind kan maklik as die probleem geëtiketteer word en die terapeut kan pogings aanwend om die kind te rehabiliteer (Morgan 1999:13). Kinders het volgens Morgan (1999:13) die volgende uitwerking op die terapeut: "They assist me to be calm, curious, respectful and methodical in my approach to questions."

Die verhale van kinders het my oortuig dat hulle hulle eie dilemmas kan oplos en het my vrygemaak in die wete dat ek nie nodig het om oor al die antwoorde te beskik ten einde mense te help nie. Morgan (1999:14) sê: "They remind me of the resources, skills and talents that become more available to people when they are invited into re-authoring conversations."

### **6.5 Die verhale van gesinne waarin fisiese mishandeling voorkom**

Terapeutiese sessies met kinders, het herhaaldelik aan my die belangrikheid van die narratiewe benadering getoon en derhalwe sluit ek by Morgan (1999) se interessante artikel *Once upon a time...Narrative Therapy with children and their families* aan. Hierin word my eie ervaringe bevestig.

Die terapeut hoef nie met antwoorde gereed te sit nie, want die antwoorde op die probleme is reeds in die alternatiewe lewenstorie geleë. "I was looking out for the 'unique outcomes' to provide the doorway into these subplots" (Morgan 1999:12). Die "...non-expert position and exploring unique outcomes..." (Morgan 1999:12) is prakties en van groot hulp.

Die ryke beskrywing van die alternatiewe storie in mense se lewens moet gefasiliteer en uitgebou word. Dit bly belangrik om die dominant kulturele praktyke te dekonstrueer. Hierdie dominante stories het die potensiaal om mense se lewens kragdadig te vorm.

Kinders wat mishandel word, het dikwels die siening dat hulle onbevoeg is en altyd 'n slagoffer van die gebeure sal bly. Hierdie siening moet uitgedaag word (Carey 1999:109). Carey (1999:112) gaan voort en beskryf die sukses wat sy in die groephantering van ouers en kinders wat geweld ervaar het, gehad het. Sy het van 'n kantoorterapiesituasie wegbeweeg, veral omdat kinders en jongmense dit as "rehabilitasie" en dat die probleem binne hulle geleë is, ervaar. Sy het die groep vir 'n paar dae veld toe geneem:

The context of a gathering for mothers and their children seems to offer the potential for the reclaiming of relationships (Carey 1999:112).

Die moeders gaan gebuk onder hul verhouding met die uitwerking van geweld op hulle lewens, verhoudings en die verstaan van hulleself. Kwessies wat dikwels voorkom, soos isolasie, selfblamering, mag en beheer, word geëksternaliseer. Die wyse waarop mense daarin geslaag het om hulle teen die gevolge van geweld te verweer, word die begin van alternatiewe stories.

Karel en Tessa (Gesin B) het 'n afspraak gemaak en as gesin my kom sien. 'n Mens kon gou agterkom dat elke gesinslid baie versigtig is om te praat. Tessa het begin en vertel van die slanery wat oor 'n lang tydperk kom. Dit kon nie so aanhou nie. Ek het gevra dat die gesin saam met my na 'n naam vir die probleem moes soek.

"Wat dink julle is die probleem wat dit regkry om julle ongelukkig en vol spanning te laat?" Hulle het die geleentheid gebruik om die noodstorie te vertel en konsensus oor die naam van die probleem, naamlik vrees, bereik.

Karel het vertel dat vrees dit regkry om sy greep op sy gesin te verloor en hom daartoe dryf om sy gesag deur slanery af te dwing. Hy word so kwaad dat hy sy humeur verloor en dinge doen waaroor hy later skaam voel.

"Wat kry vrees nog in jou lewe reg, Karel?"

"Ek belewe vrees so, dat ek nie meer die man, die pa in my huis is nie." Hoekom so?

"Ek het reeds my pa op 'n vroeë ouderdom verloor en ek vrees om te misluk."

Tessa het Karel in die rede geval en vertel van die keer toe sy ook deur vrees gedryf is en Pierre byna doodgeslaan het. Ek het haar aangepor om te vertel. Sy het in detail vertel hoe sy 'n paar jaar gelede, op Pierre afgekom het toe hy sy sussies gemolesteer het. Alles het soos 'n kaarte huis inmekaar gestort. "My man slaan my en die kinders en nou lol Pierre met sy sussies..." Binne hierdie konteks van wanbalans (tussen ouers en kinders) word enige optrede van die ouer as 'n reg beskou, tot nadeel van die kinders.

Ek het die kinders uitgevra oor wat vrees aan hulle doen. Hulle het gesê hulle voel nie welkom in hulle ouerhuis nie en dat alles hulle skuld is. Vrees het hulle baie skuldig laat voel, want pa Karel het baie keer gesê dat hy wonder waar hulle sonder hom en sy geld sou wees.

Die gesin het dit reggekry om deur die probleem 'n naam te gee, die probleem te eksternaliseer. Hierdie gesin het bevestig dat vrees die geheim van gesinsgeweld instand gehou word. Al die gesinslede het saamgewerk om die probleem toe te laat om hulle toekomsverhaal te verduister.

Die kinders het nog nooit met iemand oor die probleem gepraat nie, omdat hulle bang vir verwerping en skande was. Hulle wou ook nie hulle ouers seermaak nie. Die seun het gesê dat dit 'n "catch 22" situasie is en hy dat magteloos gevoel het.

By die volgende afspraak is die genogram geteken en is hulle interpretasie daarvan bespreek. (Kyk bylaag A). Dat Karel nie 'n eie pafiguur gehad het nie en in baie opsigte self soos 'n mislukking gevoel het, het hom tot woedeuitbarstings gedring. Karel is groot en sterk en het sy mag en ouerposisie gebruik om hierdie woedeuitbarstings op sy kinders te wreek. Die baie swak verhouding tussen Karel en Pierre het die "afwesige pa" in Pierre se lewe voortgesit.

Op die vraag hoe Pierre dit al reggekry het om vrees die hoof te bied, het hy soos volg geantwoord: "Ek en my pa het op 'n keer iets saamgedoen. Ons is lief vir kamp en ek het alles saam met hom gedoen en 'n ander pa gesien!"

“My pa het ook saam met my my eie kar begin afskuur en oorspuit. Dit was lekker om saam met hom net te lag en te werk.”

Pierre het besef dat vrees sy lewe verlam het, maar hy het ook besef dat hy nie deur vrees verwoes sal word nie. Pierre het dit al reggekry om vrees die hoof te bied en so in 'n ander verhouding met die probleem te staan. Dit was 'n unieke uitkoms (unique outcome). Hy het dit ook reggekry om nie meer met sy sussies te lol nie.

Die kere toe Pierre beter met sy pa oor die weg gekom het, het hy ook beter oor homself gevoel. Pierre het probeer om te misluk, sy sussies te molesteer en deur dekonstruktiewe gedrag, sin aan die fisiese mishandeling te gee. Hierdie negatiewe gevoelens het aanleiding tot 'n dominante, patologiese storie oor homself gegee. Die dominante verhaal van kinders wat op die een of ander manier mishandel is, dra die etiket: “damaged person” en “altyd 'n slagoffer”.

Carey (1999:114–115) beskryf 'n geval van fisiese mishandeling waarmee sy gewerk het. Dylan was agt en het verskeie ervarings van fisiese mishandeling, teen hom en sy ma beleef. Hy is as gevolg van wangedrag, by pleegouers geplaas. Sy ma Karen, was verlig om Dylan op 'n uitstappie, deur Carey gereël, te kon saamneem. Moeders worstel met die gemis aan hul kinders terwyl dié in pleegsorg is. Hulle mis die ontwikkeling en suksesse van die alternatiewe storie.

Die kamp was so ingerig dat dit jongmense kon akkommodeer. Dylan wou graag fietsry bemeester en daar was verskeie fietse en roetes beskikbaar. Dylan het afgeval, opgeklim en weer gery, totdat hy die kuns bemeester het. Karen was so trots op Dylan en dankbaar om in hierdie sukses te kon deel.

Hierdie gebeurtenis was 'n sinvolle aanknopingspunt om Dylan se pogings tot gedragbeheer, te beskryf. “Dylan identified qualities and beliefs such as ‘sticking at it’, ‘patience’, ‘keeping temper away’, and ‘telling myself I could do it’ (Carey 1999:115). Dit het Dylan gehelp om weg te breek van gedrag wat 'n houvas op sy lewe gehad het.

By al die byeenkomste is dit beklemtoon dat daar standpunt teen fisiese mishandeling ingeneem moet word.

Carey (1999:116) vertel van 'n ander geleentheid toe seuns gevra is om in die veld na 'n voorwerp, wat iets van hulself uitbeeld, te soek. Heelwat kinders het klippe opgetel, met die boodskap: "I can be strong like a rock" (Carey 1999:117). Die kwaliteit wat beskryf is, is kortliks aan die kind verduidelik, ten opsigte van wanneer dit vir hulle bruikbaar mag wees. In die veilige omgewing waarin die kinders vir drie dae geleef het, het hulle 'n gehoor ervaar wat erkenning aan hulle suksesse en alternatiewe stories gegee het (Carey 1999:118). Die fokus het op die kinders se sterk punte, kennis en vaardighede geval.

Deur die stories van 'n *gehoor* te voorsien, word lewens van die voortgaande uitwerking van fisiese mishandeling bevry. Vertroue in volwassenes word herstel en selfblamering, skuldgevoelens, die gevoel van ek-is-'n-swakkeling en ek-moes-dit-stopgesit-het, word deur eksternalisering kragteloos gemaak.

## Hoofstuk 7: Verantwoording en refleksie

### 7.1 *Terapeutiese optrede en verantwoordelikheid*

Joy (1999:152–154) gee rekenskap van haar werk met kinders en beklemtoon die volgende:

- Die magtige, bevoordeelde volwassene wat kinders mishandel, is volledig vir die mishandeling verantwoordelik.
- 'n Empatiese en intellektuele inleef in die posisie van die kind, is noodsaaklik “...and see the world as they see it at that point in their journey through childhood” (Joy 1999:152). So 'n uitkyk vereis begrip vir die dinamika van die volwassene-kind verhouding:

Leila Berg's perceptive writing illustrates the dilemma faced by adults in trying to honor the experience of children: [A woman] was watching a child build a sandcastle and not succeeding and found herself very surprised that the child didn't lose his temper; almost she decided to help the child. Much later, still thinking about the child's surprising self-control, she suddenly realised that the child wasn't building a sandcastle at all—but that she, the adult, assumed that was what he was doing and therefore he was failing. If we look at the children from the height of the little hill we have captured, they are bound to seem unsuccessful adults. Unfortunately, we have the power to act on our arrogant and mistaken assessment of the situation, and generally do so.

So we hurry on, desperately trying to organise the chaos that is building up in our own untranquil mind, listening only to what the child would mean if he were adult and not to what the child is saying" (Flavel & Francis 1993:159 in Joy 1999:153).

Daar word eers 'n konsultasie met die nie-oortredende ouer/toesighouer(s) gehou, alvorens die gesin by die sessie betrek word. Dit help om die aanvanklike gevoelens van skuld, ongeloof, woede en hartseer te hanteer, sonder om hierdie volwasse emosies en ervarings op die kind te reflekteer (Joy 1999:153).

- Die gevolge van die mishandeling op die kind word binne die konteks van die kind se ervaringswêreld bespreek. Die gebeure, die reaksies van gesinslede, die intervensies van ondersoekspanne en verwagtinge ten opsigte van skoolprestasie, is hier ter sprake.
- Die ontwikkeling van die betekenis van die politiek van seksuele kindermishandeling moet in ag geneem word. Kinders kan dan self die antwoorde op hulle vrae ontdek:
  - Is dit my skuld?
  - Hoekom het dit gebeur?
  - Het ek dit verdien?
  - Was ek die oorsaak?
  - Hoekom het dit met my gebeur?
  - Hoekom het ek stilgebly? (Joy 1999:154).

Kinders moet deur die proses van eksternalisering, afstand van skuld en skaamte kry. Hulle word aangemoedig om hulle ervarings op so 'n manier te deel, dat dit in ooreenstemming met hulle ontwikkelingsvlak is: "...enabling their feelings, ideas and meanings made, to be acknowledged and respected" (Joy 1999:154).



Eensyds moet die kind die geleentheid kry om die erns, verskrikking en verwarring van die gebeure te vertel, maar andersyds moet 'n *gesprek wat met positiewe energie gelaai is, gekonstrueer word.*

- Kindermishandeling verbreek grense en skend privaatheid en vertroue. Dit bemoeilik die verbintenis wat met kinders aangegaan word.

How do we respect personal boundaries that have been violated and disrespected by abusive others, while at the same time open up opportunities for the effects of abuse to be addressed? (Joy 1999:154).

Die verbintenis wat met die kind aangegaan word, is 'n deurlopende deel van die terapeutiese proses. Joy (1999:155) lê swaar klem op hierdie verbintenis:

I regard 'engagement' as a process of building and maintaining a therapeutic relationship, which requires continual attention to details, as is required for the development and maintenance of any caring and respectful relationship.

Eers word daar 'n verbintenis met die kind as individu en dan met mekaar oor die probleem, aangegaan. 'n Vraag wat die kind verwar of deurmekaar maak is: "Is dit my skuld?"

- Kinders word meestal deur mense wat vir hulle lief is, misbruik. As die kind nog nie daarin geslaag het om die probleem te eksternaliseer nie en nog met selfhaat en selfblaming worstel, moet die terapeut baie sensitief wees. Dis 'n kwessie van konflik tussen haat en liefde.

Joy (1999:160) noem die voorbeeld van Simone. Sy is gevra hoe sy sal voel as sy moet ontdek dat sy nie skuld aan die mishandeling het nie. Sy het onomwonde geantwoord dat sy haar pa sal haat.

Joy het toe nie daarop ingegaan nie, maar eerder op die positiewe in die gesin en haar pa gefokus. "In this context she was able to include some descriptions of what she didn't like about her father" (Joy 1999:161). Die gesprek het eerder die klem op gedrag as persoonlike kwaliteit laat val.

Hoe meer die kind in staat is om tussen haar pa as persoon, en sy negatiewe gedrag teenoor haar, te onderskei, hoe veiliger sal sy voel om haar gevoelens ten opsigte van die mishandeling uit te druk.

'n Gevoel van skaamte ontwikkel uit die kind se persepsie dat sy vir die misbruik verantwoordelik is, vanweë 'n onvermoë om dit te voorkom. Die gevoel ontstaan dus dat sy dit verdien. Hierdie skaamtegevoel kweek en voed weer die oortuiging dat sy niks werd is nie. Dit lei tot minagting van die self en 'n walging in die misbruikte dele van haar liggaam. "Shame needs to be addressed in the context of the politics of abuse" (Joy 1999:162).

Joy (1999:162) vertel van Teresa (tien jaar), wat seksueel deur haar pa en broer mishandel is. Alhoewel Teresa haar op baie maniere probeer beveilig en van die probleem probeer ontsnap het, het dit vir haar gevoel of sy in 'n web vasgevang is en nie kan loskom nie. Teresa is aangemoedig om te vertel wat haar storie oor haarself en hulle wat haar misbruik het, inhou.

Sy het op 'n witbord 'n gedetailleerde uiteensetting gegee en met gekleurde penne, dit omkring wat haar toekom en dit wat aan haar pa en broer behoort. Dit wat haar toekom, was die volgende:

- 'n klein mensie wat baie moed, te midde van vrees en verwarring, aan die dag moes lê;
- slim planne wat haar in staat gestel het om insidente van mishandeling vry te spring;
- dade van weerstand wat baie moed en beslistheid gevra het; en

- haar afkeur aan die mishandeling.

Die volgende, wat aan haar broer en pa behoort het, is omkring:

- wanbalans ten opsigte van mag;
- misbruik van mag;
- veragtelike idees;
- afskuwelike dade;
- afknouery;
- geweld;

Hierdie proses het Teresa gehelp om haarself van die mishandeling te distansieer. "It was safe therefore to invite her to begin to take a position about the abuse by applying her own values and making judgements" (Joy 1999:163).

'n Baie belangrike saak wat elke pastor moet onthou, is dat die openbaarmaking van seksuele mishandeling soveel aksies, reaksies en beskuldigings tot gevolg het, dat dit die aandag van die probleem kan aftrek. 'n Duidelike prentjie van die oortreder en die uitwerking van die oortreding op die hele gesin en uitgebreide familie, mag nie uit die oog verloor word nie.

Joy (1999:168) beklemtoon dat mishandeling 'n keuse ten opsigte van houdings en waardes is, eerder as wat dit iets met die ander persoon te doen het. Die drie belangrike waardes wat Joy (1999:168) noem, is *respek*, *verantwoordelikheid* en *beskerming* teenoor iemand anders. Iemand wat mishandel, tree sonder respek op, is onverantwoordelik en buit iemand anders uit.

Children are never passive in the face of abuse. They put enormous effort into making meaning of what is happening to them and deciding what action to take as a response. It is important that their stories of courage, determination, resistance, innovation, and concern for others, are elevated and celebrated as acts of heroism” (Joy 1999:169).

## 7.2 Navorsingsevaluering en refleksies






- Dit is en bly 'n geweldige ervaring om met kinders in gesprek te tree. Kinders is goeie leermeesters. Hulle leer ons dat volwassenes dikwels van hulle verwag om hulle eie behoeftes laaste te stel. Dit word bevestig deur hulle neiging om mishandeling geheim te hou en die verantwoordelikheid self te probeer dra. “Sadly, their efforts to live up to adult expectations are frequently overlooked or unappreciated” (Joy 1999:169). Ek onderskryf Joy se siening en ek leef in 'n kultuur wat die behoeftes en ervaring van volwassenes bo dié van kinders uitlig. Hierdie feit moet deur pastors verreken word.
- Kinders is altyd bereid om te vergewe en 'n mens nog 'n kans te gee. Hulle nooi jou uit om blind vir die bevoordeelde magposisie van 'n volwassene te wees, net sodat jy hulle kinderwêreld kan betree en in hulle skoene kan staan.
- Ek het die eksternaliseringsgesprekke van White en Freedman & Combs, effektief in terapie met kinders gevind. Joy (1999:170) stel dit soos volg:

It has the benefit of facilitating an active partnership between the child and therapist, whilst making manageable the complicated task of deconstructing the politics of abuse, to address feelings of responsibility and shame.

Die benadering van Müller gee aan die narratiewe 'n pastorale dimensie. Die waarde wat die kind en gesin by God geniet, mag nooit uit die oog verloor word nie.

Die magswanbalans van mishandeling mag nooit onderskat word nie. In Joy (1999:170–171), wys 'n kind dit mooi uit. Dit word woordeliks weergegee om nie die essensie daarvan verlore te laat gaan nie.

She used it loudly and clearly to describe, in her own unique way, her experience of the power imbalances. This helped me understand, in a new way, some of what it is like for a child to find themselves tricked and then trapped in a sexually abusive situation.

Before the abuse my brain was running happily.	
When the abuse was happening my brain was very worried. I couldn't think.	
Their brains were travelling easy.	
After the abuse my brain was confused and afraid.	
Now, my brain travels happily for a while and then it gets a bit confused. This makes me sad. I want to get rid of all their dirty tricks, and I'm going to too. (and she did!)	

### 7.2.1 Dit wat my sal bybly

Die volgende opmerkings is van belang vir terapeute wat met kinders en hul gesinne werk (Morgan 1999:231–232):

- **Magsverhoudings tussen volwassenes en kinders:** Die inherente versteurde magsbalans tussen volwassenes en kinders, skep maklik die teëlaarde vir kindermishandeling. Hierdie versteurde magsbalans het negatiewe beheer oor 'n kind se lewe en moet beperk word. Dit sal verdere navorsing verg.
- **Terapie met kinders en volwassenes saam:** Die terapeut sal homself moet kan verantwoord in watter mate die kind se voorkeure, wense en stem in gesprekke saam met die gesin, gehoor behoort te word. Die kind is volledig deel van 'n gesin en moet gehoor en gesien word. Die pastor neem 'n posisie van kalmte, respek en liefde in. Kinders kan hulle eie probleme oplos en dominerende verhale en idees wat hul moonlikhede strem, dekonstrueer.
- **Ek hoef nie die antwoorde te hê nie:** Dis 'n ervaring om nie heelyd in terapie te wonder wat jy as terapeut moet doen nie. Die terapeut hoef nie eens al die antwoorde te hê nie. Morgan (1999:12) verwoord dit so: "I appreciated more fully the idea that the 'answers' to their concerns were already available in the subplots of their lives. I was looking out for the 'unique outcomes' to provide the doorway into these subplots."
- **Die nie-ekspert-posisie en unieke uitkomst:** Al wat die pastor te doen staan is om die ryke beskrywing van die alternatiewe storie te fasiliteer deur dit te identifiseer en meer daaroor uit te vra met 'n gesindheid van belangstelling en omgee. Die gespreksgenoot is die kenner en die pastor is soos 'n wildjagter opsoek na unieke uitkomst.

- **Die dekonstruksie van dominante verhale is belangrik:** Dominante verhale het die potensiaal om mense se lewens kragdadig te beïnvloed en te vorm. “It reminds me to constantly reflect on the question ‘Who owns the problem?’ and examine the dominant cultural practices and ideas that are contributing to this person being referred to me for ‘help’”(Morgan 1999:13). Die terapeut moet daarteen waak om nie dominante verhale in die gesprek te ondersteun nie.
- **Slotgedagte:** Met die inhandiging van hierdie proefskrif wil ek in die woorde van Morgan (1999:14) my belewenis en deernis met mishandelde kinders verwoord:

These stories are special because they remind me that I don't have to know the answers to people's problems to be helpful. They remind me of the resources, skills and talents, that become more available to people when they are invited into re-authoring conversations. Remembering these stories and the knowledge that people are experts in their own lives, adds to a sense of excitement when I meet with people—I'm excited by what I might learn from them and excited by their strengths and abilities. I look forward to them.

## Opsomming

In hierdie proefskrif word die pastorale begeleiding van gesinne waarin kindermishandeling voorkom, nagevors.

Die navorser het toenemend met gesinne waarin kindermishandeling voorkom te doen gekry. Daar bestaan by pastorale werkers (almal wat op een of ander wyse pastorale hulp verleen) onsekerheid en onkunde oor die begeleiding van hierdie gesinne. Daar bestaan ook 'n behoefte aan 'n pastorale benadering, aangesien kindermishandeling nog altyd binne die maatskaplike en psigologiese studievervelde geressorteer het.

Samelewingsprobleme, soos geweld, immorele dade en emosionele probleme gee dikwels tot kindermishandeling aanleiding.

Hierdie studie neem die narratiewe benadering as uitgangspunt en wil aan die hand van enkele gevallestudies, op die bruikbaarheid van die narratiewe benadering reflekteer. Die mens word binne sy lewensverhaal en konteks verstaan, want die praktiese teologie as handelingswetenskap, kies sy uitgangspunt in die ervaringswêreld van mense en die situasie van die kerk in die samelewing.

God het die mens as Sy verteenwoordiger en as kroon van die skepping gemaak. Met die sondeval het daar 'n skeiding in al die mens se verhoudings gekom. In sy genade rig God 'n verbond op waarin Hy homself aan die mens verbind. Die pastorale perspektief maak erns met die verhaal van 'n handelende Verbondsgod wat verlore mense red en in die versoeningswerk van Jesus Christus, Sy oneindige liefde vir die sondaar bewys.



Die Koninkryk van God kry in elke mens gestalte as die mens die waardes van die Koninkryk erken en daarvolgens lewe. Die waardes is liefde, geregtigheid, vrede en hoop. In die gesin waarin kindermishandeling plaasvind, ontbreek hierdie waardes dikwels, want mishandeling is teenstrydig met God se plan vir die gesin en kinders. Deur die simbiotiese werk van die Heilige Gees word die mens in nood op die toekoms gerig, met hoop, nuwe groeipotensiaal en oorwinning.

Die navorsing toon dat 'n gesin wat met sy noodstorie van mishandeling weer oor die toekoms, onder leiding van 'n bekende God begin droom, in die hede weer liefde, vrede, duursaamheid en veiligheid kan vind.

Die benaderings van Müller en Freedman & Combs, asook die benutting van die genogram, stel pastors in staat om, saam met die gesin waarin kindermishandeling voorkom, dominante verhale te dekonstrueer en 'n nuwe realiteit te konstrueer.

## Summary

This dissertation reports on a study of the pastoral counselling of families in which child abuse occurs.

As research progressed, the researcher came into contact with increasing numbers of such families. Many pastoral workers (this includes all those who render pastoral assistance of some kind) are not adequately qualified to work with these families, and their lack of knowledge gives rise to uncertainty. There is also a need for a pastoral approach, since child abuse has always fallen with the specific fields of study of Social Science and Psychology.

This study is based on the narrative approach and reflects on its usefulness by referring to a number of case studies. Since practical theology as an active science chooses as its point of departure the world as experienced by individuals, and the role of the church in society, man is viewed in the context of all his life experiences or his personal history.

God created man as His representative on earth and as the pinnacle of His creation. The Fall resulted in the disintegration of man's relationship with God and with his fellow men. In His mercy God established a covenant, binding himself to mankind. The pastoral perspective is serious about this God of the Covenant who acts to save those that are lost and who, through the redeeming work of Jesus Christ, demonstrates His boundless love for sinners.


